DIE VRYE AFRIKAAN
Um-Afrika oKhululekileyo | Vir Afrika se gemeenskappe | For Africa's communities | Pour les communautés de l'Afrique
www.vryeafrikaan.co.za 16 September 2005

Kwaad maar kwesbaar, versigtig en vervreem

WAT GAAN ONDER DIE AFRIKANERS AAN? HOE LYK HIERDIE GEMEENSKAP WAT TOENEMEND POST-NASIONAAL OOR HAARSELF IN 'N AFRO-NASIONALISTIESE SUID-AFRIKA BEGIN DINK?

Deur Hermann Giliomee en Lawrie Schlemmer*

Die Suid-Afrikaanse politiek is dikwels deur groot omstredenheid gekenmerk. Dink maar aan die woelinge tussen 1914 en 1915 toe die Nasionale Party gestig is, die Samesmelting in 1933-34, die twiste tydens die Tweede Wêreldoorlog en die skeuring tussen die NP en Konserwatiewe Party in die vroeë 1980's. Om nie te praat van die onstuimighede van die 1990's nie. Afrikaners het nie in hierdie tyd gehuiwer om sterk en soms radikale kritiek op die regerende party uit te spreek nie. Die NP-bewind het die unieke ervaring gehad dat Afrikaanse meningsvormers van links en regs dit aangeval het.

Ná die oorgang in 1994 het dinge verander. Met die uitsondering van twee koerantredakteurs, Izak de Villiers van *Rapport* en Ebbe Dommisse van *Die Burger*, het skerp kritiek op die regering gekom van 'n baie klein groepie Engelstalige liberaalgesindes, links-radikales en meningsvormers of vakbondleiers.

Intussen het die landskap ten opsigte van taal, kultuur en werksgeleenthede radikaal verander. 'n Derde van die Afrikaanse enkelmediumskole is tot parallel- of dubbelmediumskole getransformeer, en ongeveer dertig het heeltemal verengels.

Al die universiteite het Engels ingevoer. By die Universiteit van Stellenbosch (US), wat die beste langtermyn-vooruitsig het om Afrikaans te bly, is na skatting 'n derde van die voorgraadse kursusse en heelwat meer as die helfte van die nagraadse kursusse in Engels. Die wêreldvreemde argument is hier gehoor dat 'n universiteit net moet kennis oordra, en dat die voertaal waarin hy dit doen nie ter sake is nie. By die Universiteit van Pretoria (UP), wat die meeste Afrikaanse studente het, het die gebruik van Afrikaans as voertaal dramaties gedaal. In die geesteswetenskappe is dubbelmedium dikwels gekies, wat feitelik die uitrangering van Afrikaans beteken.

Dit is duidelik dat UP se bestuur doelbewus die taalbeleid so vaag geskryf het dat ander doelstellinge prioriteit geniet. Die noodsaak om swartes ter wille van rassetransformasie op te neem, het hom laat geld, maar ewe belangrik - ook in die geval van US - was die prioriteit om Engelstalige topstudente en -dosente te trek. (Tog is daar by sekere universiteite 'n taalwil ongeag minder gunstige omstandighede wat agting afdwing. Ons dink veral aan die Universiteit van die Vrystaat en die Potchefstroomse kampus van die Noordwes-universiteit, oftewel die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.)

Plek-plek in die media is selfs die naam Afrikaner laat val. In die plek daarvan het die lompe term "Afrikaanses" gekom (kyk kassie).

In weerwil van hierdie omwentelinge het Afrikaanse meningsvormers op enkele uitsonderings na 'n lae profiel gehandhaaf. Daar was egter wel 'n handjievol prominente Afrikaanse meningsvormers, wat omtrent almal noue bande met die vorige regerende party gehad het, wat simpatiek op die skuiwe van die nuwe regering gereageer het.

Een van hulle het in die eerste jare van die oorgang die nou welbekende mening uitgespreek dat al die praatjies oor die afskaal van Afrikaans hom aan 'n glas lou bier op 'n somerdag laat dink. Hy het ook gewaarsku dat die praatjies oor minderheidsregte tot ondermynende bedrywighede kan neig.

Die Afrikaanse sakeleiers het tot hul eie verstandhouding met die nuwe bewind gekom. In 2000 het 34 Afrikaanse sakeleiers die regering geprys vir die wyse waarop hy "'n wedersyds voordelige verhouding tussen die staat, die sakewêreld, georganiseerde arbeid en die gemeenskap" moontlik gemaak het. Die vraag is waarom hierdie sakeleiers ooit as *Afrikaanse* sakeleiers na die regering gegaan het. In hulle verklaring word daar geen woord gemeld van die Afrikaanse taal en Afrikaanse skole nie.

Dit herinner 'n mens aan die waarneming van

* *Onderskeidelik historikus en skrywer van* Die Afrikaners *(Kaapstad: Tafelberg, 2004), en politieke sosioloog en direkteur van die Helen Suzman-stigting*

Alexis de Tocqueville dat minderhede slegs deel van die meerderheid kan word as hulle die dinge laat vaar wat werklik vir hulle as minderheid belangrik is en wat tussen hulle en die meerderheid konflik skep.

In 2004 het 'n groep van 112 Afrikaans-sprekende sakelui en rektore Pres. Mbeki geluk gewens met sy klinkende oorwinning in die algemene verkiesing. Die groep se verklaring het die oortuiging uitgespreek dat Mbeki se tweede termyn gekenmerk sal word deur "'n verdieping en verbreding van demokrasie en ekonomiese groei", en bygevoeg: "U het dit vir alle Suid-Afrikaners, insluitende ons as Afrikaans-sprekendes, moontlik gemaak om tuis te voel in ons land en welkom in Afrika en die wêreld."

Uiteraard is die regering, en veral Pres. Mbeki, diep dankbaar oor hierdie blyke van solidariteit. In die *Mail & Guardian* van 18-24 Februarie 2005 word die Hoof Uitvoerende Beampte van wat die koerant beskryf as "a prominent media and publishing house" aangehaal dat Mbeki van die standpunt uitgaan dat dit belangrik is om die wit sake-elite agter hom te verenig "aangesien hulle die mense is wat die oorgang kan opponeer".

Die gebare van welwillendheid tussen Afrikaner- en Afrika-elites het neerslag gevind in 'n onlangse besprekingsdokument van ANC (1). Hierin is die Afrikaners se "inheemse" patriotisme gunstig met die van die liberale Engelsprekendes vergelyk. Volgens die dokument het die Afrikaners "a different emotional, psychological and material relationship to Africa and South Africa compared to other whites." Hulle omhels die "new South Africa more readily than English-speaking whites."

In skerp teenstelling met hierdie verbroedering op die vlak van die wit sake-elite en die swart politieke elite het omtrent al die Afrikaanse dosente hulle aan die openbare politieke gesprek onttrek. Afrikaanse koerante doen nog redelik volledig oor politieke verwikkelinge verslag, maar terwyl die dekking dikwels meer volledig en professioneel is, is hulle sekerlik nie meer krities op die regering ingestel as hul Engelstalige eweknieë nie.

Teen hierdie agtergrond word die vraag deesdae gevra: Het die meeste Afrikaners nie miskien die huidige politieke opset begin aanvaar of selfs begin steun nie?

Dit sal egter 'n mistasting wees om ja op hierdie vraag te antwoord. Veel eerder het ons hier 'n geval van meningsvormers wat geen of baie min steun op die grondvlak het. Daar is onder die Afrikaners die sindroom van volgelinglose "leiers" en leierlose volgelinge.

Wat die Afrikaanse kommentators en meningsvormers nie doeltreffend oordra nie, is die feit dat vervreemding en wantroue tussen gewone Afrikaners en die ANC-regering veel dieper is as by hul wit Engelstalige landgenote.

Die volgende uittreksels uit mede-outeur Schlemmer se landwye opnames in 2004 gee daarvan 'n aanduiding (persoonlike onderhoude onder 'n verteenwoordigende steekproef van 2250):

Reaksies op die regering/ANC	Wit	
	Afr	Eng
Min of geen belangstelling om te stem	30%	15%
Keur ANC af	73%	56%
Afkeur in die ANC-NNP alliansie	69%	44%
Sterk bewondering vir uitgesproke DA leier, Tony Leon	52%	32%
Sou vir die ANC stem	0,7%	1,2%
Ontevrede met regeringsbeleid in die algemeen	75%	66%
Eie lewe het oor die afgelope 5 jaar versleg	59%	35%
Ontevrede met rasseverhoudinge en versoeningsbeleid	66%	48%
Steun 'n sterk kritiese perswese	48%	23%
Regering 'probeer nie sy bes vir mense soos ek nie'	71%	49%
Witmense en/of Afrikaners word verwaarloos	45%	9%
Opposisie behoort sterk krities ingestel te wees	83%	88%
Gekant teen regstellende aksie en transformasie	80%	70%

Die sterk afkeuring van die ANC-regering in die bevindinge hierbo kan nie net aan die sosio-ekonomiese omstandighede van Afrikaners toegeskryf word nie. Afrikaners is wel nie heeltemaal so welaf en so goed opgevoed as hul Engelssprekende 'rasgenote' nie, maar die verskille is werklik nie dramaties nie. Die profiel van die volwassenes in die twee groepe in laat 2003 lyk soos volg (Bron, SA Advertensie-navorsingstigting, 'AMPS'-opname 2003B, steekproef 25 000 landwyd):

	Wit	
	Afr	Eng
Mediaan bruto huishoudelike inkomste	R8 750	R10 500
Na-matriekse kwalifikasies	20%	27%
% in die twee hoogste lewenspeilgroepe (LSM 9/10)	56%	62%
Twee of meer motors in huishouding	46%	50%
Kan bekostig om jaarliks geld te spaar	51%	49%

Die redes vir die beduidende politieke verskille tussen Afrikaners en wit Engelssprekendes moet dus elders as in hul maatskaplike omstandighede gesoek word. Die grootste enkele rede is waarskynlik die feit dat Afrikaners sedert 1994 baie meer as die Engelsprekendes moes prysgee; onder meer loopbaangeleenthede in die staatsdiens, formele erkenning van en eerbied vir die Afrikaner-erfenis en geskiedenis, die plekname van talle dorpe is so in die gedrang dat die ANC die gerusstelling laat uitsaai het dat die name van Kaapstad en Johannesburg behoue sal bly (met die implikasie dat al die ander name in gedrang is). Selfs Pretoria, wat vir die meeste Afrikaners 'n besondere betekenis het, dreig om te sneuwel.

Hiermee hou dit nie op nie. Daar is die redelik skielike afskaling van die Afrikaanse taal tot een van tien tale wat almal ondergeskik is aan Engels, wat tans

as die algemene en amptelike gebruikstaal uittroon, die 'transformasie' van geskiedkundige Afrikaanse universiteite en ander instellings, die inmenging in Afrikaanse enkelmediumskole en die algemene persepsie dat 'n nie-ANC gesinde Afrikaner nie meer 'n kans het om enige openbare pos met hoë aansien te beklee nie.

Die redes moet ook in aspekte van die politieke kultuur onder Afrikaners en wit Engelssprekendes gesoek word. Weereens gee die volgende uittreksels uit mede-outeur Schlemmer se meningsopnames 'n oppervlakkige maar bondige aanduiding van baie dieperliggende waardes wat die politiek raak:

	Wit	
	Afr	**Eng**
Voel bekommerd daaroor dat ek nie die sterkste politieke party kan steun nie	40%	24%
Voel dat 'n mens versigtig moet wees met kritiek op regering - 'n mens weet nooit	47%	37%
Voel ongemaklik indien my opinies van die van omliggende mense verskil	28%	6%
Mense van my groep behoort dieselfde politieke party te steun	53%	15%
Vind dit moeilik om partyleiers wat nie van my groep is te steun	40%	13%
Sal my politieke party steun al verskil ek van baie van sy besluite	46%	15%

Die spesifieke inhoude van die individuele vrae is eintlik heelwat minder belangrik as die meer algemene neiging onder gewone Afrikaners wat in die hele reeks resultate weerspieël word. Die patroon van die response dui onomwonde op die volgende: Die Engelssprekendes is baie meer gemaklik om as *individue* in die politiek op te tree en is nie besonder daardeur gepla indien hulle polities op die rand staan of geïsoleer is nie.

Die kontras met Afrikaners is skerp. Afrikaners het 'n beduidend groter behoefte aan politieke solidariteit en samehorigheid as wat die geval is onder wit Engelssprekendes. Van die antwoorde in die reeks dui oppervlakkig gesien op oorblyfsels van rassisme. Dit is egter beslis nie die geval nie - die bruin politikus Patricia de Lille is onder Afrikaners die tweede gewildste politieke persoonlikheid, kort op die hakke van Tony Leon. Mangosutho Buthelezi word ook beduidend positief gewaardeer.

Hierdie onderliggende reaksiepatrone by Afrikaners kan toegeskryf word aan die dekades-lange blootstelling aan die waardes van 'n eie staat onder 'n dominante politieke party, wat teen die begin van die 1970's deur meer as vier-vyfdes van die Afrikaners ondersteun is. Met die Nasionale Party aan bewind was dit vir die Afrikaners onnodig om enige besondere individuele toewyding aan hul eie kultuur en identiteit te betoon. Taal en kultuur was alles in die staatsvorm ingesluit - konformiteit was al wat eintlik van die gewone individu verwag is.

Die gevolg is dat Afrikaners na 1994 dit baie moeiliker as Engelssprekende minderhede gevind het om as individue aanpassings te maak en hul status as 'n etniese minderheid te aanvaar. Hulle weet ook nie hoe om vanuit die posisie van 'n minderheid sonder enige politieke mag hulpbronne vir hul taal en kultuur te mobiliseer en teenstand te bied teen optredes van die ANC wat teen die gees van die demokrasie en billike regstellende aksie indruis nie.

Afrikaners skram onwillekeurig daarvan weg om hulle as 'n etniese minderheid te posisioneer. Hulle weet nie hoe om maatskaplike netwerke en maatskaplike kapitaal ten behoewe van 'n etnies gemobiliseerde groep aan te wend nie. En omdat hulle nie kan of wil mobiliseer nie, is hulle kwesbaar en onseker. Hulle trek hulself dus terug, al is daar by hulle nog steeds 'n sterk behoefte aan politieke samehorigheid en 'n politieke 'gemeenskap' waarin hulle tuis voel. Onwetend en onbedoeld raak hul eie dilemma al groter. As groepsmense het hulle die behoefte aan solidariteit, maar as individue wil hulle graag byderwets, verlig en bevry voorkom.

Dit is veral in die kerkleierskap waar hierdie sindroom voorkom. Die Belhar-belydenis is 'n turksvy wat net opgelos kan word van onder af boontoe, nie andersom nie. Die NGK-leiers het tussen 1935 en 1986 hulle eie teologiese skoling versaak deur die ideologie van apartheid te omhels.

Behalwe Bennie Keet en Ben Marais was daar min afwykende stemme in die kerk. Die mees kompromislose stem was dié van James Oglethorpe, 'n Stellenbosse student wat gestudeer het om sendeling te word. In 1947 het hy in *Die Stellenbosse Student* geskryf dat dit in die lig van die swart getalsoorwig begryplik is dat die Afrikanervolk die segregasiebeginsel wil gebruik as die laaste wapen om sy reg om te kan voortbestaan, te verdedig. Die kerk kan egter nie hiermee saamgaan nie. Die kerk moet heel eerste die beginsels van "liefde en die broederskap van nasies" nakom. Doen hy iets anders, is "die tragiese feit dat die Kerk sy kosbaarste besitting, die geloof, prysgegee het". Dit was die versiende woorde van Oglethorpe.

Teen die middel van die 1980's het die NGK-leiers weer hulle eie geloof probeer vind. Maar hulle is kwalik die regte mense om nou weer Belhar aan die lidmate in die algemeen te probeer verkoop. Hoekom sal die lidmate daarvan oortuig wees dat hulle nou skielik die regte pad gevind het? Moet versoening en die herbesinning oor die Belydenisskrifte nie liewer op die vlak van die gemeente begin nie?

Tans soek die Afrikaners nie meer die leiding van die kerk in politieke sake nie. Hulle vermy die kleiner behoudende partye soos die Vryheidsfront+ naarstiglik. Aan die ander kant ervaar hulle die ANC se rasgebaseerde en rasgeobsedeerde bevrydingskultuur as 'n bedreiging wat direk teen hul histories Europese kultuurmaatstawwe indruis. Hulle is geneig om die Afrikaanse sakelui se gevry na die President se guns af te maak as witvoetjiesoekery ten einde hul onderskeie maatskappye te beskerm.

Hulle reageer met stomme verbasing op die "polities korrekte" kommentaar wat soms in die media oor sleutelkwessies voorkom - die US-taalbeleid, Mikro-hofsaak en die Bram Fischer-eregraad is maar enkele gevalle. Daar is ook 'n groot behoefte aan ernstige en indringende beriggewing oor kwessies soos grondhervorming, die rugby- en krieketpolitiek en

grondwetlike aangeleenthede. In teenstelling hiermee word op opvoedkundige gebied voortreflike werk gedoen deur Anastasia de Vries en Alet Rademeyer.

Te midde van al hierdie onsekerhede en gevoelens van kwesbaarheid, skaar die meeste Afrikaners hulle tans by die DA, wat minstens die gerusstelling van getalle bied, en wat boonop ’n sterk leier het wat hulle vrese onverskrokke kan verwoord.

Die tragedie by die post-1994 Afrikaners is dat die meeste van hul intellektuele leiers presies dieselfde krisis ervaar het. Hierdie leiers se reaksie was om soos die Joodse intellektueles in die VSA gedurende die 1940’s en 1950’s van hulle eie groep weg te vlug in ’n poging om die skade vir hulself te beperk of hul eie spesifieke vooruitsigte of loopbaan te bevorder.

Deesdae is talle leiers skrikbevange besig om ’n beeld van politieke korrektheid te projekteer. Dit lyk amper of hulle daarmee die standpunte wat hulle voorheen in hul eie gemeenskap gestel het, wil kanselleer. Baie mense sien in hierdie reaksie skuldgevoelens oor apartheid, maar dit is meer waarskynlik op eie oorlewing gemik.

Die ontvlugting van die intellektuele leier het vir die gewone Afrikaner en sy kultuur amper noodlottige gevolge. Sonder leiers kan die gewone man en vrou op voetsoolvlak nie die snelle veranderings in die politieke omgewing verwerk en ’n nuwe grondslag vir die herintegrering en verruiming van die Afrikaanse kultuur vind nie.

Ironies genoeg is daar binne letterkundige en kreatiewe velde getuienis van ’n sterk kultuur-oplewing. Op die vlak van die burgerlike organisasie en die vaardighede wat daarmee gepaard gaan, is daar egter kwalik enige vordering. Bo en behalwe “transformasie” het die Afrikaners se akademiese, kerk- en sakeleiers die “volk” feitlik kaalgestroop in navolging van hul eie agenda en belange.

_____

(1) “The National Question”, http://www.anc.org.za/ancdocs/ngcouncils/2005/nationalquestion.html

Watter wêreld wil ons hê?

4 jaar ná 11 September

Hierdie uitgawe van *Die Vrye Afrikaan* verskyn teen die agtergrond van twee geskiedkundige datums: die vierde herdenking van die terreuraanvalle van 11 September 2001; en die sestigjarige herdenking van die stiging van die Verenigde Nasies (VN), wat van 14 tot 16 September gevier is met 'n lankverwagte spitsberaad oor die broodnodige hervorming van die VN. Eersgenoemde datum verteenwoordig die voorspelbare hel van (Amerikaanse) unilateralisme, en laasgenoemde die brose hoop van multilateralisme, oftewel 'n wêreld waar een vir almal voorskryf, of waar almal saam probeer besluit.

Sedert die Val van die Berlynse Muur, is die planeet toenemend gekonfronteer met die vraag na watter wêreld ons wil hê. Gedurende die 20ste eeu het drie groot ideologieë teenoor mekaar te staan gekom: die nasionalisme, die kommunisme en die liberalisme.

Die massiewe industrialisasie waaraan die huidige G8-lande vanaf 1850 onderwerp is, het die mate waartoe idees in die praktyk uitgevoer kon word, tot ongekende uiterstes gevoer. Dit het aanvanklike enorme idealisme in hierdie lande ontketen, wat in die grootste sinisme geëindig het ná die nasionalistiese Wêreldoorloë van 1914 en 1939, asook die miljoene mense wat onder kommunistiese regerings gesterf het. Die mens is soos nog nooit tevore nie gekonfronteer met die vraag na die grens van sy denke en sy vermoëns, soos bedink deur reuse van die kaliber van Martin Heidegger, Karl Barth en Jacques Derrida om maar enkeles uit te sonder.

Die vreemde geluk wat die liberalisme in hierdie vreemde omstandighede te beurt geval het, is dat die afgryslike vergrype van die ander twee ideologieë sy eie donker kante verdoesel het. Maar met die Val van die Berlynse Muur, het die uur van die liberalisme soos nog nooit tevore aangebreek nie. Talle kommentators het voorspel dat 'n nuwe wêreldorde van menseregte, ekonomiese welvaart en vrede op hande is, waarvan Francis Fukuyama met sy verleentheidswekkende uitspraak dat ons aan die einde van die geskiedenis gekom het, sekerlik die berugste is.

Maar ook die liberalisme deur 'n ramp getref: wesenlik konserwatiewe partye, soos die Republikeine in die VSA, is besig om in die naam van die liberalisme met 'n neo-liberale agenda die liberalisme self te verraai. Die liberalisme van 'n John Stuart Mill of John Rawls kwalifiseer altyd my vryheid met die vryheid van andere, en handhaaf ook die beginsel van herverspreiding ter wille van die materiële welsyn van die ander. Die neo-liberale verskraal vryheid egter tot die vryemark, in so 'n mate dat daar van andere se vryhede al hoe minder sprake is en 'n mens van *libertarianism* moet praat. Die reuse ekologiese krisis en die groeiende irrasionele geweld in die wêreld is van die simptome hiervan.

Natuurlik sou dit absurd wees om die drie groot ideologieë van die 20ste eeu vir al die euwels van ons tyd te verwyt. Die nasionalisme se sin vir gemeenskap, hoe problematies ook al, is onontbeerlik in 'n ontheemde wêreld. Die kommunisme se insig in maatskaplike uitbuiting bly een van die groot motiewe van die wêreldgewete. Die liberalisme se klem op vryheid vra om dringend herlees te word vir 'n nuwe tydvak, veral rondom die vryhede van gemeenskappe, waarsonder geen individue ook kan bestaan nie.

Wat ook duidelik is, is dat die brute magspolitiek waaraan die Bush-koalisie hul eie land en die res van die wêreld onderwerp, onvolhoubaar is en die demokrasie self bedreig. Die planeet het geen ander keuse nie as moeisame multilateralisme. Maar om dít te laat slaag, is 'n nuwe sin van kollektiewe lotsverbondenheid vandag nodig, soos ook die onontbeerlike erkenning dat die eie gemeenskap die toegang tot die universele is, en die universele slegs leef daar waar dit binne 'n eie tradisie, taal en geskiedenis beliggaam word.

Dít is die politiek van die toekoms.

LE MONDE diplomatique

Die Hervorming van die Verenigde Nasies

SESTIG JAAR GELEDE HET DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG SE GEKNEUSDE OORWINNAARS IN SAN FRANCISCO BYMEKAARGEKOM OM TE BESLUIT OP DIE STIGTING VAN 'N WÊRELDORGANISASIE WAT DAARAAN GEWY SOU WEES, SOOS WAT HENRY CABOT LODGE, AMERIKAANSE AMBASSADEUR AAN DIE VERENIGDE NASIES, DIT LATER SOU FORMULEER, NIE OM "ONS NA DIE PARADYS TE LEI NIE", MAAR MOONTLIK OM "ONS VAN DIE HEL TE RED".

Deur Samantha Power*

Franklin Delano Roosevelt was aan die spits van die Verenigde Nasies-projek, en toe hy dertien dae voor die San Francisco-konferensie te sterwe kom, moes Harry Truman dinge onder hande neem. Vergeleke met laasgenoemde word George W. Bush beskou as 'n wêreldreisiger. Truman het slegs een keer tevore na Europa gereis toe hy in die Eerste Wêreldoorlog geveg het. Maar dit het hom nie verhinder om die belangrikheid van die VSA se verbintenis tot die Verenigde Nasies te begryp nie. "Amerika, het hy verklaar, kan nie meer met eiewaan agter 'n denkbeeldige Maginotlyn bly nie (1)." Daar was te veel op die spel: "In 'n wêreld sonder so 'n instrument sou ons vir ewig onder die vrees van vernietiging gebuk gaan. Dit was vir ons belangrik om hierdie taak aan te pak, selfs al was hierdie begin nie perfek nie (2)."

Die tekortkomings van die Verenigde Nasies se stelsel het sedert sy stigting na vore gekom. Die organisasie was gebaseer op ooglopende teenstrydighede. Eerstens was die stigting daarvan noodsaaklik, want daar kon nie op gierige en strydlustige state gereken word om oorloë te vermy, om hulle burgers se regte te respekteer, of om die lyding van nasies buite hulle grense te verlig nie. Nietemin het die organisasie dieselfde egosentriese state die taak opgedra om die beginsels van die Verenigde Nasies te vestig.

Tweedens, net soos die Amerikaanse Grondwet gelykheid gehuldig maar slawerny gewettig het, het die Verenigde Nasies se Handves die reg tot selfbeskikking geproklameer en dekolonisasie aangemoedig, terwyl verskeie lidlande weerstand gebied het teen die afstanddoening van hulle kolonies (dekolonisasie het die aantal lidlande van 51 tydens die organisasie se stigting laat opskuif tot 117 twintig jaar later; daar is tans 191 lede).

Derdens het die Verenigde Nasies gelyke seggenskap verleen aan diktature en demokrasiëe, terwyl sy Handves standpunt ingeneem het deur by lidlande aan te dring om fundamentele menseregte en vryhede te respekteer. Vierdens was die VN net soos enige ander organisasie afhanklik van 'n gesagshebbende bestuur, maar is mag verleen aan 'n komitee, die Veiligheidsraad, wat gebuk gaan onder interne geskille en deur vyf permanente lede met wyd uiteenlopende politieke belange en stelstels oorheers word.

Die skynhoof van die organisasie, die Sekretaris-generaal, is benoem om slegs as "algemene administratiewe direkteur" te dien. Hy is die dienaar van die Nasies, soos wat sy ampstitel duidelik aandui: 'n "sekretariaat".

Vyfdens en laastens was die stigting van die VN gebaseer op die idee dat aggressie oor landsgrense heen - die hoofoorsaak van die Eerste Wêreldoorlog - die ernstigste bedreiging was waaraan die mensdom blootgestel is; die geskiedenis sou leer dat die ernstigste bedreigings van state kan kom wat die regte van hulle eie burgers binne hul eie landsgrense misken, of van terroriste wat hulle nie aan grense steur nie.

Die VN word sedert sy stigting bespotlik gemaak, maar die donkerste jaar in sy geskiedenis was 2004, wat deur sy Sekretaris-Generaal, Kofi Annan, as "*annus horribilis*" beskryf is. In werklikheid was dit in 2003 dat die organisasie die eerste tekens van 'n brutale ineenstorting beleef het toe die Verenigde State, hul magtigste lidland, saam met die Verenigde Koninkryk op die verdeelde Veiligheidsraad toegesak het om 'n oorlogsverklaring teen Irak te verkry.

Al het die besluit ten gunste van oorlog vir 'n kort oomblik voordelig voorgekom, het sekere Europeërs die konflik teengestaan. Hulle het gepoog om saam met die Amerikaners gemeenskaplike raakpunte te vind. Oorwining vir die Verenigde State: die Veiligheidsraad het vir 'n resolusie gestem wat die Amerikaanse besetting van Irak erken; oorwinning vir Europa: dieselfde Raad het dit aan mnr. Kofi Annan opgedra om 'n politieke missie van die VN na Irak te

---

* *Professor aan die John F. Kennedy School of Government by die Universiteit van Harvard; skrywer van* A Problem from Hell: America and the Age of Genocide*, waarvoor sy die Pulitzerprys in 2003 ontvang het.*

** *Uit Frans vertaal deur Christel Cattin <christelcattin@hotmail.com>*

stuur ten einde die magsoordrag na die Irakiërs te bespoedig.

Die Sekretaris-generaal het op byna geen stadium die indruk geskep dat hy 'n weiering van die Sekuriteitsraad sou kon teenstaan nie. En in hierdie spesifieke geval was hy so behep met die Amerikaners se beskuldiging dat Verenigde Nasies naamlik sy "relevansie" verloor, dat hy uit sy pad gegaan het om hulpvaardig te wees. In werklikheid het hy meer gedoen as om hulpvaardig te wees: hy het "die beste waaroor die VN beskik het" opgeoffer in die gestalte van sy ou vriend, Sergio Vieira de Mello, diplomaat en mees ervare nasiebouer in die organisasie. Elf weke na dié se aankoms in Irak, waar hy gepoog het om sy paradoksale mandaat uit te voer (hoe kan 'n mens tegelyk 'n besetting aanhelp én aftakel?), het de Mello en 21 ander mense in 'n selfmoordaanval omgekom.

In 2004 het dinge versleg. Dit het aan die lig gekom dat vredesoldate wat deur Marokko, Suid-Afrika, Nepal, Pakistan, Tunisië en Uruguay gestuur is, jong meisies in die Kongo en Liberië misbruik het. VN-amptenare wat verantwoordelik was vir die Kos-vir-Olie-program, wat daarop gemik was om Irakiërs aan die einde van die 1990's van kos te voorsien en wat 65 miljoen dollar vir die doel beraam het, is daarvan beskuldig dat hulle omkoopgeld ontvang het. Die Verenigde Nasies se Kommissie vir Menseregte, waarvan die voorsitterskap in 2003 deur Libië beklee is, het Soedan in 2004 herkies vir 'n mandaat van drie jaar, onderwyl 'n etniese menseslagtingsveldtog wat reeds tienduisende slagoffers in die land opgelewer het, in volle swang is.

Aan die begin van 2005, terwyl die organisasie 'n laagtepunt bereik het, het die Bush-administrasie aangekondig dat die volgende Amerikaanse ambassadeur aan die VN mnr. M. John Bolton sou wees. Die man erken nie die bestaan van internasionale reg nie, en het verklaar dat as die Verenigde Nasies "tien vloere sou verloor, dit hoegenaamd geen verskil sou maak nie".

Dit is geen wonder dat 'n joernalis tydens 'n mediakonferensie op 29 Mei 2005 aan die Sekretaris-generaal gevra het of hy nie dink dit raak tyd dat hy bedank nie. Mnr. Kofi Annan het nog altyd gekorswel met die afkorting van sy amp, "SG", wat hy as "Scape Goat" vertaal het. Nietemin, en in volkome teenstelling met sy karakter, het hy teruggekap: "Dis buite die kwessie"! En, inteendeel, belowe om hervormings aan te pak ter geleentheid van die VN se sestigste herdenkingsvierings in Septembermaand.

Die "hervorming van die Verenigde Nasies" is 'n debatsonderwerp wat in die algemeen niks bruikbaars opgelewer het sedert die organisasie se ontstaan nie. Maar die tema is nog nooit tevore met soveel wanhoop aangeroer as tans nie. In 'n organisasie waarin dit moeililk is om poste te bekom, maar onmoontlik om hulle te verloor, is verskeie hooggeplaaste sleutelpersone naby aan die Sekretaris-generaal afgedank. Hy het self aanbeveel dat die Kommissie vir Menseregte ontbind word, omdat dit vanweë sy toeganklikheid 'n verleentheid geword het, en om dit met 'n ingeperkte raad te vervang waarin slegs lande wat hierdie regte werklik respekteer, sittingsreg het. Duitsland, Japan, Brasilië en Indië het saam 'n blok gevorm met die doel om as permanente lede op die vergrote Veiligheidsraad sitting te verkry. Sommige Afrikalande staan ook tou daarvoor (3).

Dit is in die Verenigde State waar die stemme wat opgaan om vir 'n hervorming van die VN te pleit, die luidste en aanmatigendste is. Die beweegredes van die sogenaamde "hervormers" verskil. Die leier van die meerderheid in die Amerikaanse Kongres, mnr. Tom DeLay, wie se aanvalle op die VN-stelsel 'n geruime tyd reeds plaasvind, verwag van hierdie hervormings om die outonomie van die organisasie in te perk: "een van die grootste verdedigers van tirannie en verskrikking ter wêreld". 'n Kollega van mnr. DeLay, mnr. Henry Hyde, het onlangs 'n wetsontwerp voorgelê wat op 17 Junie deur die Amerikaanse Kongres aanvaar is en wat daarvoor voorsiening maak om die Amerikaanse ledegeld met 50% te verminder indien die organisasie in 2007 nie minstens 32 van die 46 voorwaardes wat deur Washington gestel word, aanvaar nie.

Die Bush-administrasie is met reg gekant teen hierdie wetsontwerp wat, volgens hom, die Verenigde State se invloed binne die VN "sou verklein" wanneer hy dit die nodigste sou hê, en - moontlik nog belangriker vir 'n regering wat die vermenigvuldiging van magte beoefen - omdat dit die president se gesag met betrekking tot buitelandse beleid sou ondermyn. Deur mnre. Delay en Hyde op 'n afstand te plaas, het die Amerikaanse regering die versoek van mnr. Kofi Annan om die Kommissie vir Menseregte te ontbind en die organisasie se bestuurs- en administrasiepraktyke te herorganiseer, in die openbaar ondersteun. Hy het 'n versoek gerig vir die samestelling van 'n "komitee van demokrasiëe" en vir die aanvaarding van 'n konvensie vir die stryd teen terrorisme. Eers wanneer hierdie veranderings geïmplementeer is, het die Amerikaanse leiers verduidelik, moet die Algemene Vergadering 'n debat aangaande die uitbreiding van die Veiligheidsraad onderneem. "Ons wil nie hê dat al die suurstof in die vertrek opgeneem word" deur 'n debat oor die Veiligheidsraad nie, meen die Amerikaanse Onderminister van Buitelandse Sake, mnr. Nicholas Burns.

Die Amerikaanse regering ondersteun die voorstel met die oogmerk om 'n permanente setel (maar nie die vetoreg nie) toe te ken aan sowel Japan, die tweede grootste bydraer tot die organisasie, as een ander land. Washington ondersteun ook die idee om "twee of drie" nie-permanente setels by te voeg. 'n Meer skouspelagtige aankoms van nuwe lede, meen mnr. Burns, sou nie "maklik wees om te verwerk" nie en sou hierdie orgaan, wat reeds sukkel om besluite te neem, verder kniehalter. Die Veiligheidsraad sou in so 'n geval na die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (NAVO) se moeilik regeerbare Raad van 26 begin lyk.

Hoe dit ook al sy, president George W. Bush het vaag gebly oor die kanse van Brasilië, Duitsland en Indië se kandidatuur. "Ons kan geen land se aansoek om deel te word van die Sekerheidraad teenstaan nie", het hy, nie heeltemal toevallig nie, op 27 Junie verklaar pas nadat hy die Duitse kanselier, Gerhard Schröder, ontmoet het.

Die gedagte aan hervorming is goed ontvang onder die VN se ampsdraers in New York. Aangesien die organisasie se reputasie afgekraak word in dieselfde land waar dit gebaseer is (hoe sou dit anders kon wees?). Dit weerhou nie die ouer personeellede, waaronder ervare amptenare van die glashuis, van skepsis oor die omvang van so 'n hervorming nie, aangesien die probleme wat die VN aantas, in baie gevalle die gevolg is van verdelingslyne wat reeds sedert sy totstandkoming in 1945 bestaan, sowel as die gevolg van doelbewuste beleidsrigtings van die organisasie se magtigste lidlande.

Mnr. Richard Holbrooke, voormalige Amerikaanse ambassadeur aan die VN, sê graag dat om te skree, "Blameer die Verenigde Nasies" - vir die volksmoord in Rwanda of die program vir kernbewapening in Iran - "is soos om Madison Square Garden verantwoordelik te hou wanneer die New York Knicks (4) swak speel". Die Verenigde Nasies is ten eerste … 'n gebou. Om dit te kan restoureer, sal die gedrag en prioriteite van die state wat dit herberg, eers verander moet word.

Laat ons twee berugte voorbeelde neem van die "krisis" wat die organisasie skud: vredesbewaring en slegte bestuur. Voor die Kos-vir-Olie-skandaal het niks die VN-vlag erger met bloed besmeer as die menseslagtings in Rwanda en Srebrenica nie - slagtings wat in 1994 en 1995 gepleeg is in die teenwoordigheid van VN-magte, wie se verantwoordelikheid dit was om vrede te handhaaf. Mnr. Annan, in daardie stadium Hoof van die Departement van Vredesbewarings-operasies in New York, is deur Romeo Dallaire, sy Generaal ter plaatse in Rwanda, gewaarsku teen die dreigende verdelging. Op onvergeeflike wyse het mnr. Annan nie hierdie waarskuwing aan die Veiligheidsraad oorgedra nie.

Maar wie dra die grootste verantwoordelikheid vir die feit dat die volksmoord kon plaasvind? Mnr. Annan, wat van mening was dat die waarskuwing die lidlande sou oortuig om óf niks te doen nie, óf uit Rwanda te vlug ('n vooruitskatting wat akkuraat sou wees tydens die volksmoord, toe Westerse moondhede daarmee tevrede was om die vredesmag te onttrek)? Of die destydse Amerikaanse president, mnr. Bill Clinton, wat - uit vrees dat Amerikaanse magte in hierdie moeras betrek sou word - gevra het dat die vredesmag onttrek terwyl die menseslagtings reeds op groot skaal aan die gang was? Of dalk die toentertydse Franse president, mnr. François Mitterrand, wat daartoe bygedra het om die volksmoordenaars te bewapen en op te lei, en wie se soldate per valskerm neergelaat is om hulp te verleen aan die voorste plegers in die eerste dae van die tragedie?

Het iets verander? Ja. Die Westerse nasies het hulle "lesse van die 1990's" geleer. Maar nie deur seker te maak dat vredesbewaring korrek uitgevoer word nie. Hulle het daarop ag geslaan deur vredesbewaring bloot te vermy. Die magte van Westerse lande wat onder die vlag van die Verenigde Nasies dien, het uiters rare uitsonderings geword. Die lande wat tans die grootste bydraes lewer, is Bangladesh, Indië, Pakistan, Ethiopië en Ghana.

Die geslaagde militêre operasies van die afgelope dekade - NAVO-ingryping in Kosovo in 1999, die Australiese reddingsoperasie in Oos-Timor in 1999, en die Britse missie in Sierra Leone in 2000 - is nie deur die Verenigde Nasies gelei nie, maar deur "vrywillige koalisies". In plaas daarvan om sy gemeenskaplike strukture te versterk om dit in staat te stel om noodsaaklike humanitêre en vredesbewaringstake uit te voer, het die ryk lande besluit om alleenlopers te word, of andersins tuis te bly. Dit is die arm lande wat in 'n hoek gedryf word om die moeilikste gevalle te behartig, soos die Kongo en Darfour op die oomblik.

Maar wanneer dit oor die handhawing van vrede gaan, is dit moeilik om soos Bolton van die VN te praat as 'n "burokratiese mastodon-superstruktuur wat besig is om te verroes". Trouens, die organisasie beskik nie oor genoeg personeellede om die vredesmagte wat dit ontplooi, te bestuur nie. Na die rampe van die 1990's het die Sekretaris-generaal onderneem om hom nooit weer deur gebeure te laat oorweldig nie. Maar hy het toegelaat dat die Veiligheidsraad 18 nuwe missies magtig (tans is 16 hiervan steeds in aksie). As gevolg van begrotingsbesnoeiings word die 66 000 vredesoldate bygestaan deur slegs sowat 500 amptenare by die VN se hoofkantoor. Geen Westerse lidland sou daarvan droom om sy soldate na sulke gevaarlike sones te stuur met so min bystand nie. Maar wanneer die soldate uit ontwikkelende lande afkomstig is, vra die groot moondhede nie vrae nie.

Die woorde van mnr. Kevin Kennedy, een van die towenaars wat vir operasies by die New Yorkse hoofkantoor verantwoordelik is, som die situasie perfek op: "Die plekke waarheen die VN gewoonlik gestuur word, is niks werd nie. Dit is nie 'n verskoning vir onbekwaamheid en ledigheid nie, maar hulle is niks werd nie. As hulle waarde gehad het, sou die lidlande self daaraan aandag gegee het". As die VN hoofsaaklik na plekke gaan wat al die lande liefs vermy, en as dit daarheen gaan met belaglik min middele, moet 'n mens verbaas wees dat hy nie besonder gunstige uitslae behaal nie?

En wat kan daar gesê word oor die ander groot teiken van hierdie wind van hervorming, die bestuur, wat berug is vir sy ondoeltreffendheid? Ronald Reagan het eendag verklaar dat die aanvaarding van 'n subsidie van die Amerikaaanse regering - met al die beperkings wat daarmee saamgaan - is soos om met 'n vrou te trou en agter te kom dat haar hele familie by jou intrek nog voor die wittebrood. Die voorwaardes waarop die lidlande aandring in ruil vir hul ledegeld aan die VN is nog meer neerdrukkend. Elke dollar wat oorgeplaas word, dring hulle aan, moet onderwerp word aan nougesette boekhouding, wat beteken dat die hooggeplaaste bestuurders dikwels meer tyd aan hulle papierwerk wy as aan nadenke oor maniere om die voortgang van Vigs te stuit, om verkiesings te organiseer of om straatveiligheid te verseker.

En wat besluite rakende personeellede betref probeer lidlande tot elke prys om hulle burgers te plaas, ongeag of hulle vir die betrokke pos geskik is. Soos wat mnr. Annan onlangs aan ons erken het, "ons oes nie die bestes hier nie. Regererings het die neiging om mense aan ons te stuur wat hulle self nie kan aanstel nie".

Dit sou nietemin te eenvoudig wees om die lidlande verantwoordelik te hou vir die *annus horribilis* of om die las vir die hervormings op lande te lê wat aan die VN behoort. Per slot van sake, die rare kere wat die Verenigde Nasies se sekretariaat die bestes onder hulle nadergetrek het, was hy nouliks daartoe in staat om hulle te behou. Toe Sergio Vieira de Mello in 2003 in 'n ontploffing in Bagdad gesterf het, het mnr. Annan, klaarblyklik diep ontsteld, gesê: "Ek het net 'n enkele Sergio gehad". Terwyl hy hulde gebring het aan 'n dapper en briljante amptenaar wat dit verdien het, het die Sekretaris-Generaal hierdeur ook onwillekeurig die organisasie wat hy bestuur, dit laat ontgeld.

Wanneer hy 'n kenner nodig gehad het, moes mnr. Annan in 'n posisie gewees het om op iemand anders te kan staatmaak as slegs De Mello of die voormalige Algerynse Minister van Buitelandse Sake, mnr. Lakhdar Brahimi, wat tans 71 jaar oud is. Die VN verslind sy jongelinge. As die leiers nie die deurlopende pessimistiese kultuur uitroei, wat amptenare aanmoedig om hulself nie as akteurs nie, maar eerder as voorwerpe van lidlande se knoeiery te beskou, gaan dit voortaan impakteer op die gehalte van sy personeel.

Dit is hoogs onwaarskynlik dat die lande wat binne die Verenigde Nasies versamel is, hul beleid binne die afsienbare toekoms gaan verander. Dit is dus onwaarskynlik dat die inherente teenstrydighede in die organisasie maklik oorkombaar is. Maar as die magtigste lande nog oortuig moet word dat 'n sterk VN hulle belange sal bevorder, sal al die lede erken dat 'n skandaalbevlekte organisasie lidlande en VN-agentskappe wegkeer van veel dringender humanitêre en sekerheidsuitdagings wat hulself voordoen.

Daarom, sestig jaar ná die skepping van die VN-stelsel, moet die sekretariaat sy administrasie opruim; jong talent werf, behou en ontwikkel; druk uitoefen sodat eersterangse afgevaardigdes en bestuurders benoem word op grond van verdienste eerder as nasionaliteit; en nie huiwer om pogings tot manipulasie, mikrobestuur en onderfinansiering aan sy programme openbaar te maak nie, eerder as om dit te na binne te keer. As daar een hervorming is wat die Verenigde Nasies se sekretariaat op sy eie kan uitvoer, is dit om te weier dat die VN-vlag as 'n sluier vir lidlande se onenighede en onverskilligheid dien.

_____

(1) Stephen Schlesinger, *Act of Creation*, Colorado: Westview Press, 2003, p.7.
(2) *Idem*., p. 8.
(3) Lees Delphine Lecoutre, "L'Afrique et la réforme des Nations unies", *Le Monde diplomatique*, Julie 2005.
(4) Korfbalspan wat aan die NBA-kampioenskappe deelneem en wat by Madison Square Garden gebaseer is.

Artikel 235 en die politiek van selfstandigheid

Artikel 235 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika staan so aangeteken: “Die SA bevolking, as geheel, se reg op selfbeskikking soos in hierdie Grondwet uitgedruk, belet nie, binne die raamwerk van die reg, erkenning van die konsep dat enige gemeenskap wat ’n gemeenskaplike kultuur- en taalerfenis deel, die reg het op selfbeskikking binne ’n territoriale entiteit in die Republiek of op enige ander wyse, soos deur nasionale wetgewing bepaal.”

Sedert die aanvaarding van die Grondwet in 1996 het daar nog geen ontwikkeling van hierdie artikel plaasgevind nie en is daar ook geen moeite gedoen om die artikel in wetgewing te omskep nie. Hoewel ’n artikel in die Grondwet nie maklik geskrap sal word nie, kan dit wel met verloop van tyd sy belangrikheid verloor as daar nie aandag aan gegee word nie.

Om hierdie rede het die Orania Beweging besluit om ’n konferensie oor Artikel 235 te hou om die moontlikhede vir die uitbou van hierdie grondwetartikel te ondersoek. Verskeie vooraanstaande politieke meningsvormers sal as referente tydens hierdie geleentheid optree. Dit sluit mense in soos dr. Frederik van Zyl Slabbert, prof. Marinus Wiechers, prof. Jakes Gerwel, prof. Danie Goosen en mnr. Flip Buys.

Enige persoon wat die konferensie wil bywoon kan meer inligting bekom by die Orania Beweging by tel. 053-207 0062 of oraniabeweging@orania.co.za

"Gee ons Engels!"

Professor ontdek stille opstand van die massa

Deur ons rondreisende verslaggewer, Kleinjan Schietekat

"Daar is 'n stille opstand onder Afrikaanssprekendes. In plaas van wat die taalgeleerdes sê, wil die mense eintlik Engels praat (en wees)." So sê professor Philip Hardick van die Universiteit van Surrey, 'n sosiolinguis en voormalige Marxis, wat die afgelope drie jaar indringende navorsing onder Afrikaanssprekendes gedoen het. In 'n reeks onderhoude wat *Die Vrypostige Afrikaan* by een van die geliefkoosde hotelle van voormalige Marxiste, die Mount Nelson in Kaapstad, met hom gevoer het, het Hardick ons ingelaat in die skokkende onthullings van sy navorsing.

Hardick vertel dat hy drie jaar gelede met 'n ruim toekenning van die British Council met navorsing in Suid-Afrika oor die taalkwessie begin het. "In die buiteland vind mense julle 11 amptelike tale saam met 'n strewe na nasionale eenheid 'n komiese teenstrydigheid. Niemand in die wêreld het 11 amptelike tale nie, en een nasie beteken een taal. Dit leer mens al in sosiolinguistiek vir eerstejaars."

Hardick, wat sy Afrikaans spesiaal by die taalverwerwingskursus van 'n Wes-Kaapse universiteit vir sy navorsing geleer het - "Ek sukkel nog bietjie met al die dialektiese variasies van Afrikaans" - sê hy het besluit om uitsluitlik onder Afrikaanssprekendes navorsing te doen, omdat Afrikaans die sterkste inheemse taal is, en die houdings van dié taalgroep beslis iets oor die lewensvatbaarheid van 11 amptelike tale sal aandui.

"Toe ek eers met my respondente begin gesels het, het ek gou besef dat ek eintlik my tyd gemors het om eers Afrikaans te leer. Van die mense was verskriklik kwaad omdat ek met hulle Afrikaans wou praat. Hulle het my beskuldig daarvan dat ek hulle nie kans gee om hulleself te bewys nie. Die mense se wil om Engels te praat is eenvoudig wonderbaarlik. Gee my twintig miljoen sulke Engelse en ons vee Mandaryns van die kaart af!"

Hardick was bereid om *Die Vrypostige Afrikaan* met sommige van sy respondente te laat gesels ten einde sy navorsingsresultate te kontroleer. In die proses het ons gesels met mense vanaf korporatiewe Afrikaanse sakemanne tot parkeeraanwysers op straat. Stefan van der Merwe, met groot belange op die aandelebeurs, dring daarop aan om sy naam as "Steven wên der Murf" uit te spreek. Dit het mooipraat gekos, maar uiteindelik het hy wel ingestem om in Afrikaans met ons te praat. "My Afrikaans is baie verroes. Die feit van die saak is dat Engels die *language of commerce* is. In my maatskappy help ons nou mense deur niemand te *employ* wat net eentalig is nie, behalwe natuurlik as hulle net Engels kan praat. Ons het ook 'n spesiale taaltalentkursus ingestel om mense te help met die *jargon of capital*.

"Ook by die huis stoot ek deur. Al wanneer ek nog Afrikaans praat, is as ek en my vrou in die slaapkamer kom, en dan skree ons ook gewoonlik so dat ek *embarrassed* is dat die kinders ons dalk hoor."

Nog een van prof. Hardick se respondente is At Jacobs, 'n boer van die Noord-Wes. Jacobs, wat merkbaar verlig was toe hy na Afrikaans kon oorslaan, vertel dat hy nie 'n spesiale Engelse kursus of akademiese opleiding "vir dié soort ding gehad het nie". Hy is 'n produk van die Noordwes-Landboukollege wat onlangs in die nuus was, en wie se afgestudeerdes as "Pampoenboere" bekendstaan. Toevallig boer hy naas varke ook met pampoene.

Jacobs sê, "Jong, hier in die Wes-Transvaal vra ons of 'n ding werk, en as hy nie werk nie, maak ons 'n plan. Dis hoekom ek nou nie meer met my werkers Tswana praat nie. Dit gaan maar moeilik om hulle te oortuig om met mekaar Engels te praat, maar ons probeer. Ek dink die gesukkel met die Engels het iets te doen met die trekker wat gedurig breek, en laasjaar se pampoenoes was ook in sy moer. Maar ons gee nie op nie."

Hardick sê sy onderhoude met Van der Merwe en Jacobs het 'n geweldige indruk op hom gemaak. "Jy moet onthou dat die boere en die sakemanne omtrent die ruggraat van die Afrikaanse ekonomie is. En hierdie mense se moed en versiendheid is eenvoudig verstommend. Wys jou net jy kan dié mense nie afskryf nie."

Hardick het egter nie net met praktiese mense of mans gesels nie. Ofskoon hy steeds op 52 'n enkellopende is, is hy veral onder sy vroulike kollegas by Surrey bekend en selfs gewaardeerd vir sy genderbewustheid. Dit is ook aan *Die Vrye Afrikaan* bevestig deur een van sy vroulike respondente, 'n nagraadse filosofiestudent aan die Universiteit van Stellenbosch wat verkies het om anoniem te bly. Sy sê dis duidelik dat daar in Afrikaans "'n opstand deur 'n spontane koalisie van gewilliges is", wat net weer wys hoe "bodemvas ons mense is". Wat haar ook beïndruk is "hoe ordelik hierdie opstand is. Die mense is gedissiplineerd. Dié soort ding gebeur nie in Europa nie. Kyk hoe gaan dit by hulle sokker*games* of met hulle lughawe*strikers*. Afrikanerselfbeheptheid is *clearly history*. Identiteit ook. Kyk maar na karre en word wys. Al die karre is vandag wit en *boxed-up*. En Benedict Anderson is *overrated*. In hierdie opstand is geen *imagination* en niks *community* nie. Ons is almal *individuals* en ons gaan inpas. Dis demokrasie, man."

Prof. Hardick sê dis jammer vir veeltaligheid, maar minstens gaan almal mekaar verstaan. "Uiteindelik sal gender en kleur ook verdwyn. Dit bewys maar net Marx was reg. Al hierdie identiteite is eintlik konstrukte."

Sakkie Kruiper, 'n parkeeraanwyser, stem op sy manier saam met Hardick. Kruiper sê hy en sy vrou praat wel nog met mekaar Afrikaans. "Ek kom van Bonnievale af, meneer. Ek kan nie van my Afrikaans af nie. Ma' ons probeer dit ma' wegsteek virrie kinners. Ons leer nou ma' Engels so byrie kinners. Gelukkig kannie kinners nie 'n woord Afrikaans praatie, so ons moet hard werk met die Engels. En sê vir die President hy moet aanhou Engels praat. Dis wat die mense wil hê!"

Geagte leser,

Met die ter perse gaan van hierdie uitgawe was dit reeds duidelik dat die inleidende aktuele artikel van Augustus se dossier oor "Die (NG) kerk en sy tyd" - "Opstand in die NG Kerk" - heftige debat ontketen het. Ons publiseer drie sterk bewoorde briewe daaroor hieronder. Uit hierdie gewaardeerde briewe, maar ook uit voortgaande en gereelde gesprekke wat *Die Vrye Afrikaan* soos gebruiklik met lidmate in verskillende sektore van die NG Kerk voer, het dit duidelik geword dat die stand van sake tans in die NG Kerk nog ingewikkelder is as wat die betrokke artikel te kenne gegee het. In die lig hiervan het *Die Vrye Afrikaan* die Algemene Moderator van die NG Kerk, dr. Coenie Burger, genader om 'n omvattende onderhoud vir ons Oktoberuitgawe ten einde sy perspektief op die kerk en sy tyd te gee.

Ofskoon *Die Vrye Afrikaan*, wat pas maar 'n jaar oud is en met meer geloof en liefde as materiële bronne vir denkende Afrikaanse lesers uitgegee word, en ongetwyfeld nog aan die leer is - per stuk van sake bestaan daar geen historiese presedent in Suid-Afrika vir wat ons doen nie - is dit eweneens kommerwekkend dat die meeste negatiewe reaksie wat ons op hierdie betrokke artikel ontvang het duidelik laat blyk dat ons kritici nie verby dié artikel na die res van die dossier gelees het nie. Die rasionaal agter die res van die dossier was by uitstek om 'n groter hermeneutiese bewustheid oor die kerk en sy tyd te probeer aanwakker, iets wat onses insiens van die allergrootste belang vir die oorlewing van die kerk as miskien dié sleutelinstelling van die Suid-Afrikaanse samelewing is. Ek het dit in my inleiding van die dossier duidelik gemaak dat elke enkele van die skrywers almal die (NG) kerk ernstig opneem en 'n lojaal-kritiese posisie teenoor die instelling het. In die proses is die uitdaging wat die neo-liberalisme (waarskynlik die kerk se grootste bedreiging) bied behandel; is na ons wete 'n nuwe vertolking van die verhouding kerk en staat ter wille van 'n "post-staatlike" NG Kerk gegee; is die genderdebat nie maar in die gewone terme van verwyte teen die "patriargie" hanteer nie; word oor die pre-Reformatoriese bronne vir die toekoms van die kerk gedink; word aangrypend poëties oor Skrifgesag geskryf; en word 'n onderhoud met een van die grootste lewende teoloë ter wêreld geplaas.

Om in die lig van hierdie dossier *Die Vrye Afrikaan* van 'n anti-kerklike of anti-NG-houding te beskuldig, getuig presies van die gebrek aan 'n hermeneutiese bewussyn wat die kerk in Suid-Afrika al meer as een keer diep in krisis gedompel het. Ek nooi ons kritici dus uit om verder deur die vorige uitgawe te blaai: gelukkig het etlike predikante en teoloë dit inderdaad gedoen en hulle waardering deurgegee.

- Die Redakteur

Na aanleiding van die inleidende aktuele artikel van ons dossier oor "Die (NG) kerk en sy tyd" skryf die dagbestuur (C.J.A. Vos, J. Buitendag en P.J. van der Merwe) van die Fakulteit Teologie van die Universiteit van Pretoria:

'n Berig (gerug) is soos 'n vuurbrand. Dit kan 'n hele wêreld laat opvlam. Dit gebeur veral as 'n joernalis die gedrukte en elektroniese media as aansteekvure gebruik. Dit is veel moeiliker om die brandwonde te laat genees as om dit te veroorsaak. Hierdie skrywe is 'n geringe poging om genesing te bring nadat soveel skade aangerig is.

Ons verwys na die opspraakwekkende artikel, "Opstand in die NG Kerk", in *Die Vrye Afrikaan* van 19 Augustus 2005. Die saak waaroor dit vir ons gaan, is om "nog 'n krisis" wat by die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria sou voorkom. Daar word ook op ander teologiese fakulteite gesinspeel.

Van 'n goeie joernalis word integriteit verwag. Dit beteken onder meer dat daar na alle stemme geluister en alle moontlike bronne ondersoek behoort te word. U sê self in u Redakteurskolom op p6 dat u die "arrogante" wyse waarop die hoofstroom-media met die kerk omgaan, juis probeer vermy. Dit is vir ons jammer om te sê dat juis dit nie met die berig bereik word nie. Die joernalis van die gewraakte artikel beweer byvoorbeeld dat 46 studente wie se name wederregtelik onderaan 'n klagskrif teen 'n paar dosente verskyn het, per sms met moontlike regstappe gedreig is. Hulle is glo een vir een ingeroep en met legitimasie-weiering gedreig. Waarom is die beweringe nie met dr. Flip du Toit, Predikant vir Teologiese Opleiding (NGK), gekontroleer nie? Waarom is die verklarings van die studente wat hulle van misleiding distansieer, nie nagegaan nie? Die teendeel sou dan geblyk het.

Daar word ook beweer dat Skrifgesag ondergraaf word. Dis so 'n eensydige en algemene stelling. Daar is 'n hemelsbreë verskil tussen 'n grondig wetenskaplik- gefundeerde en 'n oppervlakkige lees van Bybeltekste. Wanneer en waar is die Apostoliese Geloofsbelydenis "net plek-plek" nagesê? Ons almal sê dit met al ons asem na. Wat méér moet ons nog sê? En boonop glo ons nie "in die Belydenisskrifte" nie, maar in die Vader, die Seun en die Gees, aldus die Twaalf Artikels.

Meneer die Redakteur, die artikel wemel van eensydighede en weerlegbare stellings. Dis te veel om op te noem. Volgende keer moet die Redakteur met 'n helder oog kyk.

Ds. Henk Gous van die NG-gemeente Quellerina, Roodepoort en moderator van die Sinode Wes-Transvaal, skryf:

Die webwerf dui Johann Rossouw aan as filosoof en joernalis. Hy skryf ongelukkig nie op die vlak van of filosoof-akademikus of joernalis nie: 'n Akademikus sou nie 'n leier wat akkommoderend is afmaak en skynbaar verlang na die sterk leiding van 'n Groot Krokodil nie. 'n Joernalis sou met leiers persoonlik gepraat het, nie net ander joernaliste se oplaaggedrewe berigte oor "ongelukkiges" geglo het nie.

Dit klink wel of hy die Predikantekonferensie persoonlik bygewoon het want hy beskryf dit dramaties, en negatief. Die "kontrak" met die predikantekonferensie is in gees en letter deur die organiseerders gehou: dit kon nooit 'n beleids- en besluitnemende vergadering gewees het nie. Daarom is die Getuienis 'n uiters getroue kondensaat van wat werklik in die groepe gebeur het. Ek was deel daarvan. Daar is nie geselekteer om slegs die kondenseerders se standpunt te handhaaf nie.

Predikante is woordkunstenaars en sou natuurlik sekere formulerings wou verander om presies hul eie nuanse te verwoord, en daarom is daar mense wat dit nie as eenparig sal beskou nie. Moet die meerderheid dan deur stemming hierdie lede tot stilte dwing? Dis hoe ander organisasies eenheid afdwing. Die skrywer dink skynbaar dat die NNP en NG kerk volgens dieselfde reëls werk (en dieselfde toekoms het). Die kerk is 'n familie, nie magsbasis van 'n NG hiërargie nie, wat niemand kan of wil "uitwerk" nie. Lourens Erasmus bly deel van ons span op die Moderatuur, al verskil ek persoonlik van hom.

Hierdie berig is nie op die akademiese of joernalistieke standaard wat ek van 'n nismarkblad soos *Die Vrye Afrikaan* verwag nie. Johan Rossouw dans saam met elke uiteenlopende standpunt met 'n blinde simpatie (dis allemansvriendskap by uitnemendheid), solank dit net die huidige leiding as huidige establishment teenstaan. Hier hang Johan Rossouw se onderrok uit.

Ook oor dieselfde artikel skryf ds. Roelof Minnaar van Roodepoort:

Dankie vir jul blad wat julle aan my gestuur het. Op die oog af lyk dit na goeie en harde werk. Maar objektief en positief is dit glad nie. Realisties... sou ek jul ook nie beskryf. Vir my gevoel was die doel van hierdie uitgawe om soveel as moontlik klappe na die NG Kerk te gee. Ja daar is kritiek (met reg) en daar is verskille (soms groot) - maar daar is darem heelwat positief. Die NG Kerk is (soos baie ander dinge) in transformasie. Die konferensie in Bloemfontein was baie positief ervaar. Dominees het 'n behoefte gehad om ook oor hul eie seer en ervaring te praat. Waar moet hul anders daaroor praat? Beslis nie met die skrywers van jul publikasie nie. Ja, die land het probleme waaraan die kerk moet aandag gee....maar daar is darem ander kante ook. Jul artikels oor die kerk en blad gee my glad nie rede om te voel dat julle na alle kante van 'n saak kyk nie. Praat net met die beswaardes en negatiewes en julle dink dat jul 'n idee het wat aangaan. En glo my, as julle my beter ken sal julle sien dat ek die laaste ou is wat bang is vir kritiek. Ek is bereid om te leer. Maar ek bevraagteken jul motiewe as ek na die inhoud kyk. Sal graag jul blad wil lees, as daar meer objektief na dinge kyk.

Na aanleiding van Kleinjan Schietekat se berig "Die Aasvoël styg op", asook verlede maand se hoofartikel, "Taal en universiteite" skryf Riëtte Zaaiman van Krugersdorp:

Skote Petoors - of is dit nou, trap hom Kaskar! Ek geniet hierdie skerp humor baie. Filosowe is vir my die slimste mense op aarde, maar ek glo 'n mens moet nog slimmer as 'n filosoof wees om so "dubbelvisie" te kan skryf. Sterkte met *Die Vrypostige Afrikaan se oorlewing*!

Hoor! Hoor! vir prof. Chris Brink rektor van die Universiteit van Stellenbosch. Hy kan onderskei wanneer is 'n probleem 'n "politieke probleem" en wanneer is dit 'n tipiese studente-aksie van "ons is ook hier en wil ook gehoor en gesien word." Hoe sou dit nou wees as die ANC-Jeugliga nie van hulle laat hoor het by US nie, maar wel in die res van die land? 'n Flou "*demand*" soos "every student in this university should be given a fair chance to be taught in a language (English or Afrikaans) that would be in the best interest of his or her education" vrywaar maar net die US teen die teikening van taalaktiviste; ek meen nou, dis beter om liewers iets te sê in plaas van niks. Brink het die insig om die probleem by die regte plek te koppel. Ek het 'n hekel in bestuurslui wat aanstellings doen sonder om hulle prioriteite vir die posprofiel reg te kry. As dit nodig is om 'n vak (veral voorgraads) in beide Afrikaans en Engels aan te bied a.g.v. die profiel studente wat dit neem, is dit 'n *vereiste* vir die pos dat die dosent in beide tale moet kan doseer. Bestuurslui wat aanstellings doen, word te maklik beïndruk deur die akademiese kant van 'n dosent se CV, terwyl kommunikasievaardighede en menseverhoudings 'n hoër prioriteit in die onderrigsituasie is. Natuurlik bedoel ek nie daarmee dat die gehalte van die inhoudelike maar kan daal nie - daar is immers 'n minimum standaard van akademiese kennis en insig wat ononderhandelbaar is.

Na aanleiding van Margaret Legum se ekonomierubriek "Is iets beter dan niets?" skryf Wimpie Boshoff van Bellville:

Legum se doel met die stuk is duidelik om die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) se aanbevelings vir 'n buigsamer arbeidsmark in Suid-Afrika in twyfel te trek. Die probleem is egter dat Legum nooit daarin slaag om die redes vir haar klaarblyklike misnoeë met die IMF se beleidsaanbevelings op die tafel te plaas nie. Dit blyk dat Legum op een of ander wyse motivering vir haar standpunt probeer vind deur enkele individuele gevalle by die Kommissie vir Bemiddeling en Arbitrasie (KVBA) as basis te neem en daarvandaan te ekstrapoleer sodat sy veralgemenings oor die Suid-Afrikaanse arbeidsmark kan maak. Probleme in die bemiddelings- en arbitrasieprosesse van individuele gevalle by die KVBA vorm geensins grond vir aanvegbare stellings oor sogenaamde misbruik van werkers in Suid-Afrika nie. Asof dit nie genoeg is nie, besluit Legum dat dit haar kwasi-analise die beste sal dien deur 'n aanval op vraag- en aanbodkurwes te loods! Ek nooi Legum uit om vir ons te illustreer hoe sy volledige indiensneming wil bereik sonder dat die aantal werksgeleenthede (vraag na arbeid) en die aantal geskikte, beskikbare persone (aanbod van arbeid) balanseer. Dit is 'n rekenkundige identiteit. Daar is verder niks in die teorie waarvolgens enige mens as 'n kommoditeit beskou word nie. Vraag- en aanbod-analise is, uiteindelik, blote vereenvoudigings om 'n ekonomiese verskynsel te demonstreer. Niemand (ingesluit ekonome) ontken die veelvlakkigheid van die werkloosheidsprobleem nie. Dit sal Legum baat om 'n in-diepte studie van die werksaamhede van die IMF te onderneem. Dit is 'n kommerwekkende realiteit dat daar veel oor die IMF gepraat word, maar min verstaan word. Ironies stel Legum dit miskien die beste: "dis dié soort ding wat ekonome 'n slegte naam gee." Ek wil haar aanmoedig om 'n ekonomies-gefundeerde betoog te lewer, dan kan sinvolle gesprekvoering plaasvind. Dit is noodsaaklik dat ons wetenskaplik na die werkloosheidsprobleem kyk.

- *Lees Johan van Zyl en Norman Reynolds oor werkloosheid in SA, p.15*

Die jaers

Deur Charl-Pierre Naudé

Op ’n reus van ’n rots
wat tot by sy wit
boordjiefrille in die bruisende groen
geplant staan

kan die hengelaars gesien word.
Hulle sit daar wydsbeen
en klou
met dy en skeen
aan die randjie

op ’n ry
vooroor gebuig;
skreefoë op ’n lyn
wat in die verte uit stippel;
oliejasse voos
geklop deur die wind
agter visstokke
se fladderende stuurstange;
mantels en jakke
wat bult en weer afblaas,
al leunende na een kant,
dan weer na die ander.

’n Grondseil wiebel –
seilsakke tol soos wiele;
pype suig en sputter
en meters flap in die wind;
katrolle gare trek los
in omwentelinge-per-minuut
soos klein fluisterende enjins;

sit hulle daar
die ou gebreide skille,
elk met sy geweefde afstandteller met die kilo’s op gestik;

spoedkonings van materiaal,
uitgeknip
op lapmotorfietse
wat vou om klip
wapperend,

verbete
mededingend

in ’n Grand Prix
van die snyers.

Die FAK het op Donderdag 25 Augustus begin met 'n landswye raadpleging van Afrikaners oor die gesprek met die regering. Dit het geskied in die vorm van 'n oop gesprek met die tema, "Afrikaners en die Nasionale Vraagstuk", waarvan *Die Vrye Afrikaan* die meeste referate hier publiseer. Hermann Giliomee en Lawrie Schlemmer lei die dossier met ons aktuele voorbladartikel in om bestek op te neem van wat tans onder Afrikaners aan die gang is. Danie Goosen skets die implikasies van die verhouding met die regering. Roland Henwood kyk na die breër Suid-Afrikaanse konteks van die nasionale vraagstuk. Johann Rossouw verduidelik 'n post-nasionale benadering vir Afrikaners tot die nasionale vraagstuk. Hermann Giliomee vertel wat op die sakelys van Afrikanerkant met die regering kan wees, terwyl Lawrie Schlemmer lig werp op die faktore wat die regering se houding teenoor Afrikaners kan bepaal.

Die verhouding van Afrikaners met die regering

Deur Danie Goosen[*]

Hoekom moet ons oor die vraag na die verhouding tussen Afrikaners en die regering praat? Ons gaan hieronder van vyf vooronderstellings uit. Hopelik bied dit 'n raamwerk waarbinne die betrokke vraag in breedvoeriger terme bespreek kan word.

1) Ons vooronderstel dat daar iets soos 'n kultuur-historiese gemeenskap, die Afrikaners is;

2) Dat die wêreld van Afrikaners en die dinge wat hul ten nouste raak op 'n strategies doeltreffender wyse gehanteer moet word;

3) Dat *een* van die wyses waarop dit gedoen moet word, is dat daar op 'n strategies doeltreffender wyse in 'n verhouding met die regering getree moet word;

4) Dat Afrikaners die vraag van hul verhouding met die regering vanuit 'n sterk passie vir die demokrasie moet benader. Met 'n wesenlike verbintenis tot die demokratiese etos en 'n sin vir die dinamiek van selfs wyd uiteenlopende aksente in onsself, kan die verhouding met die regering soveel meer legitimiteit verwerf. Kortom, ons gesprekke met die regering moet gedra word deur die oogmerk om die demokrasie self in beskerming te neem en te verdiep; en

5) Dat ons die vraag na strategies doeltreffender optrede nie buite-om die noodsaak van bondgenootskappe met die breër Afrikaanstalige wêreld, asook met die veelheid van ander inheemse taalgemeenskappe, kan situeer nie. Sodanige bondgenootskappe is egter nie iets wat oornag ryp gedruk kan word nie, maar iets wat telkens hoë strategiese voorkeur onder ons moet geniet.

Aan die hand van hierdie vooronderstellings kan die volgende perspektiewe ter sprake gebring word:

1) Die verhouding met die regering moet in die eerste plek as 'n politiek-strategiese verhouding en nie as 'n morele gesindheidsverhouding, hetsy negatief of positief, verstaan word nie. Alhoewel gesindhede 'n belangrike rol kan speel en ook moet speel, kan ons ons nie net deur ons goeie of slegte harte rondom hierdie belangrike kwessie laat lei nie. Kortom, as hier 'n apologie vir iets gelewer word, is dit 'n apologie vir 'n kliniese politiek-strategiese benadering jeens die regering.

2) Die vraag of met die regering gepraat of nie gepraat moet word nie, is nie 'n 'n sinvolle vraag nie. Waarom nie? Omdat elke politieke handeling per definisie reeds in 'n bepaalde verhouding met die regering tree. Dit is ook waar van dié handelinge wat nie op gesprekke met die regering afgestem is nie. Om dit paradoksaal te formuleer: Ook die bewuste keuse om nie met die regering te praat nie, is 'n bepaalde styl van praat met die regering. As 700 studente ten gunste van Afrikaans betoog, is dit reeds 'n wyse van gesprekvoering met die regering.

Die vraag is nie of ons met die regering moet praat of nie moet praat nie. Die vraag is veel eerder *hoe* ons met die regering op 'n meer doeltreffende wyse moet praat.

3) 'n Histories-vergelykende benadering is van groot belang. Die verhouding met die regering word nog nie gerugsteun deur voorbeelde uit ander dele van die wêreld nie. Hoe tree kleiner gemeenskappe elders met regerings in 'n sinvolle politiek-strategiese verhouding? Wanneer behaal hulle verstandhoudings wat durende oplossings bring? Ensovoorts. Omdat dié vergelykende werk nie gedoen word nie, is daar dikwels 'n enorme naïwiteit in ons hantering van sodanige gesprekke.

4) Die oogmerk van politiek-strategiese gesprekke is verstandhoudings. Indien die gesprekke met die regering slegs eindig in die bevestiging van byvoorbeeld wedersydse "vertroue", en nie ook in verstandhoudings tussen die onderskeie partye nie, het dit nog nie politieke betekenis verwerf nie. Waarmee

[*] *Filosoof en voorsitter van die FAK*

ek nie sê dat die vertroue tussen die partye nie belangrik is nie. Vertroue is dikwels 'n eerste tree op weg na verstandhoudings. In sigself is dit egter nog nie genoeg nie.

5) Dit maak strategies nie sin om die verhouding tussen Afrikaners en die regering slegs te ent op die verdeling tussen vriende en vyande nie. Die politieke filosoof, Carl Schmitt, het dié verdelingslyn as die sentrale eienskap van die politieke verstaan. Dit is natuurlik so dat dié verhitte verdelingslyn tussen mense 'n aspek van die politieke verwoord. En dit sou uiters naïef van ons wees om dit nie as eie aan die politieke te erken nie. Maar eensydige beklemtoning daarvan kan ons strategies ernstig aan bande lê.

Samewerking tussen partye

Maar tegelyk maak die teenoorgestelde benadering, dit wil sê, dié benadering waarvolgens eenheid of samewerking tussen die onderskeie partye tot stand gebring word sonder dat daar byvoorbeeld 'n duidelike quid pro quo-reëling tot stand gebring word, ook nie sin nie. Die regering het homself die afgelope jare in sy verhouding met die IVP, die NNP, Cosatu, ensovoorts as meesters in die toeëiening en koöptering van die teenparty by wyse van eenwordings- of samewerkingsmodelle bewys. Telkens geskied dit sonder duidelike aanduidings van watter voordele vir die ander partye daarin opgesluit lê.

Afrikaners behoort eerder 'n pragmatiese benadering te volg: soms is dit nodig om skerp te opponeer, maar soms is dit ook nodig om ooreen te kom oor samewerking op grondslag van 'n duidelike quid pro quo-reëling. 'n Soepel benadering sal hoë eise stel en veral van ons die vermoë tot die goeie oordeel verg: wanneer moet skerp verskil, en wanneer moet samewerking opgesoek word?

Kortom, ons moet so strategies dink dat ons altyd weer ons beweeglikheid in beskerming neem. Om by voorbaat en uit beginsel óf 'n agonistiese, óf 'n eenwordingsbenadering te volg, is om jouself strategies in die voet te skiet en 'n voorspelbare patroon op 'n uiters dinamiese situasie af te dwing.

In die jongste verlede het talle organisasies met die regering gepraat. Van die organisasies wat hierby betrokke was, was onder meer Afrikaanse sakelui, die Afrikaanse Handelsinstituut, die Afrikanerbond, die VF+, die Rapportryersbeweging, Solidariteit, die F.W. de Klerk-stigting, ensovoorts. Wat kon ons tot dusver uit hierdie gesprekke leer?

1) Eerstens, dat groter strategiese koördinering tussen die veelheid van organisasies nodig is. Talle organisasies praat sonder om hoegenaamd van die ander kennis te neem of hul optrede met ander te koördineer. Dit maak gewoon strategies nie sin nie.

Formele koördinasie is waarskynlik nie 'n realistiese moontlikheid nie. Maar daar kan groter informele skakeling tussen die verskillende organisasies wees. Ons moet binne hoorafstand van mekaar bly.

Gebrekkige koördinasie gee onder meer daartoe aanleiding dat organisasies teen mekaar afgespeel word. Daarby kan die regering redeneer dat belangrike sake wat op verskillende wyses vertolk word van mindere belang is. Gebrekkige koördinasie voorkom ook dat politieke optrede wat nie direk op politieke gesprekke met die regering gemik is nie, maar wat inderdaad 'n hoë politieke betekenis het (soos die betoging van 700 studente), op sinvolle wyse met diegene se handeling gekoördineer word wat inderdaad direkte gesprekke voer.

2) Ontledings wat in die jongste tyd onder meer deur prof. Deon Geldenhuys van die Universiteit van Johannesburg gedoen is, dui daarop dat formele gesprekke die afgelope jare weinig konkrete resultate opgelewer het. Hieroor sal dringend nagedink moet word. Waarom lewer dit so weinig op? Waarom is daar steeds 'n gaping tussen die beloftes wat tydens gesprekke gemaak word en die konkrete gevolge? Wat kan gedoen word om hierdie situasie reg te stel?

3) Alhoewel dit na my wete nog nie statisties vasgestel is nie, moet diegene wat inderdaad gesprekke met die regering voer daarvan kennis neem dat gesprekke wat nie aanwysbare resultate oplewer nie, die legitimiteit daarvan ondermyn. Kortom, indien die gesprekke niks oplewer nie, moet verwag word dat daar 'n groeiende skepsis daarteenoor sal posvat. Op sy beurt kan dit die tendens tot onttrekking en privatisering onder ons mense versterk.

Die 'stryd om idees'

4) Laastens, dit is opvallend hoe Afrikaners die afgelope jare in hul gesprekke met die regering geskitter het in hul onvermoë om die 'stryd om idees' aan te knoop wat volgens pres. Mbeki self tussen ons aan die woed is. Ons mense sit om gesprekstafels met hul monde vol tande in plaas van met vars en rigtinggewende idees. Idees is uiters belangrike strategiese middele. Dit speel altyd weer in politieke verhoudinge 'n belangrike rol. Om dit nie deel van ons mondering te maak nie, is om - dikwels uiters subtiel - deur die idees van die ander party beset en selfs daardeur oorgeneem te word.

Om net een voorbeeld te noem: Alec Erwin, die Minister van Openbare Ondernemings, verwoord in die onlangse gesprek met Afrikaners (1) 'n belangrike idee wat strategies van groot gewig is. Hy sê dat ons van die gedagte van 'Afrikaner' moet afstap, want, sê hy, dié gedagte is 'n historiese konstruk met geen grond in die werklikheid nie. Kortom, volgens Erwin is daar nie iets soos Afrikaners nie. Nou, dit is 'n gewigtige idee wat ook in 'n gespreksituasie met die regering uitgedaag moet word. Indien dit nie uitgedaag word nie, word sy interpretasie van die gegewe uiteindelik as normatief aanvaar, met ernstige strategiese implikasies.

Die vooronderstelling waarop Erwin se idee rus, is dat daar iets soos 'n harde, konkrete ekonomiese werklikheid is en dat die vorming van identiteite - soos onder meer die identiteit van Afrikaners - 'n sekondêre betekenis ten opsigte van hierdie sogenaamde harde feitlike werklikheid het. Kortom, Erwin voer aan dat groepsidentiteite in vergelyking met harde ekonomiese realiteite eintlik blote kunsmatige konstrukte is. Uiteraard het Erwin in 'n belangrike sin van die woord reg: die woord Afrikaner is, soos hy sê, inderdaad 'n

historiese konstruk. Maar beteken dit dat dit daarom van nul en geen waarde is nie? In ’n ewe belangrike sin van die woord is elke gemeenskapsidentiteit ’n historiese konstruk. Om die waarheid te sê, die politieke werklikheid werk waarskynlik nie anders nie. Die politieke werklikheid beweeg altyd al langs die voeë van identiteite wat aan die hand van nuwe historiese eise geskep (en natuurlik ook ontbind) word. Dié waarheid is ook op Erwin self van toepassing. Terwyl hy die woord Afrikaner bevraagteken, omdat dit ’n kunsmatige historiese konstruk is, eien hy vir homself die reg op om ’n politieke identiteit volgens sy eie voorkeure te skep. Maar daarmee herhaal hy juis dit waarvan hy die Afrikaners beskuldig. Die kritiese punt teenoor Erwin is dat daar nie ’n politieke werklikheid sonder ons konstrukte van identiteit bestaan nie. Die politieke werklikheid is in ’n bepaalde sin van die woord juis dié konstrukte en niks anders nie. Sy eie voorspraak vir ’n bepaalde vorm van Suid-Afrikanisme bewys die punt. Hyself is besig om te konstrueer en so gestalte aan die politieke werklikheid te gee. Die vraag is dan ook nie of ons sonder dié identiteit kan nie. Die vraag is eerder of ons met skeppende, oop en dinamiese identiteite kan werk.

Afrikaners en gesprekke

Wat is my punt? Afrikaners is nie in staat om dié soort gesprek rondom idees met vaardigheid te voer en in die proses ook die swak plekke in die mondering van die regering te identifiseer nie. Inteendeel, sommige van ons mense en organisasies het juis ’n diep afkeer van sodanige gesprekke. Ons deins bykans instinktief terug van die stryd om idees. Maar daarmee verbeur ons ’n enorme strategiese voordeel, naamlik om in ons gesprekke ook universeel aanvaarbare idees die oortuigingswerk vir ons te laat doen. As ons doeltreffend vir ons wêreld wil intree, sal ons ook en veral op die vlak van idees elke keer ’n stap vooruit moet wees. En ons is vandag in ’n ideale posisie om juis dit te doen, nie net omdat die demokratiese identiteitspolitiek vandag wêreldwyd legitimiteit geniet nie, maar ook omdat die soort opvatting van identiteit wat onder meer deur die ideologiese raamwerk van Erwin ondersteun word, juis in diskrediet verval het.

Opsommend, die gedagte dat Afrikaners vandag vanuit ’n voorkeur vir die demokratiese idee in verhouding met onder meer die regering tree, kan ons uit ’n reaktiewe stemming lig en aan ons verhouding ’n veel sterker aktiewe modus verleen. En juis ’n aktiewer modus is die eerste tree in ’n strategies sinvoller verhouding met die regering.

_____

(1) Gesprek op 19 en 20 Augustus 2005 gefasiliteer tussen die F.W. de Klerk-stigting en regeringsleiers. Aan Afrikanerkant was onder andere mnr. De Klerk, prof. Danie Goosen (FAK), mnre. Flip Buys en Dirk Herman (Solidariteit), dr. Theuns Eloff (Noordwes-universiteit), mnr. Jacob de Villiers (Afrikaanse Handelsinstituut), mnr. Ton Vosloo (Naspers), en mnr. Deon van Garderen (Afrikaner-bond). Aan regeringskant was onder meer dr. Frank Chikane (Direkteur-Generaal, Presidensie), mnr. Joel Netzhitenze (Hoof: Regeringskommunikasie- en Inligtingsdiens), mnr. Essop Pahad (Minister in die Presidensie), me. Naledi Pandor (Minister van Onderwys), mnr. Alec Erwin (Minister van Openbare Ondernemings) en me. Brigitte Mabandla (Minister van Justisie).

Die Suid-Afrikaanse konteks

Deur Roland Henwood*

Suid-Afrikaners, en veral Afrikaners, leef in 'n snelveranderende wêreld wat groot eise stel. Dit verg inspanning en moeite, met die gevolg dat Suid-Afrikaners, soos mense elders in die wêreld, wegskram van moeilike debatte en vraagstukke wat nie met die onmiddellike eis van eiebelang en (ekonomiese) oorlewing te doen het nie. Daarom is een van die groot uitdagings van ons dag en tyd die voer van 'n vertoog wat temas aanraak waarvan 'n groot deel van diegene wat daardeur geraak word, nie wil hoor nie. Daarby is Afrikaners uiters sensitief vir die beeld wat hulle mag projekteer en dus versigtig en selfs afsydig jeens enige sodanige proses. Dit is die duur les wat geleer is uit 'n geskiedenis waar die kategorisering van mense effektief gebruik is om verskille te smoor en mense of groepe te marginaliseer. Omdat dit as hoogs riskante gedrag beskou word, is dit moeilik om binne hierdie omgewing 'n rasionele gesprek oor Afrikaners en die nasionale vraagstuk te voer.

Die konsep van 'n nasionale vraagstuk kan op velerlei wyses verduidelik word en 'n mens kan sekerlik redeneer dat daar verskeie nasionale vraagstukke kan wees wat op 'n bepaalde tydstip en plek kan bestaan. Een van die beskouings is dat die nasionale vraagstuk dui op die problematiek ten opsigte van die saambind en saambestaan van 'n verskeidenheid identiteite - dit kan byvoorbeeld dui op kulturele, geloofs- of etniese identiteite binne een geografiese gebied of staat. In hierdie konteks word die nasionale vraagstuk dus in verband gebring met die ideaal van die nasiestaat, dit wil sê, die integrasie van die nasie en die staat tot 'n eenheid met 'n eiesoortige identiteit - wat berus op gemeenskaplike waardes, ideale, reëls en wette wat as saambindende grondslae dien.

Een van die uitdagings om sake soos hierdie in 'n openbare forum te bespreek, is dat dit dikwels lei tot die bevraagtekening van die bona fides van die persoon/organisasie wat hiermee besig is, met die gevolglike uitsluiting of afsluiting daarvan. Dit is ook nie temas wat besonder gewild is nie, omdat dit vereis dat openlik gepraat word oor bepaalde aspekte waaroor veral "Afrikaners" nie wil, nie kan of nie behoort te praat nie, omdat Afrikaners na die mening van sommige - binne eie geledere en daarbuite - nie 'n belang of reg het om tans met hierdie temas in die openbaar om te gaan nie.

Die tema Afrikaners en die nasionale vraagstuk raak veral die kernkwessies wat wentel om identiteit, burgerskap, staat en nasie. Hierdie aspekte moet afsonderlik verreken word, maar is in die praktyk onlosmaaklik deel van 'n groter geheel. Dit is rondom hierdie aspekte wat deeglike besinning moet plaasvind.

Die invloed en belang van die (party-) politiek op hierdie debat kan nie ontken word nie, maar dit is nie noodwendig binne hierdie konteks 'n sleutelelement nie.

'n Laaste aspek waarvan kennis geneem moet word, is dié van geweldige teenstrydighede in Suid-Afrika, wat tot hoë vlakke van verwarring en onsekerheid aanleiding gee.

Dit is binne hierdie konteks dat idees oor die nasionale vraagstuk in Suid-Afrika ontleed moet word.

Die nasionale vraagstuk in 'n Suid-Afrikaanse konteks

Die ANC identifiseer dit as een van die brandpunte in die aanloop tot die National General Council wat einde Junie vanjaar plaasgevind het. Die dokumentasie (1) wat ter voorbereiding van dié beraadslaging vrygestel is, bevat onder meer die volgende twee verwysings na Afrikaners "Afrikaners ask the valid question: how many hundreds of years more do they need to live here before they can be called Africans?" en ook "There are many signs indicating that Afrikaners are embracing the new South Africa and an Africanism more readily than English-speaking whites" (2).

Die vraag is natuurlik nie of hierdie aangeleentheid belangrik is nie, maar hoe dit verreken moet word? Daar moet ook gelet word op die probleme en potensiële gevare van hierdie spesifieke onderskeid tussen Afrikaners en Engelssprekendes. Die bespreking van dit wat Afrikaners raak, is in 'n groot mate ook van toepassing op ander groeperinge in Suid-Afrika.

Wat is die kernelemente van die nasionale vraagstuk in Suid-Afrika?

In die voorafgaande gedeelte is reeds breedweg 'n uiteensetting gegee wat die nasionale vraagstuk verklaar. Dit is egter noodsaaklik om die kwessie meer spesifiek binne die konteks van gebeure in Suid-Afrika te ontleed.

Binne die Suid-Afrikaanse omgewing dui die verwysing na die nasionale vraagstuk eerstens op die komplekse verhoudinge tussen die meerderheid en die minderheid / minderhede, en tweedens op die problematiek wat verband hou met die projek van nasiebou.

Die ANC voer die argument, gebaseer op 'n breedvoerige beskrywing van die talle voorbeelde van etniese, godsdienstige en ander konflikte wat tans regoor die wêreld voorkom, dat Suid-Afrika nie die probleme wat kan aanleiding gee tot minderheids-, etniese of ander faktore wat konflik kan genereer, moet geringskat nie. Die probleme van minderhede en die verwagtinge en eise wat daarmee verband hou word volgens die ANC selde suksesvol hanteer. Daar moet dus gewaak word teen 'n valse gerustheid wat kan

* *Politieke wetenskaplike en ondervoorsitter van die FAK*

ontwikkel terwyl die wese van die probleme wat elders in die wêreld bestaan ook in Suid-Afrika teenwoordig is. Die ANC waarsku in vermelde dokument dat "Nebulous concepts like the 'rainbow nation' may lull us into a false sense of complacency".

Die ANC redeneer dat die hantering van die nasionale vraagstuk noodsaaklik is vir die doeleindes van vrede, stabiliteit en ontwikkeling. Dit handel dus oor 'n suksesvolle staat, en veral oor die versekering van fundamentele menseregte, geregtigheid, menslike waardigheid en vryheid.

Die ANC beskryf die nasionale vraagstuk as sou dit tans primêr berus op die oplossing van die probleme wat verband hou met die volgende (3):

- *Eerstens* die bevryding van swartmense in die algemeen en Afrikane in die besonder.
- *Tweedens* die stryd om 'n nierassige, nieseksistiese demokratiese en verenigde Suid-Afrika tot stand te bring.
- *Derdens* die strewe na 'n enkele verenigde Suid-Afrikaanse nasie met 'n oorheersende gemeenskaplike identiteit.
- *Vierdens* die oplossing van die antagonistiese teenstrydighede tussen swart en wit.
- *Vyfdens* die bestryding van stam/ etniese identiteite (tribalism), rassisme en ander vorme van etniese chauvinisme.

Volgens die ANC word die belangrikheid van die regte van minderhede nie gering geag nie, maar handel die nasionale vraagstuk in Suid-Afrika nie primêr met die regte van minderhede of etnies gedrewe regte nie, maar wel oor die bevryding van Afrikane.

Hierdie perspektief is vir Afrikaners binne die debat oor die nasionale vraagstuk van groot belang. Dit is nie 'n nuwe perspektief nie, het reeds ook op ander terreine van die samelewing neerslag gevind en is waarskynlik deels verantwoordelik vir negatiewe reaksies, waaronder onttrekking en toenemende self-isolasie onder Afrikaners.

Hierdie realiteit sal op 'n kreatiewe wyse gehanteer moet word en bied as sodanig groot uitdagings aan diegene wat onder meer as Afrikaners binne die Suid-Afrikaanse omgewing (wil) funksioneer.

Watter probleme bestaan vir Afrikaners ten opsigte van die nasionale vraagstuk?

Die probleme wat tans in Suid-Afrika met die nasionale vraagstuk in verband gebring kan word, is in 'n groot mate toe te skryf aan die wyse waarop hierdie vraagstuk tot dusver deur verskeie belangegroepe beide gehanteer en geïgnoreer is, en sluit die volgende in:

- Die persepsie van die verskansing van ras as grondslag vir politieke interaksie. Dit lei tot die reaksie van onttrekking omdat die meerderheid Afrikaners nie by rassepolitiek betrokke wil wees nie. 'n Verdere gevolg is dat dit die uiters beperkende effek van uitgediende stereotipes as grondslag vir politieke besluitneming in stand hou, met die gevolg dat ras as primêre probleem in stand gehou word terwyl dit die groterwordende probleem van klas verskuil.
- Die spanning wat ontstaan rondom die ideaal van 'n enkele verenigde Suid-Afrikaanse nasie. Dit kan aanleiding gee tot die delegitimering van partikuliere identiteite, soos Afrikaner, wat buite die funksionele definisies van die meerderheid (meerderheidsparty) kan val. Die kernprobleem wat hier ontstaan, is dat die bestaan van meerdere identiteite vir sommige as ondermynend en as 'n bedreiging beskou word, veral as die persepsie ontstaan dat dit wedywerende identiteite is. Voorbeelde wat kan dui op 'n versigtigheid hiervoor word gevind in die ANC-dokument waarna reeds verwys is, asook President Mbeki se verwysing na Afrikanermobilisering as een van die potensiële foutlyne in die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse demokrasie (tydens sy repliek in die begrotingsdebat oor die Presidensie op 25 Mei 2005).
- Verwering van die grense tussen staat en (politieke) party wat gewoonlik met sentralisering verband hou en beteken dat diegene wat buite die meerderheidsparty staan ook buite - en daarom teenoor - die staat staan.
- Beperking van die moontlikheid dat 'n meer inklusiewe stel waardes en identiteit/e wat noodsaaklik is vir die oplossing van die "nasionale vraagstuk" ontwikkel. Dit is veral van belang waar die bestaan van verskillende identiteite as probleem beskou en verskans word agter ander belangriker probleme soos klasseverdelings. Die tragedie hiervan is dat 'n diversiteit van identiteite binne hierdie konteks waarskynlik onontbeerlik is om die probleme van klasseverdelings te oorkom, wat die ontwikkeling van ekstremistiese populisme in die hand kan werk, wat weer hoogs verdelend en destabiliserend op 'n ontluikende demokrasie sal inwerk.
- Die afwesigheid van 'n "nasionale debat" oor sake van gemeenskaplike belang en die gevolglike eensydige en hoogs eksklusiewe debat wat die grondslag vorm van besluitneming. In dié verband moet Afrikaners deels verantwoordelikheid aanvaar vir hulle grotendeelse afwesigheid en gevolglike marginalisering uit die openbare sfeer. Hoe kan verwag word dat ander/die regering jou belange moet vertolk, verstaan en bevorder as daar nie gesprek en interaksie daaroor plaasvind nie? Van kritieke belang is dat 'n probleem steeds bestaan oor die kwessie van wie namens Afrikaners mag en behoort te praat.
- Die eng fokus op die koloniale model van die nasiestaat, wat beperkend inwerk op die moontlike wyses waarop die probleme gehanteer kan word. Dít, tesame met die institusionalisering van uitsluitende praktyke soos hierbo bespreek, sal die belofte van demokrasie in Suid-Afrika geweld aandoen.

Hoe word die uitdagings van die nasionale vraagstuk gehanteer?

Die stelling is vroeër gemaak dat die tema van die nasionale vraagstuk wentel om die kwessies van identiteit, burgerskap, staat en nasie.

Met verwysing na identiteit moet aanvaar word dat die kompleksiteit en spanninge wat gepaardgaan

met funksionering binne ’n veelheid van identiteite wat insluit Suid-Afrikaan, Afrikaan en Afrikaner verreken sal moet word. Hoe sal die spanninge en teenstrydige eise daarvan beslag kry en bestuur word? ’n Voorbeeld hiervan is die idees oor Suid-Afrikanerskap en Afrikaanwees, wat as insluitend beskou word binne die heersende hoofstroomdenke. Terselfdertyd word Afrikaner en Suid-Afrikaner as wedersyds uitsluitend beskou.

Die vraagstuk van burgerskap moet veral gesien word binne die konteks van die demokratiese ideaal, wat insluit die verwerping van rassisme en eksklusiwiteit. Dit kan ondervang word deur:

- Betrokkenheid, met verantwoordelikheid en lojaliteit.
- Deelname, met toewyding en integriteit, op voorwaarde dat dit geskied sonder arrogansie en voorskriftelikheid.
- Afrikaners moet noodwendig vir hulleself praat, maar nie ten koste van ander nie, en kan gewoon nie op ander staatmaak om hul belange te bevorder nie. Dit geld na binne die Afrikanerkultuurhuis-houding sowel as daarbuite.

Die Afrikanerkultuurhuishouding moet aanvaar dat veel gedoen kan word om die vrese, wantroue en negatiewe persepsies te oorkom wat deur enigiets ontketen word wat onder die vaandel van Afrikaner of Afrikaans as taal gedoen word.

Gevolgtrekking

Die beginsel van “praat met die Afrikaner en nie oor die Afrikaner nie” moet gevestig word. Dit moet deur diegene gevestig word wat vir Afrikaners kan praat. Van die eise wat dit sal stel en wat deeglik verreken moet word is:

- die bereidwilligheid om deel te neem en standpunte te stel soos noodsaaklik.
- die bereidwilligheid om soms moeilike keuses te maak en dit deur te voer.
- die opgee van die gebruik om ander verantwoordelik te hou en te blameer. Isolasie en insulasie kan nie meer beoefen word nie.
- waar staan die Afrikaner met die idee van diversiteit in Suid-Afrika? Wat wil en kan die Afrikaner doen ten opsigte van diversiteit, of is dit steeds ’n rookskerm vir eksklusiwiteit?

Dit is belangrik dat Afrikaners ’n realistiese perspektief, ook in historiese konteks, van hulleself en die werklikhede van Suid-Afrika ontwikkel. Die veelheid van stemme wat vir en oor Afrikaans en die Afrikaner wil praat, moet aangemoedig word, maar nie op die wyse waar dit in eng eiebelang en uiteindelik ten koste van groter ideale geskied nie. Die vraag is daarom nie waar die Afrikaner in Suid-Afrika inpas nie, maar waar die Afrikaner in Suid-Afrika wìl inpas.

_____

(1) African National Congress National General Council 2005, 29 Junie tot 3 Julie 2005, gespreksdokument, “The National Question”, http://www.anc.org.za/ancdocs/ngcouncils/2005/nationalquestion.html
(2) Kyk dokumentasie soos verwys in (1) hierbo.
(3) Kyk dokumentasie soos verwys in (1) hierbo.

’n Post-nasionale benadering vir Afrikaners tot die nasionale vraagstuk

Deur Johann Rossouw[*]

Die nasionale vraagstuk is so oud soos Suid-Afrika self. Die voortdurende relevansie van die nasionale vraagstuk beteken op die minste dat dit nog nie bevredigend opgelos is nie, in weerwil van talle pogings deur die Suid-Afrikaanse geskiedenis heen. Onlangs weer het die nasionale vraagstuk opnuut in die nasionale debat gefigureer, toe die ANC dit gedurende Junie vanjaar aan die orde gestel het in ’n dokument getiteld “The National Question”. Van belang vir Afrikaners is die groter erkenning wat dié dokument minstens op teoretiese vlak vir die eerste keer sedert 1994 aan Afrikaners gegee het, as dit verklaar: “It is becoming clearer and clearer that white Afrikaners have a different emotional, psychological and material relationship to Africa and South Africa compared to other whites. There are many signs indicating that Afrikaners are embracing the new South Africa and an Africanism more readily than English-speaking whites… And Afrikaners ask the valid question: how many hundreds of years more do they need to live here before they can be called Africans?”. (1) Vir die doel van ons gesprek laat ek die ANC se keuse om Afrikaners klaarblyklik as blankes te verstaan daar, want ek deel nie hulle rasbewustheid nie, net soos wat ek nie ’n blanke is nie, maar ’n Afrikaner, wat nie beteken jy hoef blank te wees nie. Van groter belang is dat Afrikaners ’n antwoord op die nasionale vraagstuk moet ontwikkel as hulle inderdaad saam wil droom oor ’n Suid-Afrika wat werklik vry en demokraties is. Maar wat is die nasionale vraagstuk? En wie is die Afrikaners waarvan ek hier praat?

Laat ek begin by die nasionale vraagstuk. Die nasionale vraagstuk kan in een sin opgesom word, naamlik hoe antwoord ons polities op die vraag: wat beteken dit om in Suid-Afrika “ons” te sê? Ek sê polities, omdat die politiek gaan oor die wedersydse erkenning van uiteenlopende belange, en omdat die nasionale vraagstuk in Suid-Afrika by uitstek oor uiteenlopende belange gaan, aangesien daar nog altyd in hierdie land verskillende antwoorde gegee is op wat dit beteken om “ons” te sê. Die nasionale vraagstuk konfronteer ons dan ook onmiddellik met die sentrale politieke probleem van die Suid-Afrikaanse samelewing, naamlik hoe verskillende etno-linguistiese gemeenskappe mekaar kan erken. Ek sê eksplisiet etno-linguisties en nie ras nie, aangesien die koppeling van ras aan taal en etnisiteit deur sowel Britse imperialisme as Afrikanernasionalisme, en tans Afro-nasionalisme, rampspoedig was en is vir die oplossing van die nasionale vraagstuk.

Die wedersydse erkenning van uiteenlopende belange, oftewel die politiek, kan nie sonder instellings geskied nie, want dit is deur instellings dat gemeenskappe bestaan en dat hulle mekaar ontmoet. Daar is natuurlik ’n wye verskeidenheid instellings in Suid-Afrika, waaronder ek met betrekking tot die nasionale vraagstuk twee kategorieë onderskei, naamlik dié van die staatskorporatiewe bestel, en dié van etno-linguistiese gemeenskappe. Binne die staatskorporatiewe bestel het gemeenskappe veral in die 20ste eeu hulle belange deur politieke partye bevorder, terwyl hulle dit in gemeenskapsverband weer met burgerlike bewegings gedoen het.

Aangesien Suid-Afrikaners tot vandag toe nog steeds nie weet wat dit beteken om “ons” te sê nie, kan ons met stelligheid beweer dat alle vorige pogings om die nasionale vraagstuk op te los, misluk het. Die vernaamste rede hiervoor is dat die nasionale vraagstuk telkens weer uit die hande van gemeenskappe geneem is, en verstaatlik en gekorporatiseer is.

Die staatskorporatiewe bestel

Om te sê dat dit telkens verstaatlik en gekorporatiseer is, is nie maar sommerso nie, aangesien die staatskorporatiewe bestel waarom dit hier gaan, in wese ’n koloniale skepping is. Daarby moet ons ook in aanmerking neem dat die geskiedenis van Suid-Afrika in die 20ste eeu ook een is waarin die staat en die korporasie al hoe nader aan mekaar beweeg, sodat dit vandag al hoe moeiliker is om hulle van mekaar te onderskei. Dit word onder meer gedemonstreer deur sogenaamde “swart ekonomiese bemagtiging”, oftewel die alliansie tussen staat en korporasie om ’n nuwe Afro-nasionalistiese elite te skep in die naam van histories benadeeldes, terwyl dit in feite min verskil aan die lewens van histories benadeeldes maak en die histories bevoordeeldes toenemend benadeel. Kortom, deur die nasionale vraagstuk in die huidige Suid-Afrika opnuut te verstaatlik en te korporatiseer, dompel Suid-Afrikaners nog dieper as ooit in ’n koloniale benadering tot die probleem, en los die vraagstuk nog

[*] *Redakteur*

minder as ooit op. Gemeenskappe word net verder misken, en die spanning in die land word groter. Om die waarheid te sê, is daar 'n bitter ironiese alliansie tussen die staat se Afro-nasionalisme en die korporatiewe sektor se neoliberalisme: albei verkies om mense as manipuleerbare individue te sien. Die staat doen dit deur aan individuele regte in die Grondwet blote lippediens te bewys en mense as individue te hanteer, onderwyl hy eintlik 'n kollektiewe agenda bevorder. Die korporatiewe sektor doen dit deur mense as individue met 'n vrye keuse te hanteer, terwyl hy hulle eintlik kollektief in willose verbruikers verander ter wille van 'n winsmarge. Dit is 'n kortpad na die vernietiging van enige moontlikheid om "ons" te sê, asook om Suid-Afrikaners van hulle geloof in mekaar en die toekoms te stroop: ons verwagtinge is vandag hoër as ooit, en daarom sal ons mislukking ons vertroue erger as ooit skend.

Hierdie koloniale miskenning van gemeenskappe, wat al oor minstens 200 jaar strek, konfronteer Suid-Afrika vandag met 'n besonder komplekse probleem, naamlik dat elke individu in hierdie land iewers op 'n kontinuum tussen sy gemeenskap en die staat staan. Hoe meer jou historiese gemeenskap koloniaal vernietig is, hoe groter is jou versugting na 'n staatgeskepte nasie: dit is menslik en verstaanbaar, want vir talle mense lyk dit vandag of hulle sodoende hulle diep drang om "ons" te sê, sal kan verwesenlik. Mense glo dit onder dieselfde illusie waaraan die Afrikaners in 1948 - en feitlik alle ander vryheidsvegters in Afrika - gely het, naamlik dat die oorname van die staatskorporatiewe bestel noodwendig vryheid beteken. Ongelukkig dompel dit mense net verder in 'n individuele hel van vervreemding, waarin selfs nie eens die gulsige elites van Afrika vir mekaar "ons" kan sê nie. Aan die ander kant moet Afrikaners, as daardie inheemse gemeenskap wat die sterkste selfbewussyn teenoor die plaaslike koloniale situasie kon behou, ook nie van alle Suid-Afrikaners verwag om tans hulle gemeenskappe van herkoms te omhels nie. Vir eers sal diegene wat hulself via die staatskorporatiewe bestel of via die gemeenskap wil uitleef, mekaar moet vind, terwyl die onus op gemeenskappe lê om die stryd van die dekolonisering van die staatskorporatiewe bestel voort te sit.

Dit bring my by die Afrikaners. In 'n vorige opstel wat ek in Januarie vanjaar gepubliseer het, het ek probeer onderskei tussen drie politieke posisies wat tans onder Afrikaners voorkom, naamlik selfont-kennend, nasionalisties, en post-nasionaal (2). Die selfontkenners glo dat hulle heil daarin lê om allereers vir die staatskorporatiewe bestel te kies. Ofskoon hulle nie noodwendig eksplisiet teen hulle historiese gemeenskap kies nie, kom dit in die praktyk dikwels daarop neer. Meestal probeer hulle hul individuele belange vernuftig met dié van die staatskorporatiewe bestel balanseer. Hulle is betreklik min en het min idees, maar hulle het wel baie geld en kommunikasiemiddele. Met hulle keuse vir die staatskorporatiewe bestel neem hulle in wese op indrukwekkende wyse aan die jongste vorm van Suid-Afrikaanse selfkolonisering deel.

Die gemeenskapsbegrip

Die nasionaliste glo dat hulle heil daarin lê om hul historiese gemeenskap dig te verseël. Hulle werk met 'n geslote gemeenskapsbegrip en ly aan die illusie dat hulle die kolonisasieproses van die staatskorporatiewe bestel kan ontvlug. Ofskoon hulle minstens nie skaam is dat hulle Afrikaners is nie, maak hulle woedende selftrots ongelukkig dikwels van hulle bruikbare idiote waarmee die staatskorporatiewe bestel Afrikaners steeds as takhare kan voorstel, wat ook nie juis die breër Afrikanergemeenskap inspireer nie. Die verbetenheid waarmee hulle te werk gaan, sny hulle ook ongelukkig juis van die breër Afrikanergemeenskap en 'n koalisie van die toekoms af. Hulle is 'n betreklik klein groepie met min kommunikasiemiddele en 'n bietjie meer idees as die selfontkenners, maar hulle verbetenheid maak hulle taamlik sigbaar en help om die illusie van 'n regse Afrikanergevaar in stand te hou.

Die post-nasionale Afrikaners, waarby ek myself graag skaar, glo dat die nasionale vraagstuk slegs opgelos kan word as die koloniale staatskorporatiewe bestel in Suid-Afrika weerstaan en verander kan word sodat gemeenskappe se verhouding met mekaar voorop staan, en nie hulle verhouding met die staatskorporatiewe bestel nie. In terme van idees en getalle is hulle by verre die sterkste groep onder Afrikaners, maar hulle sit met 'n belangrike hindernis. Dit is naamlik dat die nuwe idees waarmee hulle ideeskeppers werk, nog nie wyd genoeg versprei is nie. Met ander woorde, die nuwe visie waaraan hulle ideeskeppers werk, kan nog nie die breë massa Afrikaners bereik en inspireer om uit hulle onttrekking en vervreemding te breek nie. Dit impliseer ook dat die geld waaroor hierdie groot groep mense beskik, nog nie doeltreffend aangewend word om 'n nuwe visie en 'n nuwe beweging te bou nie. Daar is op die oomblik 'n ongenaakbare oorlog tussen die simboliese ideeskeppers en die staatskorporatiewe selfontkenners, waarin geveg word om die hart van die breër Afrikanergemeenskap. Die selfontkenners wil die gemeenskap privatiseer, laat onttrek en modelverbruikers maak, terwyl die post-nasionale ideeskeppers die gemeenskap wil betrokke kry by die openbare lewe en van hulle vrye demokrate maak.

Post-nasionale Afrikaners se gemeenskaplike visie

Om "ons" te kan sê, beteken vir post-nasionale Afrikaners in die eerste plek 'n gemeenskaplike visie vanuit ons lang geskiedenis, wat ons kan begeester om te glo dat 'n ander wêreld in die toekoms moontlik is, en dat ons so 'n wêreld kan help skep as vrye gemeenskap saam met ander. Ek sluit deur te vra wat ons oor onsself glo, en wat ons oor ons wêreld glo, omdat wat ons oor onsself glo, dit vir ons moontlik maak om saam met ander gemeenskappe in 'n ander wêreld te woon. Ons glo die volgende vyf dinge oor onsself:

1) Deur die religie, die politiek, die kuns, die wetenskap, die tegniek en die denke het ons oor 350 jaar 'n inheemse simboliese tradisie geskep, waaruit

ons nie net bygedra het tot Afrika se vryheidstryde van die verlede nie, maar ook kan bydra tot Afrika se grootste vryheidstryd, wat te midde van gemeenskapsmiskennende globalisme nou begin.

2) Ons Afrikataal, wat die argief van ons inheemse simboliese tradisie is, het ons in staat gestel om die ingevoerde tegniese stelsel so toe te eien dat ons vryheidstryde kon en kan voer, en dat ons welvaart kan en kon skep. Dit is omdat ons ons taal 'n taal van die gedrukte woord kon maak, net soos ons dit nou 'n taal van die elektroniese era moet maak. Maar dit is ook omdat ons die balans tussen ons taal en die internasionale tale in die verlede kon vind, wat vandag opnuut nodig is.

3) Ons is trotse anti-imperiale en anti-koloniale demokrate wat ons waardigheid slegs verloor het toe ons onsself en ons mede-Afrikane tussen 1948 en 1994 gekoloniseer het. Gelukkig kan ons uit die ander 300 jaar put vir die anti-imperiale en anti-koloniale stryd wat Afrika nou moet aanknoop teen gemeenskapsmiskennende globalisme.

4) Deur instellings geskep uit die gemeenskap, en nie uit die staatskorporatiewe bestel nie, kon ons onsself as gemeenskap van geslag tot geslag oordra. Die belangrikste hiervan was en is ons kerke, maar ook ons skole, universiteite en burgerlike organisasies, wat vandag opnuut vanuit die ou bronne verlewendig moet word.

5) Ons is die kinders van Afrika se riviere, vlaktes en blou lug, en daarom weet ons dat ekologie nie maar 'n deel van die ekonomie is nie, maar die voorwaarde daarvan. Dit is nie verniet dat van ons grootste Afrikaners hulself as bewaarders van die natuur onderskei het nie.

Laastens, wat glo ons vanuit ons tradisie oor ons wêreld:

1) Ons glo in 'n planeet waar die vryheid en waardigheid van gemeenskappe voorop staan, waar die ekologie die ekonomie bepaal, en waar die ekonomie die platform vir skeppings van die gees, eerder as vir vergrype aan die liggaam is.

2) Ons glo in 'n Afrika waarin die tegniese stelsel nie die vernietiging van religie, taal, ekologie en gemeenskap beteken nie, maar waar dit in diens van hierdie dinge staan, en waar die grond en die gees van Afrika die wêreld kan help voed.

3) Ons glo in 'n Suid-Afrika waarin taalvryheid eerste, politieke vryheid tweede en ekonomiese vryheid derde kom, sodat die elitiste deur die edeles vervang kan word.

Dit is eers wanneer Afrikaners en hul mede-Afrikane in Suid-Afrika mekaar aan die ander kant van nasionalisme, kolonialisme en selfkolonisasie ontmoet, dat die nasionale vraagstuk opgelos sal word. As Suid-Afrika se sterkste post-nasionale gemeenskap kan die uitlewing van hierdie droom by Afrikaners begin.

_____

(1) http://www.anc.org.za/ancdocs/ngcouncils/2005/nationalquestion.html

(2) "'O moenie huil nie, o moenie treur nie, die jollie bobbejaan kom weer': Oor Marlene van Niekerk se *Agaat*", *Die Vrye Afrikaan-Intussen*, Vrydag 21 Januarie 2005, http://www,vryeafrikaan.co.za/lees.php?id=105. In daardie opstel het ek onderskei tussen selfopheffers, nasionaliste en nuwe Afrikaners, waarna ek in hierdie opstel verwys as selfontkenners, nasionaliste en post-nasionale Afrikaners.

Wat is op die sakelys in gesprek met die regering?

Deur Hermann Giliomee*

In 'n era waarin Afrikanernasionalisme finaal afgelope is, is daar veral drie dinge waaroor Afrikaners as 'n gemeenskap begaan is.

- 'n Realistiese kans dat Afrikaans as openbare taal sal oorleef, wat in die eerste plek 'n bepaalde voertaalbeleid in die onderwys vereis
- 'n Billike kans om werk te kry
- Die bewaring van 'n bepaalde historiese erfenis

Daar is 'n roemlose geskiedenis van tien jaar van ANC-leiers wat versekerings gee en paai, terwyl die erosie van Afrikaans in skole, universiteite en ander instellings van die openbare lewe radikaal agteruitgegaan het en die Afrikaners, soos ook bruin Afrikaanssprekendes, hulle al meer op die verdediging in die aangesig van 'n aggressiewe swart nasionalisme bevind het.

Dit het tot grootskaalse ontnugtering en vervreemding gelei ná die aanvanklike optimisme oor 'n nierassige bedeling waarin almal erkenning geniet.

Hierdie artikel sal op die eerste van die drie sake klem lê.

Die storie van 'n "meganisme"

Wat die Afrikaanse minderheid in die nuwe demokrasie betref, is een van die heel belangrikste toesprake op 24 Maart 1999 in die Parlement gehou. Hierin het Adjunk-President Thabo Mbeki, kort voor hy as president sou oorneem, aangekondig dat daar 'n "taalmeganisme" in die presidentskantoor gevestig gaan word. Dit sou in samewerking met die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PANSAT) sorg dra dat daar geen oorhaastige en onverantwoordelike besluite oor taal geneem word nie.

Deur middel van hierdie meganisme moes verseker word dat die grondwetlike regte ten opsigte van taal, kultuur en godsdiens, insluitende die instandhouding van enkelmediumskole en moedertaalonderrig, eerbiedig word.

Indien enige instelling in die staat- of semi-staatsektor veranderings in taalbeleid wou aanbring, moes dit volgens Mbeki die "meganisme" in die President se kantoor en PANSAT in kennis stel om advies oor die saak te gee. Waar veranderings in taalbeleid aangebring word, moet die redes duidelik uitgespel word.

By dieselfde geleentheid het Mbeki gesê dat die nasionale en provinsiale departement van onderwys 'n meganisme moet skep wat kan verseker dat, in ooreenstemming met die Grondwet, ouers 'n volle rol speel in beheerrade wat die skool se taalbeleid vasstel.

Hierdie was 'n omvattende beleidsverklaring, en die gemoedere wat in daardie stadium in Afrikaner-geledere hoog geloop het, het bedaar. Op navraag is verklaar dat hierdie "taalmeganisme" in die kantoor van Adjunk-President Jacob Zuma geplaas gaan word.

Nou: Jacob Zuma is 'n vriendelike en selfs charismatiese politikus, maar die een keer, vroeg in 2000, dat ek hom ontmoet het, het hy nie enige blyke gegee van vaardigheid in die hantering van taalsake en ander minderheidskwessies nie. Ek, Ton Vosloo en Van Zyl Slabbert het hom gaan spreek oor 'n aantal kwessies rakende Afrikaans en die loopbaanvooruitsigte van wit Afrikaanse mans.

Hy het ons vriendelik ontvang nadat hy homself nederig beskryf het as "die kofferdraer van die ANC". Hy het geluister en geglimlag terwyl ons praat oor die kwessies wat ons gekwel het. Dit was 'n aangename vergadering, maar wat ontstellend was, was dat hy geen assistent by hom gehad het wat notas geneem het nie. Behalwe as Zuma 'n fotografiese geheue het, het ons gesprek in Shell House net daar doodgeloop.

Later het ek 'n sogenaamde *aide memoire* van die gesprek aan Zuma gestuur met voorstelle vir 'n "hotline" tussen die Adjunk-President se kantoor en die Afrikaanse taalgemeenskap. Daar was geen reaksie nie. Miskien het hy ander probleme gehad.

Ek moet erken dat ons moontlik hier gefouteer het. Dit sou miskien goed gewees het as daar van Afrikaanse kant alles in werking gestel is om hierdie meganisme te laat instel en goed funksioneer. Maar ek dink nie daar was werklik 'n wil aan die kant van die President of die Adjunk-President se kantoor nie. Daar was alle tekens dat die Presidentskantoor die bekende taktiek van praat gevolg deur inersie of beweginglosheid toegepas het.

'n Parlementêre vraag

In die loop van 2004 het ek in 'n terloopse gesprek met Tony Leon terloops van pres. Mbeki se voorstel vir 'n taal- en onderwysmeganisme hierdie episode vertel. Bedrewe politikus wat hy is, het hy dadelik in die Parlement vir Pres. Mbeki 'n skriftelike vraag gestel. Wat het geword van die meganisme in die President se kantoor wat hy in 1999 in die vooruitsig gestel het?

---

* *Historikus en skrywer van* Die Afrikaners *(Kaapstad: Tafelberg, 2004)*

Mbeki se antwoord was ontwykend. Die meganisme was nie meer nodig nie, het hy verklaar, want hy het ander maniere gevind om met die Afrikaners te kommunikeer. Wie die Afrikanerleiers of -organisasies was met wie hy gekommunikeer het, het hy nie gesê nie. Die Afrikanerbond? Sekere sakeleiers? Die Vryheidsfront? Ons weet nie. Maar laat my weer sê: Ons het hier 'n kans laat glip. Miskien moet ons probeer om dit weer op die agenda te kry.

In dieselfde toespraak in die tweede helfte van 2004 het Mbeki gesê Afrikaners se bekommernisse oor taalbeleid in skole en moedertaalonderrig gaan aandag kry. Hy het aangekondig dat die nuwe minister van onderwys, mev. Naledi Pandor, ingestem het om met 'n groep Afrikaners te praat om tot 'n regverdige vergelyk oor die kwessies te kom.

Skynbaar botsende seine

Botsende seine oor taal uit die President se kantoor duur voort. Vroeg vanjaar het Bheki Khumalo, Mbeki se woordvoerder, in 'n *Sunday Times*-artikel (1) gekla dat sy kinders "uitgesluit" word uit die naaste skool aan sy huis. Die skool is 'n Afrikaans- enkelmedium-skool. In ander gemeenskappe vind mense eers uit oor skole voor hulle 'n huis koop, maar by die ANC-elite is dit blykbaar nie die geval nie. Dit is duidelik dat mense in die President se kantoor dink 'n skool se plig is om toegang in Engels te verleen.

Dit is egter nie net die elite se gerief wat ter sprake is nie. Dit is ook die krisis van disfunksionele skole in die townships op wie die medium Engels veels te vroeg afgedwing word. Die amptenare se aanslag op die Afrikaanse skole spruit uit 'n kombinasie van hardnekkigheid en desperaatheid om kinders in minder as 20% van die skole te kry wat goed funksioneer.

En so gaan dit aan. Kom ons kyk wat net in die laaste ses weke gebeur het. In 'n gesprek tussen 'n afvaardiging van die Vryheidsfront met die Minister van Onderwys, die Minister van Kuns en Kultuur en die Minister#? in die President se kantoor word die versekering gegee dat daar wel plek is vir Afrikaans "as a single medium of instruction in schools and as a dominant medium in universities." (2) Ek kry onlangs van Duncan Hindle, Direkteur-Generaal van Onderwys in 'n e-pos dieselfde versekering. Hindle skryf soos volg:

> "We have no issue at all with single medium Afrikaans (or any other language) schools. This is borne out by the fact that schools like Affies and Meisies (up here, others elsewhere) are under no threat; no suggestion they should be doing anything different. The condition of course is that these institutions should be fully utilised - given the shortage of good school facilities we cannot have unused school places in our country, I am sure you would agree. Therefore as long as a school is full, no problem."

Maar op dieselfde dag as wat ek die e-pos kry, berig Alet Rademeyer in *Beeld* dat amptenare weier dat Afrikaanse skole in Gauteng hulle skole met Afrikaanse kinders volmaak. Hulle dring daarop aan dat voorrang verleen word aan kinders van die voedingsgebied en voedingskole.

Terug na die laaste week van Julie. *Die Burger* berig dat die Minister van Arbeid in 'n toespraak voor die Black Management Forum "gal gebraak het oor mense in Suid-Afrika wat kunsmatige skanse in stand hou deur taalregte voor te hou. Hy het spesifiek verwys na die Laerskool Mikro in Kuilsrivier wat Afrikaans as onderrigmedium in die Hooggeregshof verdedig het." (3)

Net twee dae later word in die ANC se weeklikse elektroniese nuusbrief "ANC Today" gevra: "If we accept that no school in South Africa may any longer claim to be for the exclusive use of any race, why is it so hard to accept that no school may any longer claim to be for the exlusive use of any one language group?" (4) Niemand wat nie die taalsituasie ken nie, sal daarvan bewus wees dat in 90% van die skole slegs Engels as voertaal gebruik word nie.

Op die oog af lyk die regering se beleid oor voertaal en toegang tot skole na 'n Babelse verwarring. Dit is egter nie so nie. Die konstante faktor is dat die regering "access" deur middel van Engels as 'n supernorm gebruik. Hy is bereid om uitsonderings te maak waar enkelmedium goed gevestig is, soos Oranje in Bloemfontein of Affies in Pretoria, maar die supernorm staan.

Die Appèlhof-uitspraak

Op 27 Junie het die Appèlhof na aanleiding van die uitspraak van die Kaapse Hooggeregshof oor die Mikro-skool besluit dat, waar daar alternatiewe in Engels bestaan, die individu 'n reg teen die staat het om onderrig ook in enkelmediumskole te ontvang. Hierdie uitspraak is 'n kategoriese verwerping van "access" as supernorm. Die uitspraak verklaar dat onderrig in staatskole in die taal van keuse 'n reg teen die staat is. Die staat moet waar redelik enkelmedium-instellings toelaat. (5)

Na die Appèlhof-uitspraak in die Mikro-saak het die amptenary in Gauteng nietemin lustig voortgegaan om skole te dwing om leerlinge met ander taalvoorkeure in te neem. Die taktiek wat gebruik word, is om die voorskrif te gee dat leerlinge van voedingskole en voedingsgebiede voorrang moet kry.

Leerlinge kan weggewys word van Afrikaans-mediumskole omdat hulle nie in die skole se voedings-gebied is nie. Die Departement dring ook daarop aan dat die skool se beheerliggaam eers oor voertaal kan besluit nadat die leerders onder die bogenoemde norm ingeneem is. Regskenners meen dis beslis strydig met die Grondwet en die Mikro-uitspraak.

Dié optrede het tot gevolg dat enkelmedium-skole nie vol kan bly nie, omdat Afrikaanse leerders buite die voedingsgebiede weggewys word. Die skole word só gedwing om Engelstalige leerlinge in te neem.

Mnr. Paul Colditz, nasionale voorsitter van die Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole, het gesê die staat kan geen kind dwing om na 'n skool te gaan waarheen hy nie wil gaan nie. "Dit is heeltemal ongrondwetlik en druis in teen die beginsel van vrye assosiasie. Ouers het die reg om hul kinders

in te skryf waar hulle wil, met inagneming van die skool se eie toelatingsbeleid en ander bepalings in die Grondwet." (6)

Ek wil wat onderwys betref die volgende voorstel:

(a) Na die onlangse Appèlhof-uitspraak oor Mikro behoort daar nie verdere gesprekke met die regering te wees waar die supernorm van "access" geld nie; ons kan net praat binne die raamwerk van die Grondwet wat enkelmediumskole as 'n grondwetlike reg teenoor die staat vestig, 'n reg wat pas deur die Appèlhof bekragtig is.

(b) Die volgende stap behoort te wees om 'n register op te stel van Afrikaanse enkelmediumskole met die oog daarop om hierdie skole vol te maak van kinders wat deur medium van Afrikaans onderrig wil ontvang.

(c) In die geval van parallelmediumskole behoort die gesprek te gaan oor streng reëls om te sorg dat die Afrikaanse stroom nie uitkalwer nie.

(d) Waar dubbelmediumskole funksioneer, behoort die regering daarop gewys te word dat skoolrade toegelaat moet word om hul bestaande magte te gebruik om van dubbelmedium na parallelmedium oor te gaan. Dit is duidelik dat Afrikaans homself op die lange duur nie behoorlik kan handhaaf in die konteks van dubbelmedium nie.

Onderhandelinge oor onderwys

Die vraag is wie hierdie soort van onderhandelinge moet voer. In sy boodskap aan my skryf Dr. Hindle dat Afrikaans as onderrigtaal "appears to have many "mouthpieces". Die mense in die regering skyn nie daarvan bewus te wees dat die regering self uit soveel verskillende monde oor die onderwys praat nie.

Vroeër vanjaar het ons op 'n kongres van die FAK besluit om die versameling van inligting oor Afrikaanse skole aan die FAK op te dra. Ek wonder egter of ons nie die net moet wyer gooi en 'n sambreelliggaam moet saamstel nie. Dit moet bestaan uit verteenwoordigers van die FAK, Fedsas, SAOU, Nasionale Taalstrategie, PANSAT, en enige liggaam wat onderwys in ander inheemse tale wil bevorder. Dit moet 'n sekretariaat vestig. Dit sal waarskynlik op sy beste onder die SAOU ressorteer.

Maar ons moet ook wyer dink oor die kwessie van verantwoordelikheid neem vir Afrikaans. Ek het van amptenare in die Wes-Kaapse onderwysdepartement verneem dat daar slegs in die Wes-Kaap beplan word vir die vraag na onderwysers wat deur medium van Afrikaans kan klasgee. 'n Al dringender vraag na Afrikaanse onderwysers sal ontstaan. Volgens die SAOU het die aanbod van Afrikaanse onderwysers met 'n derde van 38 000 tot 24 000 afgeneem.

Die voorgestelde Onderwyssambreelliggaam kan die rektore van die Histories Afrikaanse Universiteite vra om die dekane van die fakulteite van opvoedkunde te benoem om deel van die sekretariaat te word, met die oog op navorsing en beplanning van onderwys in Afrikaans en ander inheemse tale in hul streek. Die Universiteit van die Vrystaat kan verantwoordelikheid neem vir die Sentrale Streek, die Potchefstroom-kampus van die Noordwes-universiteit en die Universiteit van Pretoria vir die ou Transvaal en die Universiteit van Stellenbosch vir die ou Kaapprovinsie.

Die universiteite se werwers kan leerlinge inlig oor die behoefte aan onderwysers wat deur medium van Afrikaans klasgee. Voor leerlinge die Afrikaanse onderwys sal kies, sal hulle versekering oor veral twee dinge wil hê:

- Die volhoubaarheid van Afrikaanse skole
- Die volhoubaarheid van Afrikaans op universiteit

Wat die eerste vraag betref, wil ek graag aanhaal uit 'n verslag van Bertie du Plessis oor die stand van Afrikaans op skoolvlak.

> "Dit is belangrik om daarop te let dat die totale getal Afrikaanse kinders op skool nagenoeg 1,2 miljoen was volgens die 2001 sensus. Met die gemiddelde van die aanwas tussen bruin en wit van 0.9% vir wit en 1.9% vir bruin (STATSSA se projeksie) kan ons verwag dat die aantal Afrikaanse kinders op skool minstens nie in die periode na 2013 betekenisvol sal krimp nie, al word die persentasie Afrikaanssprekendes tot die bevolking as geheel kleiner as gevolg van groter tempo in aanwas onder die swart bevolking. Ons kan dus verwag dat daar in 2013 steeds bykans 1,2 miljoen Afrikaanse leerders op skool sal wees. Waarop hierdie navorsing nie die antwoord gee nie, is of daar wel genoeg onderwysers sal wees om deur medium van Afrikaans onderrig te gee.
>
> Waarskynlik is die belangrikste vraag of Afrikaanse ouers en kinders die begeerte en die wilskrag het om Afrikaanse skole te bly ondersteun. Die kinders is daar." (7)

Die tweede vraag handel oor die volhoubaarheid van Afrikaans op universiteitsvlak. Daar is sterk getuienis dat sommige ouers hul kinders op skool in Engels laat onderrig omdat hulle glo dat die universiteite aan die verengels is. In die meeste gevalle is die geloof op verkeerde persepsies gebaseer, maar dan moet ek dadelik byvoeg dat die universiteite nie altyd oor die taalkwessie goed genoeg kommunikeer nie.

Nic Grové, registrateur van die Universiteit van Pretoria, het onlangs in 'n onderhoud 'n gedagte geopper wat groot meriete het. Hy het gesê dat universiteite die versekering moet gee dat hulle kinders in Graad 1 wel sekere sleutelmodules in programme sal kan volg wanneer hulle eendag op universiteit kom.

Ek kan aan min ander voorstelle dink wat die idee van Afrikaans as 'n volhoubare medium van tersiêre onderrig beter sal bevorder.

Uiteindelik is loopbaan in 'n taal deurslaggewend in die taalkwessie. Wallies maak tans vinniger onder die jonger vordering as vroeër onder die ouer geslag, omdat daar veral in die openbare sektor werksgeleenthede in Wallies is. Ons moet aan maniere dink om die uitstekende Nasionale Taalplan en die ewe uitstekende Nasionale Taalwetsontwerp van die rak af te kry en dit in die wetmaakproses in te voer. Miskien

kan die voorgestelde Onderwyssambreelliggaam hier die voortou neem om die regering te vra om die taalplan en taalwetsontwerp op die agenda te plaas.

Postnasionalisme en die belange van Afrikaners

In die eerste tien jaar van die demokrasie wou die regering nie werklik 'n oop gesprek oor die regmatige *belange* van minderhede hou nie; dit wou eintlik net praat oor swart verontregting en swart belange. Die gevolg is dat daar 'n bepaalde dinamiek ontwikkel het. In 'n ander verband het Charles Taylor, die bekende Kanadese filosoof, gepraat van die dinamiek van demokratiese uitsluiting. Diegene wat oor die onderwys wil praat, maar nie "access" as die raamwerk wil gebruik nie, word uitgesluit *in die naam van die demokrasie.* Hulle is rassiste wat nie die prioriteit van die herstel van swart griewe erken nie (8).

Hierdie soort politiek is nie nuut nie. In die eerste drie dekades van die Unie van Suid-Afrika was daar baie Engelssprekendes wat niks daarvan gehou het dat die Afrikaners Artikel 137 van die Unie-Grondwet gebruik het om op die gelykheid van die twee ampstale aan te dring nie. In die eerste twee of drie dekades nadat die Unie van Suid-Afrika tot stand gekom het, is daar dikwels na die stryd tussen die twee blanke gemeenskappe as 'n rassestryd verwys waarin die Angel-Saksiese en die Hollandse "rasse" teen mekaar te staan gekom het. Indien die Afrikaners van Artikel 137 van die Grondwet gebruik gemaak het om gelykheid tussen die twee ampstale af te dwing, het sekere Engelssprekendes hulle graag van rassisme beskuldig. En toe op 'n dag het C.J. Langenhoven aan 'n Engessprekende gehoor die vraag gestel: "Why is it that your racism is always politics and my politics is always racism?"

Ons kan inderdaad vandag presies dieselfde vraag stel. Waarom is die ANC se rassekaart altyd politiek en ons taalpolitiek altyd rassisme?

---

(1) "Historical hangovers make a mockery of equal education", *Sunday Times*, 23 Januarie 2005.
(2) *Cape Times*, 27 Julie 2005, p.5.
(3) *Die Burger* 27 Julie 2005, S1.
(4) ANC Today, 29 Julie tot 4 Augustus 2005.
(5) Andreas van Wyk, "Skole en die grondwet", *Die Burger*, 8 Augustus 2005.
(6) *Beeld*, 23 Augustus 2005.
(7) Bertie du Plessis, "Beknopte Verslag van Verengelsing in Afrikaanse Skole in Wes-Kaap, Gauteng, Vrystaat, Mpumalanga, Noordwes en Limpopo, 1993 - 2003."
(8) Charles Taylor, "The Dynamics of Democratic Exclusion" in *Journal of Democracy* vol. 9, no.4, Oktober 1998, p.155.

Wat kan van die regering verwag word?

Deur Lawrie Schlemmer*

Hoe sal die regering op meer intensiewe druk en vertoë vanuit Afrikanergeledere reageer? Alhoewel die regering baie dikwels aandui dat hy graag positief op goedgemotiveerde vertoë van belangegroepe sal reageer, kan hierdie vraag ongelukkig nie met enige sekerheid beantwoord word nie. Die finale antwoord sal slegs uit volgehoue wisselwerking tussen Afrikaners en die regering met die verloop van tyd uitkristalliseer.

Die redes waarom my antwoord so ontoereikend moet wees, sluit die volgende oorwegings in:

Redes vir onsekerheid

- Die ANC is al baie dikwels as 'n 'breë kerk' beskryf, of anders gestel 'n sinkretiese beweging waarbinne allerlei teenstrydige beginsels versoen kan word. Die ekonomiese beleid van die regering poog byvoorbeeld om 'n strenge markdissipline op makro-ekonomiese vlak met grootskaalse inmenging in die mark op ander ekonomiese terreine te versoen, en daar is baie ander voorbeelde. Met ander woorde, waar baie harde belange soos mag of materiële voordeel nie op die spel is nie, is die politieke bewind baie onvoorspelbaar.
- Alhoewel die regering al tien jaar in die saal sit, het hy nog nie oor sy bestuursbeginsels besin nie. Die rede is eenvoudig dat sodanige beginsels uit gewone landsbestuur voortspruit, terwyl die ANC-regering nog nie hierdie 'normale' taak met volle erns opgeneem het nie. Die ANC is nog steeds besig met die selfopgelegde taak van maatskappy-omvorming of, soos hy dit noem, transformasie. Allesomvattende projekte van dié aard stel alle normale bestuurkeuses ondergeskik aan die groot doelwitte van herstrukturering. Dit wil nie sê dat die regering sy bestuurstaak ignoreer nie, maar dit word nie as sentraal tot sy roeping gesien nie en daarom is hy op hierdie terrein uiters wisselvallig.
- Die Grondwet is miskien die fermste anker in ons openbare bestuur en behoort 'n bron van gerusstelling oor taal- en kultuurregte te wees. Die regering het egter al bewys dat waar die Grondwet nie die eise van die oomblik pas nie, daar verskeie maniere gevind kan word om die bepalings te neutraliseer of te vervaag. Die versekerings oor taalregte wat die Grondwet behoort te bied, het in die geval van die amptelike gebruik van ons elf amptelike tale eenvoudig weggesmelt, hoofsaaklik omdat die regering altyd agter die verskoning van 'n hulpbrontekort kan skuil. Daarom het dr. Van Zyl Slabbert en ander al na die 'politieke koöptering van die Grondwet' verwys.
- Ideologie is dikwels ook 'n vaste basis vir die voorspelling van reaksies. Die huidige spanning binne die regering is egter voldoende bewys dat die regering nie deur enigeen van die meer bekende ideologiese raamwerke gelei word nie. Terwyl sosialiste aanvanklik groot hoop en vertroue in die ANC as 'n moderne demokraties-rewolusionêre beweging gevestig het, is die deurlopende spanning tussen linkse vennote en die regering tans baie tasbaar. Terwyl sakeleiers ná die aanvaarding van die GEAR-beleid hulle hoop op 'n markgerigte beleid gevestig het, wyk die regering van hierdie beginsel af waar dit hom enigsins pas.

Onvoorspelbaarheid beteken egter nie dat die taak onbegonne is nie. Daar is redes vir sowel optimisme as pessimisme, en daarom behoort Afrikaanse belangegroepe nie noodwendig mismoedig te raak nie. Die volgende is my redes vir versigtige optimisme:

Positiewe aanduidings

1. Suid-Afrika word dikwels lof toegeswaai vir sy grootse demokratiese eksperiment in 'n voorheen diep verdeelde samelewing. Hoewel die internasionale reaksies altyd baie oppervlakkig is, baat ons beeld in die buiteland daarby. Die regering baat ook deurdat sodanige bewondering na sy kant toe oorspoel. Die top besluitnemers besef dit terdeë. Daar is miskien ook 'n bietjie ekstra bewondering waar die regering gesien word om sy vorige onderdrukkers, die Afrikaners, met respek en eerbied te behandel.
2. Tot dusver het die regering baie min van die vertoë wat aan hom gerig is summier van die hand gewys of kras verwerp. Dis gewoon nie sy styl nie, en daarom bestaan daar altyd die kans dat 'n saak wel gestel kan word. Daar moet net nooit die naïewe verwagting van duidelike positiewe uitkomste wees nie.
3. Die kabinet is deesdae aan baie felle kritiek van binne sy eie alliansie onderworpe. Vergeleke met die opposisiemetodes wat binne ANC-kringe gebruik word, is die groeperinge wat die saak vir Afrikaanse belange stel baie gematig en verantwoordelik. Dus kan daar gehoop word dat die kontras vir die Afrikanersaak by die regering simpatie sal wen.
4. Onlangse uitlatings deur die President en ander regeringspreekbuise gee minstens die indruk dat *sommige* mense binne die regering Afrikaners as beide

* *Politieke sosioloog en direkteur van die Helen Suzman-stigting*

patrioties en inheems beskou - ook ’n bron van moontlike simpatie.

5. Ofskoon die ANC met een van die grootste verkiesingsmeerderhede ter wêreld regeer, is daar duidelike tekens dat die stempersentasies in die twee afgelope verkiesings beduidend afgeneem het. Daar sal miskien ’n tyd aanbreek wanneer die regering baie doelgerig sy visier na wit kiesers toe sal moet draai om sy dominante meerderheid te beskerm. Die grootte van die meerderheid is vir die ANC ’n geweldige bron van trots en sekereheid. Beduidende wit steun sal eweseer ’n pluimpie vir die ANC wees.

Redes vir pessimisme

1. Ons het reeds gesien dat waar die ANC onder druk uit eie geledere kom, daar wal gegooi word met grype na populistiese simboliek. In hierdie dinamika word Afrikanerbelange maklik geïgnoreer. Afrikaners kan hulself moeilik as verdienstelike minderbevoordeeldes voorhou.

2. Hoewel ruim 50%-60% van die ANC se steun matig simpatiek teenoor die Afrikanertaal en kultuurstrewe is, bly daar ’n meer verpolitiseerde minderheid van aktiviste wat die meeste raas en volgens wie die lewenspeil en geleenthede van Afrikaners daadwerklik afgeskaal behoort te word. Die regering kan dit net nie bekostig om hierdie drukgroepe te ignoreer nie.

3. Amptenare verkeer ook onder geweldige druk om met beperkte hulpbronne dienste van alle soorte te lewer en te verbeter. Hulle word dus deurlopend in die versoeking gestel om fasiliteite van die wit middelklas hiervoor te buit, veral skole wat nie vol is nie, behuisingsgrond, plase natuurlik en ook ander openbare fasiliteite en dienste soos bv. mediese skemas. Dit is feitlik onmoontlik om hierdie rustelose soeke te keer.

4. Die bemagtigingsveldtogte in die sakewêreld is ’n besondere suksesmodel in transformasie. Die beginsel is eenvoudig: vind ’n suksesvolle aktiwiteit of instelling wat deur wittes gedryf word en kaap dit ter voordeel van minderbevoorregtes. Suksesmodelle word nie maklik as gevolg van enige gesprek laat vaar nie.

5. Die belangegroepe wat die meeste publisiteit kry vir liefdadigheid onder die swart armes is die groot en toenemend Engelstalige sakeondernemings en hoër middelklas Engelssprekendes. Hoewel baie reeds onder Afrikaners in dié verband gebeur, word Afrikaners nie genoeg gesien as mense wat hulle oor die omstandighede van die armer klasse ontferm nie.

6. Maghebbers in jong demokrasieë is baie dikwels geneig om na minderhede en etniese belange te vry met die belofte van spesiale beskerming, terwyl die motiewe eintlik daarop gemik is om die groepe te koöpteer en om hulle teen die gevaarlikste opposisiepartye te draai. Klink dit nie effens soos die ANC/NNP-verhaal nie? Indien daar gekoöpteer word, moet die prys hoog en duursaam wees.

Breed gesien, sal politieke minderhede in SA egter nooit seker van hul sekuriteit en aanspraak op regte kan wees voordat ons demokrasie ‘ryper’ geword het nie. In die wêreld is daar basies drie soorte demokrasieë: ‘verteenwoordigende’ demokrasie wat baie maklik tot ’n meerderheidsbestel omvorm kan word; federaal-konsosiatiewe demokrasieë waarin mag verdeel en versprei word; en derdens pluralistiese stelsels waarbinne daar soveel formele en informele remmings op mag is (‘checks and balances’) dat minderhede altyd alleen of saam met ander belangegroepe beskerm word. Die grootste verskille tussen model 1 en model 3 lê nie in die formele Grondwet nie, maar in die politieke kultuur en die krag van die onafhanklike burgerlike drukgroepe wat politici makmaak. Ons moes eintlik met groter ywer ’n federale model nagestreef het, maar daardie moontlikheid was al voor 1994 neusie verby. Daarom moet ons deur die verstewiging van onafhanklike burgerlike aksies die grondslag vir ’n pluralistiese bestel begin uitbou. Dit het elders in die verlede eeue geneem, maar hopelik kan dit hier by ons binne drie, vier of vyf dekades bereik word.

Intussen sal die regte en lewensruimte van minderhede in die gedrang bly. Daarom behoort enige belangegroep wat homself nie by die regering wil of kan skaar nie sy demokratiese spiere te begin ontwikkel in die burgerlike samelewing. Dit is veral belangrik dat enige vertoë aan die regering soveel moontlik versterk moet word deur die sameflansing van sinergieë - steun van ander taalbelange, buitelandse ondersteuning, beduidende sakeondersteuning en ook ondersteuning deur die media en vanuit die kerk waar moontlik. Wat egter miskien die meeste tel is grondvlak-ondersteuning vanuit die gemeenskap. Daar wag dus ’n baie omvattende taak van netwerk bou en mobilisering - iets wat Afrikaners tot dusver feitlik nie aangeraak het nie.

Terwyl dit uitgebou word, sal daar wel suksesse in die gesprek met die regering wees, maar ook terugslae - die wet van vra is vry en weier daarby.

Nou wat vir ’n ding is ’n Afrikaner?...

Deur Hermann Giliomee en Lawrie Schlemmer

Een van die paradokse van die post-1994 era is dat van die meningsvormers en besluitnemers wat deelneem aan die “identiteitsdebat” nie meer as Afrikaners bekend wil wees nie. ’n Meningsvormer het dit selfs as ’n muwwe konsep bestempel.

Die term Afrikaner het van die begin af twee definisies gehad. Die een was oop - dit is enigiemand wat sy bestaan hier maak en Suid-Afrika se belange bo ander belange stel: ook Jan Smuts het homself in hierdie sin ’n Afrikaner genoem. Maar ongeveer tussen die jare 1955 en 1975 - dit verteenwoordig ’n skrale twee dekades in ’n geskiedenis van 300 jaar wat die term gebruik is - het die apartheidselite ’n enkele, eng definisie probeer afdwing: die Afrikaners was nou wit, konserwatiewe, Calvinisties-ortodokse, anti-Kommunistiese ondersteuners van die Nasionale Party en lid van die gereformeerde kerke. Die veronderstelling was dat jy jou met al hierdie beweerde groepseienskappe moet identifiseer en dat jy geen ander politieke identiteit kan hê nie.

Vandag dink ons heeltemal anders oor identiteitskwessies. ’n Mens is ’n Afrikaner omdat jy jou met die groep en sy hele geskiedenis vereenselwig, maar nie noodwendig met spesifieke waardes of met sekere aansprake op die staat nie. En dit is maar een van verskillende identiteite wat ’n mens aanhang. Jy is ’n Afrikaner maar ook ’n Suid-Afrikaner en Afrikaan. Jy is ’n Afrikaner maar ook ’n Westerling en ’n Christen of aanhanger van ’n ander geloof, of ’n ateïs.

Om die idee van Afrikanerwees te verwerp, is nie maar net ’n akademiese kwessie nie. Studies toon aan dat die belangrikste faktor vir die behoud van ’n taal die houding van die sprekers teenoor hulle taal is en die belangrikheid wat hulle aan die taal heg as ’n vername simbool van hul identiteit. Afrikaans sal nie van marginalisasie gered word deur mense wat dit bloot as instrument vir kommunikasie sien nie. Die kern in enige taalstryd is diegene wat die taal as deel van hulle identiteit sien.

Die tema van herdenking word al hoe belangriker na die traumatiese 20ste eeu. Dikwels beteken herdenking blote vermelding eerder as om werklik te vra wat het gebeur en wat dit nou beteken - daarom hierdie dossier. André Wessels gee 'n afgemete, ingehoue weergawe van hoe dit was om op 7 Julie vanjaar in Londen te wees. Lina Spies dink na oor Auschwitz en apartheid, en hoe onbetaamlik die vergelyking tussen dié twee is. Anton Ehlers skets die ontstaan van die Vryheidsmanifes (Freedom Charter) en waarom dit steeds 'n faktor in die Suid-Afrikaanse politiek bly.

Londen, 7/7

Getuienis van 'n eindelose dag

Deur André Wessels[*]

Londen, Donderdag 7 Julie 2005. 'n Bewolkte, ietwat koelerige dag met die moontlikheid van ligte buie. Dit is my voorlaaste vol dag in die hoofstad van wat voorheen vir sowat twee eeue lank die wêreld se enigste supermoondheid was. Dit is steeds 'n wêreldstad - vir baie, insluitende myself, dié wêreldstad. My *home from home*.

Oor twee dae vertrek ek huis toe na afloop van 'n maandlange oorsese besoek. My dag is, soos gewoonlik, haarfyn vooruit beplan. Tyd is min. Soos altyd is daar nog baie om te doen. Daar is nie tyd vir nonsens nie. Na ontbyt in die eetsaal (Canterbury Hall, 'n koshuis van die University of Londen) vinnig terug na kamer 122. (Spartaans, maar relatief bekostigbaar vir 'n gewone salaristrekker wat ponde met rande moet koop; en baie sentraal geleë … amper soos daardie radio-advertensie sê, maar voeg by British Library en laat Loftus weg.) Gryp pakkie (08h50) en drafstap uit, deur die voorportaal, regsdraai buite in Cartwright Gardens, oor Hastings Street, regs in Bidborough Street.

Die pakkie word, hoe verder ek loop, al hoe swaarder. Ek wonder hoeveel gaan dit my dié keer kos om duplikate van navorsingstof, plus poskaarte, brosjures en ander memento's aan 'n oorsese reis terug te pos na die *States* ("surface mail, the cheapest possible way to get it to South Africa, even if it takes six months to get there!" - hulle ken al die refrein by "my poskantoor", oorkant King's Cross Station). Tasbare herinneringe aan 'n suksesvolle maandlange oorsese reis wat my eers na Swede geneem het (onder meer vir navorsing by die Nordiska Afrikainstitutet te Uppsala) en dan in Londen vir navorsing by die National Army Museum en die British Library - en tussen-in 'n besoek aan Portsmouth om saam met derduisende Britte plus matrose aan boord meer as 100 oorlogskepe van 37 lande die 200ste herdenking van die slag by Trafalgar mee te maak. Maar nou is dit ek en die pakkie en die poskantoor - en van daar moet ek na die British Library om die boeke wat ek vooraf bespreek het te raadpleeg - en hopelik sal daar later die dag tyd wees om die Living Museum in St James's Park te besoek (uitstallings om die einde van die Tweede Wêreldoorlog 60 jaar gelede te herdenk).

Dit is nou 'n minuut of wat na negeuur. Nadat ek links gedraai het in Argyle Street en dan feitlik onmiddellik regs in Euston Road, kom ek nie onmiddellik agter dat daar iets fout is nie. Dit is spitstyd en dit is oorkant St Pancras en King's Cross Station. Dit is omtrent altyd ontsettend besig hier en al loop jy in watter rigting voel dit die meeste van die tyd dat jy hier stroom-op loop. Ek klou aan my pakkie. Maar na 'n rukkie besef ek dat ek inderdaad nou probeer om teen 'n see van mense deur te beur na "my poskantoor", en ek sien mense by King's Cross Station se in/uitgange uitborrel - dit is opvallend dat niemand ingaan nie. Ek tel op dat daar van 'n "fire alarm" gepraat word. Niks vreemds nie. Toe ek twee dae tevore letterlik my voet op die eerste trap af na die Westminster-moltreinstasie (kom ons noem dit eerder wat dit is: die Tube) wou neem, gaan die brandalarm oorverdowend af en moet ek en 'n paar honderd ander pendelaars 'n alternatiewe Tube-roete bedink. Dit gebeur feitlik daagliks. Ek vergeet van die mense en pos my pakkie. Gelukkig toe nie so swaar/duur as wat ek gevrees het nie. 'n Mens kan jou met baie dinge misgis.

Next stop British Library. Ek kry die indruk dat ek nou saam met 'n stroom mense beweeg, maar my gedagtes is by die boeke wat vir my wag in die wonderlikste biblioteek ter wêreld. In by die hoofingang, skuins verby 'n sekuriteitsbeampte wat redelik belangeloos in die voorportaal ronddrentel, op met die roltrap, in by die Humanities 1-leeskamer. Dit is net na 09h30.

Jy moet gewoonlik toustaan vir jou boeke. Weet hulle nie dit is my voorlaaste dag in Londen nie! Uiteindelik. Die dame verdwyn met my besonderhede na die kamer waar boeke vir jou gebêre word. Sy bly besonder lank weg. "Sorry sir, your books have not yet arrived, but they are on their way. Please come back

[*] *Professor, Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat*

around noon." Dít pas beslis nie in by my beplanning nie. Ek dwaal 'n rukkie rond in die leeskamer, kom tot verhaal en storm uit. Af met die roltrap, deur die voorportaal, uit by die deur. Ek moet nou so vinnig as moontlik by my kamer kom, my kameras gryp, met die Tube vanaf Russell Square na Green Park ry, afloop tot by die Mall, en na die Living Museum gaan - dìt dus nou gaan besoek (eerder as, soos beplan, laatmiddag/ vroegaand) en dan terugjaag na die British Library. Ek kom dus nie dadelik agter dat die voorhof buite die British Library leeg is nie; hoor aanvanklik ook nie regtig die helikopters nie.

Om oor Euston Road te kom, is geen grap nie. Die lig is gewoonlik rooi en jy wag en wag en wag. Nou ook. En dit is eers dan dat ek werklik kennis neem van (1) 'n stroom mense wat weswaarts beweeg, (2) 'n helikopter wat skuins bokant Cartwright Gardens in die lug hang en (3) sirenes en nogmaals sirenes.

Uiteindelik oor Euston Road, drafstap ek na my koshuis. Dit is 10h05. Voor die ingang drom 'n klomp mense saam en feitlik reg rondom die oorkantste halfsirkelpad staan 'n skare mense. Ek beur tot in die voorportaal en vra die man wat by die ontvangstoonbank werk, wat aan die gang is. Hy weet nie. In my kamer skakel ek my radio aan. BBC4 maak melding van "incidents on the Tube".

Ek sit my kameras in my dra-sak. Uit om 10h15. Ek wil na Russell Square stap, maar sowat 'n blok vanaf die koshuis is die pad afgesper. Dit wemel van polisie. Ek draai om, stap terug, verby Canterbury Hall, en draai links in Euston Road. Nou besef ek daar is groot fout. Die helikopter hang steeds in die lug bokant Cartwright Gardens, en konvooie ambulanse en noodvoertuie probeer om deur die verkeer te kom, rigting King's Cross. 'n Polisiemotor jaag verby, hou skreeuend stil en 'n luidspreker op die dak basuin redelik angstig uit: "Keep moving westwards." Ek is nou naby Upper Woburn Place. Ek gaan staan en wink 'n polisieman nader, want ek wil bitter graag gesaghebbend verneem wat aan die gang is. Hy kom nadergestap. Hy het 'n gehoorstuk in sy linkeroor en ek kan sien iemand praat met hom. Hy steek half vas, kom dan na my, maar voor ek nog kan vra, sê hy stroef: "Please move on, sir, this is now a crime scene."

Ek loop saam met die skare. Na 'n ruk draai ek links en vind my weg kruis en dwars deur die spinnerak van strate tot by St James's Park. Die Britte het die week van 4-10 Julie opsy gesit om die einde van die Tweede Wêreldoorlog 60 jaar gelede te herdenk. In plaas daarvan om VE Day in Mei en dan weer VJ Day in Augustus of September te herdenk, is besluit om sowel die oorwinning en vrede in Europa as die oorwinning teen Japan en vrede in die Ooste in die loop van een week in Julie in herinnering te roep: talle uitstallings in die loop van die week, met 'n kerkdiens en parade op Sondag 10 Julie. Dit bly verbysterend om te dink dat in die loop van ses jaar ten minste 70 miljoen mense wêreldwyd in dié stryd, die omvangrykste tot nog toe in die geskiedenis van die mensdom, gesterf het. (Maar, in die jare 1945 tot 2005, het ongeveer 20 miljoen mense wêreldwyd in 'n verskeidenheid oorloë en konflikte omgekom, insluitende in terreurdade.)

In pragtige St James's Park het talle museums en organisasies saamgespan om die sogenaamde Living Museum vir die duur van die herdenkingsweek tot stand te bring. Daar is 'n groot aantal tente waar oorlogsveterane-organisasies hul bedrywighede bekend stel, en tente waarin aspekte van die oorlog, die lewe aan die tuisfront en die vredesluiting uitgebeeld word. Buite word onder meer tenks en kanonne uitgestal, insluitende 'n Duitse PzKwIIIL tenk. 'n Duitse tenk in St James's Park! Die vyand in die hartjie van Londen! As Hitler die Battle of Britain gewen en daarin geslaag het om soldate en toerusting oor die Engelse Kanaal te kry, sou dìt reeds in 1940 gebeur het. Maar die Britte het hul vyand verslaan - en 60 jaar later word vrede herdenk; *on a grand scale*. Bokant ons steeds die helikopters, en verweg af en toe steeds sirenes.

Intussen het ek mense hoor verwys na bomontploffings. Dit is onwerklik. In een van die tente het die Britse geheime diens 'n uitstalling. Gegewe die eis om deursigtigheid, word heelwat oor hul aktiwiteite uitgebeeld. Die video of DVD in die een hoek verduidelik die doel van die Britse geheime diens. Daar word veral klem gelê op die feit dat die einde van die Koue Oorlog nie die einde van konflik beteken het nie, dat die aard van konflik verander het en dat alle landsburgers steeds waaksaam moet wees, veral in die lig van potensiële terreuraanvalle. Die stryd om Britte se veiligheid te verseker, duur voort. Daar word ook na die "war on terror" verwys. Terwyl ek dié uitstalling besoek, dreun die helikopters steeds bó ons! Surrealisties. Die normaliteit van die omgewing skrei teen die drama wat in die stad ontvou.

As ek later huiswaarts wil keer (en dan na die British Library wil gaan) kom ek agter dat Londen se vervoernetwerk tot stilstand gekom het. Geen busse of treine nie. Die sowat drie miljoen pendelaars wat daagliks van die openbare vervoerstelsel gebruik maak, moet dus nou huis toe stap (behalwe diegene wat dit kan bekostig om ver met 'n taxi te ry).

In die doolhof van Londen se duisende strate ontvou 'n ongelooflike toneel: 'n paar miljoen mense wat doelgerig en meestal in doodse stilte loop, van die City se yuppies tot werkersklasmense; voetsoldate wat ná 'n neerlaag huiswaarts marsjeer of strompel. Die meeste gesigte is stroef. Sommige lyk of hulle gehipnotiseer is. Dit is alles soos 'n droom - 'n nagmerrie wat waar geword het. Daar is iets onheilspellends, benouend en onwerklik omtrent die toneel wat afspeel - iets wat aan George Orwell of aan H.G. Wells se *War of the worlds* herinner. Soos 'n mens loop, deur bloot die koerantbaniere teen lamppale te lees, kry 'n mens geleidelik 'n beter beeld van wat op hierdie merkwaardige dag gebeur het (sonder dat die meeste mense aanvanklik daarvan bewus was). Natuurlik is daar ook gerugte. Iewers tussen Leicester Square en die British Museum kom ek op 'n TV-filmspan af wat 'n onderhoud voer met 'n man wat met oortuiging sê dat 'n terroris in 'n skietgeveg met die polisie dood is.

Ek vorder verbasend vinnig tot by Russell Square - maar dié pragtige plein is afgekordon en ek kan nie deurkom na my koshuis nie. Vir langer as 'n uur probeer ek elke enkele straat rigting Cartwright Gardens, maar puur verniet. Oral is daar versperrings.

Vanaf Endleigh Place kyk jy ooswaarts vas teen die imposante gebou wat die hoofkantoor van die British Medical Association huisves. Die vorige aand het ek 'n ent gaan stap en onder meer op dié mooi gebou afgekom. Nou staan daar, net regs van die hoofingang, die wrak van 'n dubbeldekkerbus. Maar dit is asof die harde werklikhede nie by 'n mens registreer nie. Dit voel of ek in 'n rolprentteater sit en na 'n gruwelfantasie kyk. En ek dink aan Adrio König se boek *God, waarom lyk die wêreld só?* - of moet die vraag eerder wees "God: Waarom lyk die wêreld só?" Wat sal ons *almal* daarop antwoord?

Dit is 18h35 wanneer ek poot-uit my kamer binnestrompel. (Die British Library het toe reeds vroeër as gewoonlik gesluit.) Kort daarna maak ek uiteindelik kontak met my familie in Suid-Afrika, nadat ek die hele dag tevergeefs probeer het om te bel. (Die telefoonnetwerk was oorlaai en/of is deur die Britse veiligheidsdiens afgesny om te voorkom dat terroriste met mekaar in verbinding tree en/of bomme met behulp van selfone aktiveer.)

Dit is eers nou, na verloop van sowat tien uur, dat ek deur middel van die koerante wat ek gekoop het, plus BBC4 Radio (en later ook TV) in die betreklike veiligheid van my kamer tot verhaal kan kom, bestek opneem en die dag se gebeure ontrafel - en vasstel wat presies ek ervaar het, wat ek (of my) gemis het, en waar ek was toe wat gebeur het. Die hele dag lank is ek aangedryf deur 'n gevoel dat iets gebeur het of aan't gebeur was (al het ek nie geweet wat dit was nie) en dat ek buite móés wees om deel te wees van wat ook al daar afgespeel het. Vir geen enkele oomblik was ek bang of angstig nie; eerder opgewonde. Maar toe sekere dele van die dag se legkaart in plek val en ek besef wat om (en onder) my gebeur het, kry ek hoendervleis en wil-wil 'n beklemming my oorval.

Sowat ses minute nadat ek die oggend om 08h50 uit my kamer is, het 'n bom in die voorste rytuig van die moltrein wat sopas vanaf King's Cross vertrek het, ontplof en 21 mense die ewigheid ingeslinger. Ek was toe naby Euston Road, op pad na "my poskantoor", en die Tube loop daar waar ek gestap het 'n ver ent onder die grond, so diep dat jy nie die slag van 'n ontploffing sal voel nie - maar terwyl ek daar geloop het, het iewers onder my 'n bom ontplof wat 21 mense se lewens beëindig het baie ander s'n onomkeerbaar verander het. En dan was daar ook die bomme wat om 08h15 tussen Liverpool Street en Aldgate East en om 09h17 by Edgware Road op die Tube ontplof het, ook met dodelike gevolg. En terwyl ek in die Humanities 1-leeskamer van die British Library in verband met my boeke navraag gedoen het, het 'n ander selfmoordbomaanvaller 'n ploftoestel op Bus Nommer 30 by Tavistock Square geaktiveer: sowat 400 meter vanaf die British Library en 200 meter vanaf my koshuis. Indien ek my dag anders beplan het, dan miskien sou ek nie dit of dat gedoen het nie, maar … en dan …

As historikus leef ek my gewoonlik in in baie van die situasies wat ek bestudeer en oor publiseer. Soms beny ek mense wat gebeure van besondere historiese belang beleef het; wens ek dat ook ek méér kan deel wees van betekenisvolle geleenthede (soos baie van ons inderdaad direk of indirek was op byvoorbeeld 2 Februarie 1990 en 27 April 1994). 'n Mens vors tragiese gebeure na (of lees bloot daaroor), soos die Holocaust en 11 September 2001, in die hoop dat jy nooit dié tragiese gebeure sal beleef nie. Ek het nooit kon droom dat ek iets soos die gebeure van 7 Julie 2005 (ten minste gedeeltelik) eerstehands sou beleef nie, of die gevolge van die vier bomontploffings deels sou meemaak nie, en uiteraard sal geen normale mens ooit wens om dit mee te maak nie. Maar noudat ek wel daar was, was dit (histories gesproke) 'n twyfelagtige voorreg. Maar hopelik nooit weer nie!

Diep onder die indruk van die tragedie wat om my af(ge)speel (het) - op daardie stadium het arme reddingswerkers nog onder haglike omstandighede iewers onder die grond naby (onder?!) my koshuis deur die puin van 'n moltreinwa gesif - is ek om 20h30 weer uit my koshuiskamer, die strate in, rigting King's Cross.

In die King's Cross omgewing is daar normaalweg nooit rus nie. Bedags is dit die malende massa pendelaars en na donker is dit plesiersoekers, mense wat restourante besoek, terwyl op straat jy jou weg moet vind tussen dronkaards, boemelaars, prostitute en dwelmsmouse. Gewoonlik vermy ek dié plek saans soos die pes, maar vanaand is dit asof iets my dwing om te gaan kyk. Maar daar is niks om te sien nie. Die grootste deel van die gebied is afgesper. 'n Aantal polisiemanne patrolleer. 'n Onnatuurlike stilte hang oor alles. In meer as een opsig versimboliseer die toneel die impak van die dag se gebeure: 'n wêreldstad het tot stilstand gekom. (In die teaterwêreld word gesê "The show must go on". Maar soms is dit waaragtig nie moontlik nie, en vanaand is só 'n aand. Die aand van 7 Julie 2005 word West End se shows gekanselleer, want soms móét die ligte gedoof word - uit respek vir die dooies; maar ook weens onbeskryflike verontwaardiging.)

Naas die polisie is daar net twee of drie ander persone op straat. Ek stap voor St Pancras Station verby en met die straat wat wes van King's Cross verbyloop (die ander strate is versper). Ek stap agter om St Pancras en besef skielik ek is nou die enigste persoon op straat. Vir die eerste keer voel ek angstig. Ironies genoeg is die King's Cross omgewing dié nag veiliger as ooit tevore - maar is dit juis dáár waar die effek van terreur ook waarlik tot my deurdring. Aangesien 'n mens in jou eie land nie meer sonder vrees enige plek vryelik na donker buite kan loop nie, was dit nog altyd wonderlik om juis dit in Londen te kan doen, soos in soveel ander plekke oorsee. Plekke waar alles glad loop, waar die masjien funksioneer. Ironies genoeg is mense in sulke stede uitgelewer aan die stelsel wat werk - soos aan wanaangepastes wat die stelsel met enkele bomme kan lamlê. Londen is nou nie meer Londen nie - hoewel die stad danksy die deursettingsvermoë van sy inwoners gou sou herstel. Terroriste mag immers nie toegelaat word om die wêreld gyselaar te hou nie. Gewone mense in Londen het gewys dat hulle hul nie sal laat intimideer deur terreuraanslae nie. Maar steeds: iets van die "magic" is weg, en die vraag is of dit ooit weer volkome sal terugkeer.

Ek drafstap via Ossulston Street verby die British Library en terug na my koshuis. In die TV-

kamer beleef of herleef ek sekere van die dag se gebeure. Die terreuraanvalle oorskadu die G8-beraad te Gleneagles in Skotland, die menseregtevergrype in Zimbabwe en die vorige dag se aankondiging dat Londen die 2012 Olimpiese Spele gaan aanbied.

Eers in die dae wat volg, word dit duidelik dat die terreurdade inderdaad selfmoordaanvalle was, gepleeg deur jong Moslems wat in Brittanje gebore is. Onder die 56 dooies en meer as 700 beseerdes was mense van verskeie nasionaliteite en gelowe, insluitende Moslems. Moslems wat mede-Moslems vermoor? Hou in gedagte dat volgens die terroris jy nie 'n slagoffer word omdat jy skuldig is nie, maar jy is skuldig omdat jy 'n slagoffer is. 'n Drogredenasie? Miskien. In die teater van die absurde is enigiets egter moontlik, maar daar is steeds geen logiese rede vir die dood van onskuldige mense nie.

Die volgende dag, Vrydag 8 Julie, moet ek noodgedwonge met die Tube ry - meer as een keer. 'n Groot deel van die Piccadilly Line asook dele van ander roetes is gesluit, maar met omweë en ver ente se stap kom 'n mens darem min of meer uit waar jy wil wees.

Vir die eerste keer ooit wonder ek dié dag of dit 'n goeie idee is om Tube te ry. Die teenwoordigheid van duisende ander pendelaars maak dit makliker, dog nie noodwendig gemaklik nie. Tydens my eerste rit kom sit 'n aantreklike jong dame twee sitplekke van my af. Sy dra 'n swart gewaad. Sy word bewus dat mense in haar rigting loer. Daar is ongemak in die lug; en wantroue. Só kan mense uitmekaar gedryf en slagordes opgestel word.

Toe ek 'n tweede trein haal, staan 'n jong swart man voor my op die perron. Die trein hou stil, die deure gaan oop. Net voor die jong man voor my opklim, maak hy die teken van die Kruis. Vir 'n oomblik wonder ek of ek in stryd met my Protestants-Christelike gebruike/ tradisies dalk sy voorbeeld moet volg.

In die loop van die dag, in treine en op stasies of waar ek loop, kry ek soms die idee dat oë my volg. My dra-sak! Maar ek besef dat ook ek so onopsigtelik as moontlik na ander se dra-sakke en pakkies kyk. En só soek ons dan almal na potensiële lopende tydbomme en word 'n gees van wantroue gevoed.

Saterdagoggend 9 Julie pos ek nog 'n pakkie terug na Suid-Afrika, weer eens vanaf "my poskantoor" oorkant King's Cross Station. Die strate is weer besig. Oënskynlik het normaliteit teruggekeer. (Maar ek kan nie help om te dink aan die Tube-werkers en mediese personeel wat iewers onder my waar ek loop, onder in die donker ingewande van die stad, steeds liggaamsdele versamel en leidrade soek.)

Vanaf die poskantoor stap ek na die British Library. (By die ingang word jou persoon en besittings nou deursoek.) Uiteindelik het my boeke aangekom. Daar is veel minder mense as gewoonlik op 'n Saterdag in die Humanities 1-leerkamer.

Later die middag ry ek met 'n taxi na Paddington Station en van daar (vir die eerste keer ooit) met die Heathrow Express na die lughawe. (Gewoonlik ry ek met die Tube vanaf Russell Square na Heathrow, maar "my stasie" is gesluit, soos steeds ook 'n deel van die Piccadilly Line.) Soos verwag kan word is die veiligheidsmaatreëls verskerp. Iets in my dra-sak pla die masjien en alles word uitgepak en talle items afsonderlik gescan. Uiteraard is niks vreemds of gevaarlik gevind nie, maar die masjien is nou tevrede. So ook die masjien se personeel.

Gewoonlik sit ek met gemengde gevoelens en wag op 'n vlug terug na Suid-Afrika - daar is dikwels nog navorsing wat gedoen kon word, nog 'n onderhoud wat gevoer kon word, nog 'n museum wat besoek kon word. Maar vandag sien ek daarna uit om op die vliegtuig te klim. En ek is bly dit is 'n SAL-vlug. Die (terug)vlug na Suid-Afrika is sonder haakplek. Ons land sonder moeite in pragtige helder vroegoggend sonskyn by die Johannesburg Internasionale Lughawe. Wanneer ons grondvat, klap die meeste mense aan boord spontaan hande.

Auschwitz en apartheid:
die onbetaamlike vergelyking

Deur Lina Spies*

1. In die skaduwee van Auschwitz

Die maand Februarie het vanjaar in die teken gestaan van die ontsetting sestig jaar gelede van Auschwitz, die vernietigingskamp wat die simbool geword het vir die vervolging en uitwissing van die Jode in die Duitse Derde Ryk. Auschwitz, die kamp in Pole waar die vergassing van mense en die verbranding van hulle lyke aan die orde was van elke dag, is ook die metafoor vir al die kampe en dikwels ook 'n sinoniem vir "Holocaust".

Dié benaming beteken letterlik *brandoffer* en is gebruiklik in Die VSA en die Angelsaksiese lande. Daarnaas word die Hebreeuse woord "Sjoa" (*ramp, onheil*) in Israel en op die Europese vasteland gebruik. Die vertaling van dié twee terme in Afrikaans met "Joodse slagting" of "Joodse volksmoord" is myns insiens ongewens. Die geskiedenis van die mensdom het meerdere "Joodse slagtings" geken, maar dié een van die twintigste eeu is ongeëwenaard in die gruwelikheid waarmee dit bedink en uitgevoer is.

Die Auschwitz-herdenkings het nie ongemerk verbygegaan in Suid-Afrika nie, ook nie aan Afrikaanstaliges nie. Diegene wat oor DSTV beskik, kon op die geskiedeniskanaal die reeks, "The Auschwitz-chronicles", volg. In die intieme ruimte van jou woonkamer kon jy na die getuienisse luister wat bewaar gebly het met begeleidende fotomateriaal, en enkele oorlewendes kon nog self hul verhale vertel.

Anti-Semitisme wat aan die wortel gelê het van 'n politieke leier se waansin waartoe hy ook sy ontvanklike volk opgesweep het, het 'n groter aktualiteitswaarde gekry deur die verskyning van die briefwisseling van die digterbroers W.E.G. en N.P. van Wyk Louw tussen 1936 en 1939, byeengebring deur J.C. Kannemeyer onder die titel *Ek ken jou goed genoeg*... Daarbinne neem hulle geesdriftige vereensel-wiging met die Nasionaal-sosialisme, gepaardgaande met kras anti-Semitiese uitsprake, 'n sentrale plek in. Die geding wat die Louw-kinders aanhangig gemaak het teen Kannemeyer, wie se reg hulle betwis om die briewe - bewaar in die Dokumentasie-afdeling van die biblioteek van die Universiteit van Stellenbosch - te publiseer, het weerklank gevind in die Afrikaanse én Engelse pers. Dit het die aandag vir die publikasie juis opgeskerp en die gesprek daaromheen geïntensiveer.

Alreeds by die lees van die inleidende sin van sy artikel "Dis hoekom volksmoord uit Duitsland kon kom" (*Die Burger*: 4.2.2005) vind ek my in opposisie tot Leopold Scholtz met wie ek dit meestal volmondig eens is: "Die wêreld het sedert verlede week se herdenking van Auschwitz … verder beweeg, en dit is amper asof dié gebeurtenis in die verre verlede lê." Indien Scholtz en die meerderheid Afrikaners so "voel", is dit nie vir ons almal die geval nie, en beslis ook nie binne die globale bewussyn van ons tyd nie. Die rekenskap oor die Holocaust wat Eva Hoffman gee in haar skitterende boek, *After such knowledge,* neem 'n aanvang met dié stelling: "Sixty years after the Holocaust took place, our reckoning with this defining event is far from over." Sy het gelyk. Sestig jaar is 'n gemiddelde menseleeftyd, en dit is kort.

Hoffman skryf terselfdertyd sensitief en rasioneel oor die nalatenskap van die Holocaust aan die kinders van oorlewendes, die sogenaamde "tweede generasie", waartoe sy self behoort. Uiteraard is dit ook 'n boodskap aan alle nasies in ons multikulturele wêreld. Ons leef in die videosfeer met die visuele beeld as 'n magtige middel tot kennis van ons wêreld en onsself. Dit bring onwillekeurig mee dat ons na die Holocaust kyk deur die filter van die skrikwekkende uitwissingskampanjes daarná, soos Jannie Ferreira doen in sy artikel "String massamoorde in post-Auschwitz-era" (*Die Burger*: 3.2.2005). Soos Hoffman verwys hy onder meer na Rwanda, Bosnië en Kambodja. Die aanspraak van die Holocaust op "uniekheid" moet dus laat vaar word, maar met behoud van die besef dat dit die mees totale uitroeiingsprojek denkbaar was wat op die mees doelbewuste, gewetenlose en onmenslikste wyse uitgevoer is (Hoffman 2005: 178). As sodanig en juis omdat dit nie eenmalig was nie, in dié sin dat dit weer kan gebeur, vra dit om verstaan te word.

Dit doen Leopold Scholtz deur Adolf Hitler die skuld in die skoene te skuif. Sonder hom was daar dus nie 'n "volksmoord" nie; dus was dit "as 't ware 'n historiese toeval wat die Nazi-diktatuur tot stand gebring het en die volksmoord laat plaasvind het." Waar Scholtz juis die standpunt wil bestry dat die Holocaust onverklaarbaar is, laat hy ons in die laaste instansie met die onverklaarbare Hitler. Direk in teëspraak met hom sê Zygmunt Bauman in sy weldeurdagte studie, *Modernity and the Holocaust,* oor die oorsake van dié katastrofe dat dit nie sy oorsprong gehad het in die visioen van 'n waansinnige monster nie, maar dat dit 'n kronkelrige pad was wat gelei het tot die fisieke uitwissing van sesmiljoen Jode (1995: 15).

Aan die grond van die Sjoa lê anti-Semitisme met sy komplekse netwerk van moeilik ontwarbare oorsake. Een van die oorsake is die bedreiging wat in onseker tye uitgaan van wat Bauman noem die

* *Digter, jongste bundel* Duskant die einders *(Kaapstad: Human & Rousseau, 2004)*

"konseptuele Jood", soos volg omskryf deur Leo Pinkser in 1882: vir die boorlinge 'n vreemdeling en 'n landloper; vir die armes en uitgebuitenes 'n miljoenêr en vir die patriotte 'n mens sonder vaderland. (Bauman 1995: 41). Die konseptuele Jood is die karikatuur wat as "vreemdeling in ons midde" by die opvlam van nasionalisme afgesonder en in die uiterste geval, soos in Nazi-Duitsland, geëlimineer moet word.

In die briewe van die Louws word dit glashelder hoe opwellende Afrikanernasionalisme in die 1930's gepaard gegaan het met naakte, onverdunde anti-Semitisme. Onmiddellik was daar pogings in die pers om juis in die jeugdige Louw-broers se hartstogtelike vereenselwiging met die strewe van die Afrikaner na volle emansipasie 'n regverdiging vir hulle afkeer van die Jode te vind. Dit doen Etienne Britz in sy resensie "Louw-broers eg menslik blootgelê" (*Die Burger*: 28.3.2005). Hy wys op die demonstrasie van Duitse vitaliteit in die Olimpiese Spele van 1936 in Berlyn, en op die inspirasie wat van die Nasionaal-sosialisme op die Vlaminge uitgegaan het en vervolg: "Ook in Suid-Afrika word talle jong mense besiel deur die moontlikhede wat die nuwe Duitse beweging skynbaar vir die verslane Afrikanervolk oopmaak."

Britz wys uit hoe die Jode binne Afrikaner-perspektief geassosieer is met die kommunisme en die kapitalisme; hulle was die "grootbase van 'n industriële kompleks wat die verarmde Boerevolk uitbuit en verkneg." Hierdie siening van die Jode - vir die soveelste keer in die geskiedenis as die volksvreemdes met die geldmag - skryf Britz toe aan die toenmalige opvatting dat die Jode "vooraan loop in die vakbonde en die kommunistiese beweging wat die Afrikaners wil gelykmaak met die mees onderontwikkelde bevolkingsgroepe in Suid-Afrika."

Implisiet regverdig Britz dus die anti-Semitisme van die Louw-broers deur die begryplike teelaarde daarvan bloot te lê. Maar hy doen dit ook deur die beklemtoning van die digters se jeug. In 1936 is W.E.G. Louw 22 en N.P. van Wyk Louw 29. Hulle korrespondeer in die "gloed van hul twintigerjare", terwyl Van Wyk Louw dosent is aan die Universiteit van Kaapstad en W.E.G. Louw in Amsterdam studeer. Britz skryf: "Saam met sy kleinboet kyk Van Wyk Louw ook met argwaan na die rol van die Jode in Suid-Afrika, onder meer na die invloed wat die Jood J.W. Schlesinger op die Afrikaanse media gehad het."

Om "after such knowledge", dit wil sê met ons huidige kennis van die aard en omvang van die Holocaust, die Louws se anti-Semitisme op speelse wyse af te maak as 'n jeugdwaling gaan nie op nie. Dit sou egter ook onregverdig en onjuis wees om dit nie te sien binne historiese perspektief nie, maar dan nie slegs binne perspektief van die 1930's nie, maar ook van die dekades daarna. Die vraag wat my nie wou loslaat na my konfrontasie met die anti-Semitiese sentimente van die Louws nie, is waarom N.P. van Wyk Louw, wie se uitsprake krasser was as dié van sy broer en wat hom ook veel meer skoorvoetend gedistansieer het van Nazi-Duitsland, dié uitsprake nie later uitdruklik gerepudieer het nie.

Die perspektiewe daarop wat J.C. Steyn in sy seminale biografie oor Van Wyk Louw gee en ook Leopold Scholtz in sy artikel "Sien Van Wyk Louw in die konteks van sy tyd" (*Die Burger*: 1.4.2005) stel my nie tevrede nie. Dit berus op die beligting van Van Wyk Louw se ontwikkelende denke oor Afrikanerskap en sy latere pleidooie vir "voortbestaan in geregtigheid". Daarvolgens het hy 'n saamleef in harmonie van "ons volk" met "ons mede-volke in Suid-Afrika", soos Scholtz uitwys, reeds in 1952 vooropgestel, maar daarmee nog nie sy anti-Semitisme nietig verklaar nie.

Van Wyk Louw se versuim in dié verband kan egter wel in 'n perspektief geplaas word wat hom grootliks onthef van skuld: sy stilswye het saamgeval met 'n algemene stilswye oor die Sjoa na die Tweede Wêreldoorlog tot en met die 1970's. Hoffman skryf dat dit moeilik is om die oorsake van die vergeetagtigheid in die 1950's uit te wys. Een rede was die Koue Oorlog waartydens die Sowjetunie van 'n oorlogsbondgenoot omgekeer is in sy direkte teenstelling: 'n vyandige mag, die toekomstige bose bestel. Duitsland het die nuwe demokratiese vriend van Die VSA geword: "It was suddenly not in anyone's interest to dwell on the vileness of the recent German regime" (2005: 84).

Dié oënskynlike geheueverlies is in die laaste jare van die twintigste eeu gevolg deur 'n byna obsessiewe belangstelling in die Holocaust, juis veral in Die VSA. Waar dit vroeër begroet is met ongemaklike stiltes, is oorlewendes nou as 't ware gesmeek om hul "tales from hell" (Hoffman 2005: 154). Daar is nog te min verhale oor die Holocaust wat in Afrikaans vertel word, maar in die Afrikaanse pers is die swye minstens verbreek. En daarin is tog één verhaal vertel wat intiem verband hou met die Afrikaner se verlede: die verhaal van Helga Bassel, die moeder van die satirikus Pieter-Dirk Uys en sy suster, die pianis Tessa Uys. Helga was 'n Jodin wat die vervolging vrygespring het. In *By* (28.2.2004) vertel Johan Smuts haar aangrypende geskiedenis onder die titel "Vrag van vreugde en verskrikking".

In die vroeë 1930's was Helga student aan die Hochschule für Musik in Berlyn. Aan haar veelbelowende loopbaan as konsertpianis het die opkoms van die Nazi's 'n abrupte einde gemaak. Met haar vleuelklavier het sy na Suid-Afrika geïmmigreer, gevolg deur haar broer en haar ouers. Die kanse op 'n loopbaan as uitvoerende kunstenaar in Suid-Afrika was in vergelyking met Duitsland uiters skraal. Op 'n veel kleiner skaal het sy dit wel gehad deur periodieke openbare optredes - ook saam met haar latere eggenoot Hannes Uys - en as dosent aan die konservatorium van die Universiteit van Stellenbosch en die musiekskool van die Universiteit van Kaapstad.

Smuts lê heelwat klem daarop dat die Bassels geassimileerde Jode was wat nie meer in die Joodse tradisies in Berlyn geleef het nie. Hy wys ook daarop dat Helga, alhoewel "sy haar Joodsheid formeel afgesweer en haar as nie-Ariese Christen laat klassifiseer het", amptelik belet is om in die openbaar op te tree. Vir Hitler het 'n individu se ras saakgemaak; wat sy of haar geloof was, het hom nie 'n snars geskeel nie. Bauman sê tereg dat die lot van die Jode verseël was toe die definisie van 'n nie-Ariër vir die eerste keer in 'n siviele ordonnansie geskryf is (1991:27).

Gesien die wyse waarop Helga gesterf het (wat

Smuts verswyg), is dit onmoontlik om te glo dat Helga Bassel haar Joodsheid op enige ander wyse as slegs "formeel" afgesweer het, en al is dit in so 'n mate verswyg dat haar dogter eers 35 jaar na haar dood in familiedokumente ontdek dat sy Joods was (onderhoud deur Willemien Brümmer met Pieter-Dirk Uys in *Die Burger*:15.4.2005). In 1969 het Helga by Chapmans-piek na haar dood gespring. Haar tragedie is dié van soveel Jode wat oorleef en tog 'n einde aan hulle lewens gemaak het: Paul Celan, Primo Levi, Stefan Zweig.

Zweig het met sy jong tweede vrou gelukkig in die pragtige Petropolis in Brasilië gewoon. Nogtans het hy saam met sy vrou in 1942 sy lewe beëindig. Waarom? Jan Greshoff gee in sy outobiografie *Afscheid van Europa* hierop 'n oortuigende antwoord: "(H)ij heeft het verlies van zijn oude wereld, de ondergang van het Europa dat hij in "Die Welt von Gestern" beschreef, niet kunnen verdragen. En toen het heimwee naar het geliefde verleden hem te sterk werd, deed hij de noodlottige stap" (1969:229). Die parallel met Helga Bassel se lewe en sterwe kan skaars misgekyk word. Deur bemiddeling van Tessa is haar moeder se klavier terug na Berlyn om sy plek te vind in die Holocaust-museum; in 'n kamer gerekonstrueer na die voorbeeld van Joodse wonings uit die 1930's. In die toekoms sal op die vleuel waarop Helga gespeel het - met die toekomsdroom van 'n konsertloopbaan in Duitsland - uitvoerings gegee word. 'n Sirkel is voltooi.

2. Die vereistes vir versoening

Ons het ons nog veels te onvoldoende rekenskap gegee van die aard en omvang van die Holocaust. Dit blyk onder meer uit die gemaklike parallelle wat getrek word tussen apartheid en die verfoeilike politiek van die Nazi's en ook uit die onbegrip vir die teologie ná Auschwitz wat nou eers by ons weerklank vind in die teologiese besinning van die sogenaamde "nuwe hervormers". Dat daar sekere gronde bestaan vir 'n vergelyking tussen die Nazi-diktatuur en die veertigjarige apartheidsregime kan nie ontken word nie. Maar meestal word dit skeefgetrek en dikwels is dit ronduit onhoudbaar.

Die apartheidsbeleid is ontwerp met die oog op rasseskeiding en "aparte ontwikkeling", nie met die eksterminasie van 'n ras as doelwit nie, en dit is 'n enorme verskil; so enorm dat 'n mens jou vergelykings oordeelkundig moet maak. Parallelle is daar onteenseglik wel: dat bruin medemense met dieselfde moedertaal as blanke bewindhebbers na aparte woongebiede verskuif is soos die Jode na ghetto's; dat dieselfde lot swart Suid-Afrikaners getref het; dat "nie-blankes" se bewegingsvryheid ingeperk en hulle uit openbare plekke "slegs vir blankes" geban is; dat die ontugwet geslagsgemeenskap en huwelike tussen mense van verskillende rasse verbied het, is onbegryplik, diep ontstellend en uiters beskamend.

Wat tans dikwels in die Afrikaanse pers aan die orde kom, is die aandrang van intellektuele wat jonk was tydens die apartheidsera en nou in die leeftydsgroep vanaf ± vyftig tot sewentig (en ouer) val, om na Duitse model vergifnis te wil vra vir apartheid en so hopelik versoening te bewerkstellig. Een van die groot eksponente van hierdie "beweging" is prof. Fanie Cloete van die Universiteit van Stellenbosch. Sy briewe en artikels verskyn reëlmatig in koerante. Onder die sprekende titel "Afrikaners moet spyt op alle vlakke wys" neem sy artikel in *Rapport* (24.4.2005) 'n aanvang met die volgende stelling: "Die idee van besondere verantwoordelikheid op Duitsers om konkreet hul spyt oor die oorlogsmisdade te wys, het onlangs in Duitsland begin uitkristalliseer."

Deur die Duitsers se verwerking van hulle oorlogskuld as 'n *onlangse* verskynsel te bestempel, verraai Cloete sy onkunde oor hoe lank en op watter maniere hulle met hierdie skuld omgaan. Ook ander Afrikaanse apologete se pleidooie om skuldbelydenis en -vereffening wek die vermoede dat hulle met verwysing na die Duitse ervaring weinig meer doen as om 'n ondeurdagte, gewilde vergelyking te tref. Hulle sal hulself 'n guns bewys deur Eva Hoffman se boek te lees.

Die Duitsers was die aggressors teen die Jode; die Afrikaners was die ontwerpers van apartheid en die uitvoerders daarvan. Eva Hoffman (2005: 106) wys op die knelpunte in die kontak van die "tweede generasie" Jode met Duitsland, jonger en ouer Duitsers en die Duitse taal. 'n Reis na Duitsland is vir hulle soos die verlies van maagdelikheid, die georganiseerdheid van die land en die honde in die land (anders as in ander lande) hou assosiasies in wat by besoekende Jode ongemak skep. Die sinistere assosiasies wat van alles wat Duits is uitgegaan het, was veranker in die reële verlede van die tweede generasie: "If the imperative to hate the aggressor was so powerfully entrenched, that was because, like the imperative of loyalty to the victim, it had a legitimate moral component" (Hoffman 2005: 110). Maar Hoffman beklemtoon dat sy nie gewetensgetrou en rasioneel die Duitsers, gebore na die Tweede Wêreldoorlog, verantwoordelik kan hou vir die ysingswekkende verlede waarmee hulle moet worstel en tot 'n vergelyk moet probeer kom nie (2005: 111).

Die jong Afrikaners is net so min aandadig aan apartheid as die jong Duitsers aan die Sjoa. Tydens haar eerste ontmoeting met 'n tweedegenerasie Duitser het Hoffman in sy lewensverhaal 'n ooreenkoms herken in hul reaksie op die opposisionele erfenisse van hul ouers: vereenselwiging en verset. Die Duitser wie se vader, 'n regter, in 'n proses van de-Nazifikasie 'n kort periode van gevangenskap uitgedien het, het eweneens 'n regsgeleerde geword, probeer om gevangenisstraf opgelê te kry en deur 'n fase van intense, radikale rebellie gegaan. Waar Hoffman op haar beurt gebuk gegaan het onder die onuitgesproke leed van haar ouers en daarvoor probeer vergoed het, wou sy terselfdertyd nie die gevangene bly van herinnering aan die Sjoa nie (2005: 108). Hulle moes mekaar met uiteindelike berustende verbystering aankyk: "For what could we do except acknowledge both the utter disparity and the strange symmetry of our histories?… There was a historical horror between us; but we were distinctly not enemies" (2005: 109).

Het ons aan teenoorgestelde kante van die skeidslyn wat apartheid tussen ons getrek het, mekaar al aangekyk met mededoë, begrip en berusting? Daarop

kan nie ongekwalifiseerd "ja" gesê word nie; ons het hoogstens begrypende blikke gewissel. Polities is die grenslyn wel oorgesteek, maar daar bestaan nog te min van 'n hartlike uitruiling van medemenslikheid om te bewys dat ons werklik by mekaar uitgekom het. Daar was soos by jong Duitsers meerdere demonstrasies van rebellie en verset deur jong Afrikaners wat hulle keer op keer in konflik gebring het met die ouer generasie. Die Afrikaners, jonk en oud, voel nie dat hulle vergewe is nie; vandaar die aandrang op en voortgaande aflê van skuldbelydenisse. Hoffman se beskouing oor dusdanige apologieë kan ons twee keer laat dink oor die sin daarvan vir slagoffers en die invloed wat dit het op versoening.

In die sesde hoofstuk van haar boek "From memory to the past" vertel Eva Hoffman van haar en haar suster se besoek aan Pole. Hulle ouers het die Sjoa oorleef deurdat Oekraïnse boere in die Oekraïens-sprekende deel van Pole hulle in 'n boshut versteek en versorg het, terwyl hulle familie uitgeroei is. (Toe Eva dertien was, het hulle uit Krakau na Kanada geëmigreer.) Behalwe hierdie veelbewoë konfrontasie met 'n pynlike verlede wat skaars herkenbaar was in hulle ouers se tuisdorp waaruit konkrete bakens verdwyn het, was daar 'n ander ingrypende ervaring. Op die dorpsplein van Jedwabne het hulle 'n herdenkingseremonie bygewoon; letterlik op dié plek waar op 10 Julie 1941 die Poolse inwoners honderde van hul Joodse bure met primitiewe wapens wreedaardig vermoor het, net toe die Sowjetleër uit die oostelike dele van Pole vertrek het met die installasie van die Duitse leër (Hoffman: 220, 221).

Die goed voorbereide toespraak van die president van Pole, Aleksander Kwasniewski, skryf Hoffman, kon 'n mens afgemaak het as niks meer as openbare retorika nie, maar daarin was tog genoeg integriteit herkenbaar dat sy kon voel dat 'n innerlike las gelokaliseer en verskuif is (2005: 228). Aan dié erkenning van die sin wat 'n apologie kan hê, verbind sy egter haar skeptisisme oor die ritueel van apologieë: Dit het te maklik vir politici geword om vergifnis te vra vir gebeurtenisse wat lank voor hulle bewindsaanvaarding plaasgevind het: "Saying you're sorry has become one of the rites of entry into the Western, liberal, democratic world" (2005: 228).

Tereg sê Hoffman dat dit waarskynlik beter is om te swyg totdat jy jou opreg kan uitspreek oor historiese traumas wat jy nie self aan die lyf gevoel het nie (2005: 180). Naas die betreurenswaardige aanvanklike onderdrukking van die herinnering aan die Holocaust, was daar tot en met die 1970's ook die geregverdigde swye uit respek vir die privaatheid van die pyn van die oorlewendes. Om jou met integere verbeeldingskrag te identifiseer met wat jy nie self meegemaak het nie, vra dat jy jou nie moet dwing om jou dit "voor te stel" en jou daarmee te "identifiseer" nie (Hoffman 2005: 180). Vir my is daar tans, na die afhandeling van die werk van die Waarheids-en-Versoeningskommissie, te veel gedwonge skuldbelydenisse in die Afrikaanse pers van apologete wat op eiegeregtige en ergerlike wyse aandring op navolging van hulle voorbeeld.

Die basiese behoefte van die oorlewende ná die belewenis van 'n historiese trauma is die herstel van die morele orde en morele wêreld deur die erkenning van gepleegde wandade en straf vir wie daarvoor verantwoordelik was. Maar, verklaar Hoffman, dit het steeds meer geblyk dat grootskaalse geregtigheid nie net moeilik nie, maar selfs onmoontlik is om te laat geskied (2005: 267, 268). Sy noem die Suid-Afrikaanse Waarheids-en-Versoeningskommissie in dié verband 'n interessante eksperiment in sy poging tot simboliese regspleging. Alhoewel nie 'n volmaakte vorm van herstel nie, het dit volgens haar wel 'n sekere mate van kompensasie en katarsis te weeg gebring: die eksponente van apartheid het van aangesig tot aangesig te staan gekom met diegene wat daaronder gely het: "The balm of recognition seemed to do its work"; die Suid-Afrikaanse eksperiment is daarom 'n navolgenswaardige model vir ander pogings "to cope with the aftereffects of enormous crimes" (2005: 268).

3. Kulturele identiteit en kollektiewe verantwoordelikheid

Hoffman wys op sekere gemeenskaplike emosies en denkwyses van kinders van ouers wat die Holocaust oorleef het; een daarvan 'n gebrekkige identiteit wat hulle hul ouers verwyt het (2005: 182) en stel die vraag: "How long can one blame the parents for the inadequacies of one's precious identity, how late demand of them that they repair the deficiencies?" (2005: 183).

Die jong Afrikaners het eweneens 'n identiteitsprobleem. Hennie Aucamp skryf daaroor in sy memoires wat hy onder die titel *In die vroegte*, spesifiseer as "Herinneringe en refleksies". Hy wys op die agteruitgang van jeugdige Afrikaanssprekendes se taalvaardigheid. Daarvoor is daar meerdere redes, maar Aucamp bring dit myns insiens tereg in verband met die diskreditering van die begrip "Afrikaner" in postapart-heid-Suid-Afrika. Hy stel die vraag wat die eertydse Afrikaner en die jong geslag Afrikaanssprekendes hulleself nou moet noem, en vervolg: "Die 'Afrikaner' se posisie is uniek en onbenydenswaardig binne 'n veeltalige bestel … Ander taalgroepe in Suid-Afrika het nie die probleem nie. As die Tswana, die Xhosa, die Engelsman, die Duitser homself 'n Suid-Afrikaner noem, is dit met 'n ironiese gedistansieerdheid. In sy hart weet hy hom 'n Tswana, 'n Xhosa, 'n Engelsman, 'n Duitser: Sy selfvertroue bly onaangetas…" (2003: 189, 190).

Die Afrikaner se selfvertroue is ten diepste aangetas deur sy apartheidsverlede. Nie alleen word hy gevra om sy skuld te bely nie, maar ook om sy Afrikanerskap af te lê en volledig op te gaan in die groter Suid-Afrikaanse nasie. Blanke Afrikaanssprekendes se verset teen die marginalisering van hul moedertaal word baie gou gesien as 'n bedekte strategie om "Afrikanerskap" te beveilig en te versterk. Taal is meestal die sterkste merker van identiteit, maar dis nie noodwendig altyd die geval nie. Blanke en bruin Afrikaanstaliges se identiteit verskil daarin dat hul verskillende verledes het: onder meer sluit die blankes se verlede apartheid in en die bruines se

verlede, die "struggle". Hulle taal gee egter aan hulle 'n veel groter gemeenskaplike identiteit as die identiteitskenmerke op grond waarvan hulle verskil.

"Hoe sal Afrikaans vir ons behoue bly?" vra Anton van Niekerk in sy brief aan *Die Burger* onder die opskrif "Afrikaans as taal is waardige saak" (14.4.2005). Hy weet dit nie presies nie, maar hy beskik oor een sekerheid: "Om Afrikaans se toekoms te bind aan 'n selfregverdigende sug na die behoud van die 'identiteit van die Afrikaner' is die dood in die pot vir die taal." Waar hierdie versugting opklink en waar Van Niekerk "Afrikaner-narsisme" waarneem, sou ek graag presies, gestaaf met konkrete voorbeelde, van hom - en van sy geesgenote - wil weet.

Die behoud van die taal Afrikaans impliseer die behoud van die identiteit van alle Afrikaanssprekendes, al identifiseer hulle hulself, op grond van hul groepsverband, met verskillende benamings: daar is bruin sprekers wat tot dieselfde gereformeerde kerktradisie behoort as Afrikaners, daar is Moslem-sprekers, daar is agnostici met Afrikaans as moedertaal. Dit is te betwyfel of identiteit willekeurig deur 'n rasionele besluit bepaal kan word. 'n Mens weet wie jy is; jy weet dit in die eerste instansie deur jou moedertaal. Hennie Aucamp sê dit op ongeëwenaarde wyse in sy kortverhaal "Die uitsettingsbevel" in *Enkelvlug*; hy is nie 'n "presiese weter nie" beantwoord hy 'n vraag van 'n ekspatriaat in New York, en vervolg: "Ek voel met my bloed. En my bloed sê my dat Afrikaans my baarmoeder is" (1978: 3).

Die sug na behoud van identiteit is regverdig in homself. Daarvoor kan Hoffman met groter gesag getuig as wat Anton van Niekerk dit kan betwyfel; sy is immers 'n erfgenaam van die Holocaust deur die mense naaste aan haar wie se lewens daardeur ten diepste geraak en intense skade berokken is. Van Niekerk het immers soos ek en almal wat blank is uit sy en my generasie, geprofiteer uit apartheid. Hoffman sê in dié verband: As ons in ons abstrakte verontskuldiging ("privileging") van ander - in besonder diegene wat ons as slagoffers beskou - onsself *a priori* en wesenlik onwettig ("illegitimate") verklaar, bly ons oor met geen standaarde waarmee ons onsself kan verdedig nie; inderdaad met geen standaarde as sodanig nie. Dit is die politiek van trauma wat oorslaan in die politiek van selfverloëning en omgekeerde onregverdigheid. As die kategoriese imperatief van ons eis om ander te behandel soos ons wil hê dat hulle ons moet behandel, dan eis dit ook dat ons onsself moet behandel soos ons ander moet behandel. "That is the only position from which we can extend respect to others without falling into the sins of thoughtless superiority and mindless guilt" (2005: 265).

Van hovaardige selfgeregtigheid en sinlose skuldgevoel hoor ons te veel uit die geledere van die polities korrektes, soos ons ook te veel haatspraak hoor van diegene wat die mag oorgeneem het. Hoffman kry in dié verband die laaste woord: "if we accept at face value the diagnosis of our wrongness when it is made in hostility and hate, then we are engaging not in a moral act but in self-betrayal" (2005: 265, 266). "As ek my Afrikanerskap 'agter my laat' sal my apartheidsondes my makliker vergewe word?", vra J.J. Olivier met onmiskenbare ironie in 'n brief aan *Die Burger* (15.4.2005). Die antwoord is "nee", want u sal nie daar wees om vergewe te word nie; u sal, as Fanie Cloete, Willie Esterhuyse, Anton van Niekerk en kie. hulle sin kry, deur selfverloëning verdwyn het, opgeneem in 'n volk van tweedehandse Engelssprekende Suid-Afrikaners.

Bronne:

1. Hennie Aucamp, *Enkelvlug*, Kaapstad: Tafelberg, 1978.
2. Hennie Aucamp, *In die vroegte*, Kaapstad. Tafelberg, 2003.
3. Zygmunt Bauman, *Modernity and the Holocaust*, Ithaca / New York: Cornell University Press, 1991.
4. Jan Greshoff *Afscheid van Europa*, 's Gravenhagen / Rotterdam: Nijgh en Von Ditmar, 1969.
5. Eva Hoffman, *After such knowledge*, Londen: Vintage, 2005.
6. J.C. Kannemeyer, *Ek ken jou goed genoeg…: Die briefwisseling tussen N.P. van Wyk Louw en W.E.G. Louw 1936 - 1939*, Pretoria: Protea Boekhuis, 2004.

Die Congress of the People en die Freedom Charter:

'n historiese perspektief

Deur Anton Ehlers*

Die herdenking van die opstel en aanvaarding van die Freedom Charter (FC) 50 jaar gelede op 25-26 Junie 1955 het opnuut weer die emosies oor die dokument gaande gemaak. Ou persepsies en verskille oor die dokument en sy inhoud is deur die herdenking by hernuwing bevestig, maar in die gees van die post-1994 Suid-Afrika is ook gepoog om die dokument 'n versoenende rol toe te ken met wie se ideale alle Suid-Afrikaners kan identifiseer. Laasgenoemde pogings het dan ook tot 'n te verwagte polimiek in veral die Afrikaanse media aanleiding gegee. Dat die polimiek juis in die Afrikaanse media gevoer is, is waarskynlik die gevolg van die negatiewe persepsies wat sedert die dokument se ontstaan in blanke en veral Afrikanergeledere oor die dokument gevestig geraak het. Die interpretasie van die destydse NP-regering dat die Freedom Charter (FC) 'n kommunisties-geïnspireerde poging/plan was om die staat met geweld omver te werp en 'n sosialistiese staat in Suid-Afrika tot stand te bring het die dokument in blanke en veral in Afrikanergeledere gedemoniseer - 'n persepsie wat deur die verbanne status van die dokument asook die Hoogverraadsaak wat in 1956 begin en vir meer as vier jaar geduur het, versterk is. Teen hierdie agtergrond is 'n historiese besinning oor die ontstaansomstandighede en -geskiedenis asook die reaksies en vrae wat die FC in dié tyd ontlok het, gepas.

Die FC het ontstaan in die vaarwater van die radikalisering van buiteparlementêre weerstandspolitiek in die 1940's en die toenemende verwerping van die bestaande maatskaplike orde soos gedemonstreer tydens die Uittartingsveldtog (Defiance Campaign) van 1952. Hoewel laasgenoemde veldtog se onmiddellike doelwit, naamlik om apartheidsdwetgewing geskrap te kry nie bereik is nie, het dit die kwik in die politieke barometer aansienlik laat styg wat gemanifesteer het in 'n verhoogde politieke bewussyn onder swartmense en 'n versterking van die ANC se ondersteuningsbasis. Dit is teen hierdie agtergrond dat die gebeure wat tot die Congress of the People (COP) en die FC gelei het, ontvou het.

Die vader van die idee van 'n COP en 'n FC was professor ZK Matthews, president van die ANC in die Kaapprovinsie. Na 'n jaar in die VSA het Matthews in Mei 1953 na sy tuiste in Alice in die Oos-Kaap teruggekeer. Tydens 'n byeenkoms van politieke sielsgenote aan huis van prof. Matthews is mobiliseringsmeganismes bespreek waarmee mense se verbeelding vir die bevrydingstryd aangegryp en behou kon word. Die groep is aanvanklik gefassineer deur die moontlikheid van 'n massa "going-away-from-the-towns"-veldtog. Dit sou behels dat swartmense op 'n gegewe dag sou gaan werk tot 12 uur waarna hulle dan na die Tuislande sou begin stap om op dié wyse simbolies die beleid van die NP-regering uit te voer. Vanweë die praktiese onuitvoerbaarheid van die idee het die bespreking uiteindelik gekonsentreer geraak op die alternatiewe gedagte van 'n reeks openbare byeenkomste waarheen almal in Suid-Afrika, insluitende Afrikanernasionaliste, genooi kon word. Die byeenkomste moes dan kulmineer in 'n nasionale konvensie en die aanvaarding van 'n manifes. In Augustus 1953 het Matthews hierdie gedagte soos volg in sy presidentsrede voor die Kaapse provinsiale kongres van die ANC, wat dit aanvaar het, verwoord: "I wonder whether the time has not come for the African National Congress to consider the question of convening a National Convention, A CONGRESS OF THE PEOPLE, representing all the people of this country irrespective of race or colour to draw up a FREEDOM CHARTER for the DEMOCRATIC SOUTH AFRICA OF THE FUTURE". In Desember 1953 het die ANC se nasionale konferensie ook die voorstel aanvaar. Die ironie van die Congress of the People-inisiatief met sy verreikende gevolge was dat dit juis van Matthews, met sy reputasie as 'n "draadsitter" en 'n lid van die konserwatiewe faksie in die ANC, afkomstig was.

Hoewel die idee van 'n nasionale konvensie nie nuut was nie moes die COP volgens sy voorsteller veral op twee vlakke kenmerkend anders wees as vorige sodanige voorstelle of pogings. Die konvensie moes die mees verteenwoordigende en inklusiewe tot datum wees - 'n ware "Parliament of the People" - in kontras met die eksklusiewe blanke parlement wat Suid-Afrika regeer het. Anders as die 1943 "African Claims"-dokument van die ANC wat die produk van die ANC se intellektuele elite verteenwoordig het, moes die Freedom Charter 'n "grass roots"-dokument wees in die sin dat dit die wense, begeertes en drome van gewone mense op grondvlak vir die soort toekomstige Suid-Afrika wat hulle tot stand wou bring, moes weerspieël. Dit was Matthews se verwagting dat juis hierdie grondvlakbetrokkenheid mense se politieke bewussyn en betrokkenheid sou verhoog.

* *Historikus, Departement Geskiedenis, Universiteit Stellenbosch*

Na die aanvaarding van Matthews se idees het die ANC opdrag gegee dat die samewerking van die South African Indian Congress (SAIC), South African Coloured People's Organisation (SACPO) en South African Congress of Democrats (SACOD) gesoek moes word. Op 'n gesamentlike vergadering van die genoemde organisasies in Maart 1954 het die Congress Alliance (die naam waaronder die alliansie bekend sou word) 'n National Action Council (NAC) gevorm om die reëlings vir die uitvoering van Matthews se voorstel te tref. Van die agt lede van die NAC was slegs twee van die ANC, naamlik Albert Luthuli en Walter Sisulu.

Onder leiding van die NAC is die idee van 'n nasionale konvensie wyd gepropageer deur ANC takke, *New Age*, streekskomitees van die NAC, die verspreiding van omsendskrywes en die NAC-pamflet "Call to the Congress of the People". Die SACOD, wat hoofsaaklik bestaan het uit blanke kommuniste wat die ANC ondersteun het, het 'n belangrike rol in die voorbereidings vir die COP gespeel. Hulle betrokkenheid asook die NAC se verspreiding van Marxistiese literatuur in hierdie periode sonder die nodige klaring van die ANC of SAIC-leierskap sou bydra tot die latere aanklag dat die Freedom Charter 'n kommunisties geinspireerde dokument was.

Wat betref die ideal om grondvlak insette te verkry vir die samestelling van die FC is daar voldoende getuienis dat daar wel geesdriftige meelewing en reaksie was op die oproepe om insette tot die dokument te lewer. Eise is van oor die hele land ingesamel en verskeie streeks- en plaaslike konferensies is gehou om eise te formuleer. Die afwesigheid van inligting oor die presiese aantal en tipe eise wat ontvang is maak 'n presieser bepaling van die omvang van die grondvlakinsette wat ontvang is egter onmoontlik.

Die argitek van die Freedom Charter was die kommunis, Rusty Bernstein, wat die konsepdokument geskryf het met slegs enkele veranderinge wat vroeg in Junie 1955 deur 'n klein komitee, waarvan Nelson Mandela lid was, aangebring is. Nie Matthews of Albert Luthuli het voor die COP insae in die manifes gehad nie. Ten spyte dus van die pogings om insette vir die dokument so wyd as moontlik te versamel was die finale dokument dus nie die resultaat van 'n wye oorlegplegingsproses wat op alle vlakke van die ANC strukture deurgetrap is nie maar eerder "a vague, haphazard document assembled from all kinds of contradictory suggestions from Congress branches".

Hoewel daar aanvanklik oorweeg is om afgevaardigdes na die COP te verkies in 'n algemene verkiesing op grond van afgebakende kiesafdelings en 'n algemene kieserslys vir almal bo 21, was die idee prakties onuitvoerbaar. Die verteenwoordigers wat dus uiteindelik by Kliptown opgedaag het, was eerder die resultaat van 'n verskeidenheid van meer informele verkiesingsprosedures wat verteenwoordigers van enige denkbare groepering of eenheid opgelewer het.

Die Congress of the People is op 25 en 26 Junie 1955 by Kliptown, suid van Johannesburg gehou. Ongeveer 2888 afgevaardigdes, waarvan die meerderheid swartmense was, het die byeenkoms bygewoon. Die polisie het op die tweede dag die byeenkoms ontwrig en alle beskikbare dokumente gekonfiskeer aangesien hulle dit as 'n sameswering tot moontlike hoogverraad beskou het. Hierdie optrede het die byeenkoms egter nie verhinder om die klousules van die Freedom Charter te bespreek en die dokument as geheel goed te keur nie.

Die inhoud van die FC was nie nuut nie, en was oorwegend eise wat reeds by herhaling gestel is en gevra het vir 'n veelrassige demokratiese samelewing waarin almal gelyke toegang tot rykdom, onderwys en die regstelsel sou hê. Die doelbewuste pogings van die opstellers om so 'n wye spektrum belangegroepe as moontlik te akkommodeer het waarskynlik daartoe bygedra dat die dokument nie altyd by die uitspel van breë beginsels of doelwitte gebly het nie. Die gevolg was dat dit soms te gedetailleerd geraak het en sommige eise utopies van aard was met 'n groter propaganda- as praktiese waarde.

Te midde van die talle eise in die FC het veral twee uitsprake in die dokument die debat daaromheen oorheers. Eerstens het die verwysing na die teruggawe van die banke, nywerhede en myne aan die hele bevolking die vraag na die sosialistiese aard van die FC laat ontstaan. Hiervan was daar verskeie interpretasies wat gewissel het van dié van Simons met sy siening dat dit nie 'n Marxistiese dokument was nie en sy uitspraak gegrond het op die afwesigheid van enige verwysing na die afskaffing van die klassestelsel en die gemeenskaplike besit van die produksie- en ruilmiddele in die dokument, tot dié van Nelson Mandela wat die verwysings wat as nasionalisering geïnterpreteer is eerder gesien het as meganisme om die ontwikkeling van 'n swart middelklas moontlik te maak en hulle toegang tot die produksie- en ruilmiddele te gee met die gepaardgaande erkenning van privaatbesit en inisiatief. In tandem met die vraag na die sosialistiese aard van die FC is die vraag na sy revolusionêre aard gevra - 'n vraag wat bemoeilik is deurdat die FC nie uitgespel het hoe die nuwe samelewingsorde bereik moes word nie. Hoewel die oorwig van uitsprake en interpretasies die nie-rewolusionêre aard van die dokument beklemtoon het, was daar ook ooreenstemming dat die samelewingsorde wat die FC gepropageer het slegs tot stand sou kon kom indien die bestaande politieke en ekonomiese orde vernietig word. In dié sin het Nelson Mandela dit as 'n revolusionêre dokument gereken.

Die uitspraak in die openingsparagraaf van die dokument dat Suid-Afrika aan al sy inwoners behoort het die ander debat ontlok. Die weerstand van die Afrikaniste in die ANC teenoor hierdie omhelsing van veelrassigheid en wat hulle beskou het as 'n verloëning van die onvervreembare reg van swartmense se besitreg van Suid-Afrika het 'n baie meer onmiddellike en blywende impak op die ANC en weerstandspolitiek in Suid-Afrika gehad. Dit sou in 1959 lei tot 'n skeuring in ANC-geledere en die verskyning van die PAC as permanente rolspeler op die Suid-Afrikaanse politieke toneel.

Die verwagtinge wat in sy ontstaanstydperk van die FC gekoester is, het sedertdien grootliks gerealiseer. As 'n saambindende, rigtinggewende en motiverende dokument wat as alternatief vir die apartheidsmodel moes dien het dit in die 50 jaar sedert sy ontstaan met

wisselende intensiteit en sigbaarheid dié funksies in die "struggle" vervul. In die maer jare van ballingskap in die 1960's en 1970's het dit as teenvoeter vir die apartheidsbestel uitgewekenes en binnelanders se ideale verwoord en verenig ten spyte van hulle geografiese geskeidenhied. Met die stigting van die United Democratic Front in 1983 en die herlewing van grootskaalse binnelandse weerstand was dit die FC waaromheen hierdie amorfe groepering hulle as Charteriste verenig gevoel het en die ANC ten spyte van sy ballingskap teruggeplaas is in die sentrum van binnelandse weerstandspolitiek. Met die aanbreek van die De Klerk-fase en die onderhandelinge van die vroeë 1990's was die FC steeds daar as een van die basisdokumente waarteen die nuwe Grondwet getoets is.

Na tien jaar van demokrasie is Suid-Afrika 'n grootliks kapitalistiese staat waarin die beginsel dat die land aan al sy inwoners behoort steeds erken word. Die FC en die omstrede vrae wat in sy ontstaanstyd oor die dokument en sy inhoud gevra is asook die interpretasies wat destyds gegee is moet waarskynlik teen hierdie huidige realiteite beoordeel en beantwoord en geweeg word.

Die FC sal vir solank daar beduidende groepe armes, ongeletterdes en verontregtes is 'n realiteit in Suid-Afrika en sy politiek bly. Anders as die formele regstaal van die Grondwet praat die FC die taal van die massas. Terwyl die ANC regering dus die land volgens die Grondwet probeer regeer sal hy steeds gedwing word om sy oog voortdurend op die FC gerig te hou. Sy opposisie, binne en buite die party sal hom steeds bly meet aan die ideale van die FC en die ontevredenes probeer mobiliseer op grond van die ANC se mislukkings gemeet aan die FC. In tye van linkse opposisie in sy eie geledere (soos wat die Zuma-faksie waarskynlik tans verteenwoordig) sal die ANC-regering gedwing word om, al is dit dan net in sy openbare retoriek, steeds die FC te omarm, al skrei sommige van sy beleidsrigtings en die huidige lewensstyl en ideale van sommige van sy leiers en lede teen dié van die FC.

In die vyftig jaar van die FC en die tien jaar van die Suid-Afrikaanse demokrasie het die statuur van die FC, ten spyte van die omstredenheid daaromheen, steeds bly groei. Die feit dat dit nie aanhalings uit die Grondwet is wat op groot advertensieborde langs die land se snelweë uitgebasuin word nie, maar juis die slagspreuke van die FC: "There shall be houses, security and comfort! The doors of learning and of culture shall be opened!" is die sigbare getuienis hiervan. Dit sal alle Suid-Afrikaners baat om ten minste van die FC en sy ideale kennis te neem ten spyte van die ongemak wat hulle met sommige van die eise of uitsprake mag ervaar.

_____

Bronne:
T. Karis en G.M. Carter, *From protest to challenge: a documentary history of African politics in South Africa, 1882-1964. Volume 3, Challenge and violence, 1953-1964*, Stanford, Kalifornië: Hoover Institution Press, 1977.
Anthony Sampson, *Mandela, The Authorised Biography*, Johannesburg: Jonathan Ball, 1999.
Nelson Mandela, *Long Walk to Freedom, The Autobiography of Nelson Mandela*, Johannesburg: Macdonald Purnell, 1994.

• *Ekonomierubriek*

Hoe om SA se werkloosheid te takel

Deur Johan van Zyl en Norman Reynolds*

Baie klem is onlangs gelê op kleinsakeontwikkeling as 'n sleutelfaktor om werkloosheid te bekamp. Dit is tog immers die 'vryemarkmanier'!

In weerwil van 'n paar suksesse het hierdie benadering oorhoofs egter maar min impak gehad. Waarom dan so?

'n Belangrike rede lê in die onderliggende aanname van klein-, medium- en mikro-ondernemings (KMMO) ontwikkeling, naamlik dat klein sakeondernemings basies kan verkoop wat hulle ook al produseer, mits hulle die nodige marknavorsing deeglik gedoen het. Met ander woorde 'n effektiewe vraag na hulle produkte en dienste bestaan altyd. Die probleme lê dus hoofsaaklik aan die aanbodskant en die klem behoort dan ook hierop te val.

In ons land is hierdie vertrekpunt 'n mite. Byna alle klein besighede wat in die townships en in die (swart) landelike gebiede ontstaan, staar 'n ernstige basiese probleem in die gesig, naamlik 'n baie beperkte 'vrye' of 'diskresionêre' vraag in hulle plaaslike markte. Watter koopkrag ook al plaaslik genereer word in hierdie gebiede, vloei vinnig uit - om te betaal vir die oormag van produkte wat tradisioneel 'ingevoer' word vanaf die moderne sakesektor in ons ekonomie. Ekonomies en histories gesproke is dit hierdie groot eksterne afhanklikheid wat gewoonlik die doodsklok lui vir klein sakeondernemings in ons 'tweede ekonomie'. As jy nie kan verkoop nie gaan jy onder!

As hierdie ontleding enigsins na aan die waarheid is, word 'n nuwe benadering noodsaaklik. Oorhoofs kan ons net nie op die private kommersiële kleinsakesektor vertrou om 'n groot bydrae te maak om ons yslike werkloosheidsvraagstuk op te los nie. Baie meer aandag sal gegee moet word aan die vraagkant eerder as om hoofsaaklik, soos tans, op aanbodsprobleme te konsentreer.

'n Innoverende benadering sal moet fokus op beide die vraag- en die aanbodskant in ons groot histories gemarginaliseerde plaaslike (swart) gemeenskappe. Die oorgrote meerderheid van werkloses woon immers hier! Daar is al gesê dat "die groot probleem met die armes is dat hulle nie vreedsaam wil omkom van die honger nie". Sinies maar waar! Ons sien vandag al hoe meer dringende tekens hiervan.

So 'n benadering sal 'n paar sleutel institisionele transformasies vereis. Veral belangrik is die toestaan van groter bevoegdheid en verantwoordelikheid om besluite te kan neem aan gewone burgers in plaaslike gemeenskappe. Pertinent in die spel is die beginsel van 'subsidiariteit' waarvan vandag al hoe meer internasionaal gehoor word. Besluite moet naamlik sover moontlik op 'gepaste' vlakke geneem word. Dit beteken dat veral op laer vlakke diegene wat met die praktiese impak van die besluite moet saamleef, toegelaat moet word om grootliks self hieroor te besluit.

Ons werk reeds lank aan so 'n soort transformasieproses. Die basiese elemente hiervan kan kortliks soos volg gestel word:

- Die fokuspunt moet wees die groot aantal, geografies dikwels aparte, stedelike en plattelandse 'township' gemeenskappe (die sogenaamde 'swart woongebiede'). Soos reeds aangedui, dra hierdie gebiede die oorgrote meerderheid van werkloses in ons land.
- 'n Nuwe verantwoordelikheid moet aan hierdie gemeenskappe toevertrou word naamlik om in veel groter mate as tevore hulle eie sosio-ekonomiese heil uit te werk, insluitende werkskepping. Om dit te kan doen sal egter vereis dat hulle sterk historiese ekonomiese afhanklikheid van die moderne sektor aansienlik afgeskaal moet word. Die nuwe sleuteldoelwit moet wees groter ekonomiese selfstandigheid en volhoubaarheid op plaaslike vlakke. So 'n benadering behels 'n uitdaging wat nog nooit vantevore in die geskiedenis van ons land aangepak is nie, naamlik die doeltreffende ekonomiese mobilisering van miljoene gewone (swart) burgers in ons sogenaamde 'tweede ekonomie'.

Hoe kan so 'n uitdagende nuwe beleid moontlik saamgestel en uitgevoer word? Wat is die kern beleidselemente?

- 'n Hoeksteenmaatreël sou wees om amptelik erkenning te gee aan 'n aantal spesifieke ekonomiese regte wat almal basies in die Grondwet gewaarborg word. Daarmee saam moet 'n reeks 'praktiese ekonomieseregteprogramme' op aanbod geplaas word vir oorweging deur plaaslike gemeenskapsgroepe, almal ordelik geregistreer. 'n Kernvoorbeeld sou wees 'n 'Gemeenskaps Investerings(regte) Program'. 'n Ope aanbod hier sou die basiese en operasionele riglyne bevat wat gevolg moet word vir enige plaaslike gemeenskap om te kan kwalifiseer vir 'n bepaalde bedrag van deurlopende regeringsbefondsing van plaaslike investeringsprogramme. Die plaaslike mense sal self besluit watter ekonomiese aktiwiteite hulle as top prioriteite beskou om in te belê.

In wese verteenwoordig al hierdie aksies 'n eerlike en openlike vennootskap met die staat.

---

* *Gemeenskapsekonoom en ereprofessor in ekonomie, Universiteit van Pretoria; konsultant en gemeenskapsekonoom*

Sulke inisiatiewe sou die gewone benadering van KMMO's tot werkskepping aansienlik verbreed. In plaas daarvan dat slegs private individue en/of aandeelhouers betrokke is, word nou ook (private) 'gemeenskappe as sakeondernemings' betrek. Alles nog sterk 'markgeorienteerd'! Slegs die deelnemende instellings verander.

- 'n Verdere belangrike voorbeeld is 'n program van kinderregte. Dit is baie moontlik om plaaslik en boonop doeltreffender na kinders om te sien. Die 'verbruiks' toegifte wat tans aan individue uitbetaal word teen groot oorhoofse koste, verlaat boonop die marginaliseerde gebiede feitlik dadelik. Eerder kan die huidige toegifte vir Kinderondersteuning en die Kindervoedingskema gekombineer word as 'Kinder-regte' oorgedra aan gepaste georganiseerde plaaslike gemeenskapsliggame.

So 'n toegif moet eers aangewend word om alle kinders onder 18 jaar te voed - hoofsaaklik met plaaslik geproduseerde voedsel. 'n Gedeelte kan dan aange-wend word om skoolgelde te betaal. Aldus kan alle ouers die Ubuntu riglyn van "Alle Kinders is My Kinders" beter nastreef.. Hulle is nou gesamentlik self verantwoordelik om hulle kinders te versorg en op te voed. Daarby kan hulle die plaaslike produksie en verbruik van voedsel vir byna een derde van die bevolking stimuleer. Aldus kan hulle sterk bydra tot die groter plaaslike sirkulasie van koopkrag en meer plaaslike ekonomiese aktiwiteite.

- Die middelpunt van plaaslike besluitneming sou lê by 'n Demokratiese Gemeenskap Trust (wesenlik 'n koöperasie) met volle stemreg vir alle lede, insluitende vroue. Die bedoeling is om 'n verteenwoordigende demokratiese liggaam van plaaslike burgers te skep wat (a) kollektief sekere eiendomsregte sal besit veral op daardie terreine wat vroeër in kommunale besit was, soos bv. weidingsregte in landelike gemeenskappe en (b) 'werkregte' sal bestuur met ander woorde die allokasie van inwoners se toegekende werksure volgens voorheen ooreengekome reëls (gebaseer op hulle basiese reg om te werk) na die plaaslike projekte onder sy jurisdiksie.

So 'n benadering sou amptelik aansienlike besluitnemingsbevoegdhede sowel as verantwoordelik-heid en aanspreeklikheid na plaaslike burgers afwentel - en nie net na plaaslike regerings as sodanig nie. In werklikheid is daar hier sprake van 'n duidelike deelnemende ekonomiese demokrasie. Hiervan het ons maar min vandag!

In die *ANC Today* van 3 Junie word dit duidelik gestel dat die regering deeglik besef dat die 'tweede ekonomie' sterk getransformeer moet word. Hoe egter gedaan, is nog onseker. Bostaande gedagtes is 'n beskeie bydrae tot hierdie groot debat.

Beteken Breyten vir ons nog iets?

'n Besinning vir sy verjaardag, vandag, 16 September

Deur Ampie Coetzee*

Met die verskyning vroeër vanjaar van Breyten se *Die ongedanste dans* (Gevangenisgedigte 1975-1983) by Human & Rousseau, besef 'n mens net weer hoe ryk sy poësie is aan metafoor en vergelyking, bewustheid van die assosiatiewe potensiaal van die woord, idees, die weerspieëling van verbeelde werklikhede, en wysheid vanuit die onbewuste werking van die poësie.

Dan vra jy jou af: hoe is dit dan dat Breyten nie 'n 'aanhaalbare' digter geword het nie, soos N.P. van Wyk Louw, Elisabeth Eybers, D.J. Opperman? Sy poësie is immers al met ons vir veertig jaar. Is daar te veel? Byna 900 bladsye poësie in twee versamelings - en dis nog nie al nie. En hierdie oordaad het ook nie eintlik goed verkoop nie. Van *Ysterkoei Blues*, wat in 2001 verskyn het, het 37% van die oplaag verkoop; en *Die ongedanste dans*, Februarie hierdie jaar, 44%. Volgens die uitgewer was daar egter 'n groter oplaag met die eerste versameling, want toe was die uitgewers nog optimisties. *Die ongedanste dans* se betreklike sukses kan waarskynlik toegeskryf word aan die mooi foto van die digter op die buiteblad, en die aantrekkingskrag van die omslag-inligting dat dit 'gevangenisgedigte' is. Daarbenewens is dit veel meer en baie kundiger geresenseer as die eerste versameling. Natuurlik was Breyten nooit 'n gunsteling van die volk nie. Hy het Afrikaners geteister oor apartheid, hulle leiers direk gekonfronteer met die gevolge van hulle ideologie, soos in 'Brief uit die vreemde aan slagter' (*Skryt*):

en jy, slagter
jy wat belas is met die veiligheid van die staat
waaraan dink jy as die nag haar skelet begin toon
en die eerste babbelende skreeu uit die prisonier gepers word
.....
word jou hart in die keel ook styf
wanneer jy aan die gebluste ledemate vat
met dieselfde hande wat oor jou vrou se geheime gaan streel?'

Sy werk - poësie, prosa, drama - is ook bestempel as 'moeilik'. In so 'n mate dat mense kopskuddend en dikbek uit opvoerings van sy dramas geloop het.

Sy onguns by lesers het al begin met die eerste bundel in 1964. Toe het vooraanstaande kritici en professore gesê dat sy werk 'n 'modeverskynsel' is met ''n sieklike belangstelling in en vertoning van ... eie anatomie'. Sy werk was 'ekkerig'. Eers in 1995 is daar in 'n doktorale proefskrif (van Susanna Elizabeth Smuts) bewys dat wat hy gedoen het eintlik 'n 'desentralisasie van die subjek' is. Ook, die digter as metafoor.

Daarteenoor is hy goed gebloemlees, soos byvoorbeeld in die nuwe *Groot Verseboek*. Maar dis ook duidelik dat hy hom onttrek het van die Afrikaner (wat nie noodwendig Afrika en Suid-Afrika beteken nie): 'n balling van sy volk gebly het, 'n moderne nomade.

Miskien hou Afrikaanse poësielesers meer van die soort poësie wat tradisioneel is en lankal gekanoniseer geraak het. Maar word poësie nog gelees? Het poësie nog betekenis nou, waar die einde van die dae moontlik vir Afrikaans gekom het - waar daar geen digter meer is wat 'n taalstryd sal inisieer nie?

'n Besinning oor een aspek van Breyten se poësie wat tegelyk die kompleksiteit, maar ook die genialiteit daarvan kan illustreer, sonder om onnodig akademies te wees, kan miskien betekenisvol wees.

Aristoteles het gesê: "Van alles is dit die grootste om meester te wees van die metafoor. Dit is die een ding wat nie van ander geleer kan word nie; en dit is ook 'n teken van genialiteit, aangesien 'n goeie metafoor 'n intuïtiewe persepsie impliseer van die eendersheid in andersheid". En Breyten het self, op 'n meer poëtiese wyse, gesê (in *Boek*): "... ons vertaal die onbekende en die nuut-ontdekte altyd met en in die taal van die bekende bekénde. Ons beskryf iets altyd met 'n ander iets. So bring ons dit nader en distansieer dit in één vaslêpoging. Dit is hoekom taal ook 'n struikelblok is, 'n vervreemding en 'n korrupsie."

Wat hier bykom, is die beskrywende (met ander woorde, weerspieëling) en die beperkings van taal. Dit is natuurlik nie die enigste aspekte van die metafoor nie - maar dit kan 'n mens maar daar laat. In die geval van Breyten se gebruik van die metafoor is daar assosiasie deur ooreenkomstigheid, 'n onderliggende

* *Emeritus-professor in Afrikaans, Universiteit van Wes-Kaapland, skrywer van* 'n Hele os vir 'n ou broodmes: Grond en die plaasnarratief sedert 1595 *(Pretoria: Van Schaik, 2000)*

idee wat deur ’n ander idee betekenis verkry - en hoe groter die afstand tussen die twee is, en hoe meer onverwags hulle kombinasie is, hoe meer treffend en verrassend is die metafoor. Basies kan daar dan twee soorte metafoor wees: die intuïtiewe, wat meer soos Breyten s’n is; en die kognitiewe, soos van D.J. Opperman. Maar die twee hoef ook nie geskei te wees nie. Breyten se problematiserng van - en eintlik vervreemding deur - die metafoor is een van die redes vir die feit dat dit dikwels moeilik is om te begryp wat die woorde sê in terme van die konvensionele betekenaar-betekende verhouding, waar die teken (woord) direk verwys na die werklikheid. Die intuïtiewe en kognitiewe langs mekaar kan uit ’n kort fragment van die volgende erotiese gedig (uit *Lotus*) geïllustreer word: intuïtief ten opsigte van die uiteenlopendheid van die vergelykendes, en kognitief wat die logiese strukturering van die gedig betref:

vrugbaar is die skulp
soos ’n luisterryke mond

vlytig is die vleeswitte grystong
uit die skulp gevreet

ek kyk na die miere
en word wys
laat my dan hierdie laaste brief ontsyfer
en spel oor al die rooi letters van jou lyf

want elke wond is ’n reis, ’n openbaring
ja. ék is die mier
en jy my mees private mond

’n Metafoor van miere wat die vlees uit ’n seeskulp eet, word gejukstaponeer met die ontsyfering van ’n brief of die skryf van ’n gedig; maar ook met die minnaar se metaforiese vertering van die geliefde se liggaam. Die minnaar is dan die mier en die geliefde die skulp of die mond. Die pole van vergelyking is so ver van mekaar dat die meafoor byna vervreemdend kan wees, wat later bevestig word in ’n metonimie én ’n metafoor (nie hier aangehaal nie): dat die gedig ‘’n in-plaas-van en ’n sameswering’ is.

Die rykheid van Breyten se metafoorskepping kan met enkele voorbeelde aangetoon word. Voorbeelde is gekies uit die gevangenis-bundel *Buffalo Bill* (waar die titel waarskynlik metonimies en metafories is). Hierdie bundel, omdat dit geskryf is voor die teks-teoretiese *Boek* - en dus miskien ‘illustratief’ kan wees.

In die opdrag-gedig begin die woordspel en die metaforiek reeds: ‘Klink dig in die donker, van die / keel wat afbrand en in opdrag /aan die leser, asook aan wat volg:’

Dis ’n sonnet, byna konvensioneel in vorm, met ryme en assonansies in onkonvensionele plekke vir die sonnet - klinkend, en met die sentrale beeld van vuur wat daardeur loop, en waar die koeplet eindig met

omdat sterwe ’n keuse is gaan vroeër of later
die dankbare voete oor die vlammende water

Die titel speel met die woord vir sonnnet (klinkdig), maar met ‘klink’ (soos Van Wyk Louw se beiteltjie wat ‘klink’), en ook ‘dig’ in die donker (soos in ‘digte donker’); dan ook: ’n gedig in die digte donker geskryf (soos in ’n gevangenis). Later word die gedig ‘Dit is ’n nagtegaal gelede’ herskryf in die donker: ’n weerspieëling van die oorspronklike, maar in deurmekaar woorde. Die ‘keel wat afbrand’ is gekompliseerd metafories. ’n Keel kan brand, maar afbrand? Afbrand is meer finaal as brand, en afbrand is uitbrand - soos ’n digter kan uitbrand. Soos ’n digter in die tronk.

Maar om verder te gaan. Daar is visuele metafore, wat met ’n bietjie verbeelding van die leser sin kan maak, soos die volgende, waar metafoor en vergelyking saamwerk:

die aand is myne
en die more die goue dolk
van die môre met die rooi robyne
in die hef wat skitter soos die son
se oë waar jy dit plant in die tuin.

En daar is beelde wat byna retories is, maar met ’n paradoksaliteit wat ook kenmerkend is van Breyten se poësie:

jy het nog nie werklik geleef voordat jy nie jou lewe
op al die kruispaaie treinspore wissel-oorde tussen nag
en dag
verpas het nie

gaan heen en verneem dit alles en leef dis joune nou
die wêreld is oneindig:
jý alleen die sleutel.

Daar is die metaforiserende, maar waar die leser se verbeelding gevra word, met die titel as leidraad: ‘beelde van skuins voor dagbreek’.

dink aan die nag as ’n enorme ballon
vol duisternis met ’n warm en sagte wand
wat meegee onder jou buik
en ’n goue koord met tossels wat vinger
vir vinger daaroor geskuif word
met die getjoep van skuurgeluidjies:
dis die gekweel en getjilp van die magdom voëls
wat die dag laat breek
in flenters huid en geel rafels
en die onsigbare soet duisternis
...
of verbeel jou ’n welriekende koets
so groot en so donker dat jy dit nie kan sien
beweeg nie ...
...
of beskou die nag as ’n digte woud
wat net uit blare bestaan ...

Dis gedigte soos dié wat die beskrywende, beeldende, transformerend-weerspieëlende aard van Breyten se poësie kenmerk. Soos byvoorbeeld die ongelooflike *ars poetica* ‘drome is ook wonde’ in *Die huis van die dowe*.

Saam met metafoor, vergelyking, verbeelding, idee, bevat liriese gedigte dikwels ook ’n narratiewe element. Soos in hierdie liefdessonnet (vormvas met rym en al), waarin die spreker - Breyten in die gevangenis - afskeid neem van sy vrou na ’n besoek . En geen Afrikaanse digter kon nog die liefdesgedig so skryf soos hy nie:

vroeg vanmôre sou die silwerpunte van die vliegtuigvlerk
vlam soos ’n tweesnydende swaard in die blou,
oor die gryns en die brein van my Niemandsland swerk –
weg, al hoe verder, uiteindelik na waar wolkruimtes bou
oor ’n ander, flouer, kontinent ...
.... nou rou
ek oor jou wolksagte vlees, oor ons, ons wond, die vertrek
van my bly-sit; soetlief, ons sal die koue somer onthou
verenig! alleen, blou-gedruppel waar woorde yler word hier
trek jou vlug vér ’n naaldprik deur die hart van papier.

In die voorbeelde wat tot dusver gegee is, kan ’n mens by die metafoor nog die kloutjie by die oor kry. Maar dan stuit jy op dié waar die eendersheid byna nie versoenbaar is met die andersheid nie - waar betekenaars net-net nog vir betekendes kan staan, maar byna ‘leë’ betekenaars geword het; net nog met assosiasies wat meer en meer gewaagd in terme van betekenisvorming is. Byvoorbeeld, fragmente uit die volgende gedig - weer beskrywend:

.... Op die veranda
word koerante verkoop: die opskrifte is swart vishoeke,
is pylpunte, is ankers, is hanglusse, is dooie
nat eekhorings oor die voorblaaie ...

...

Op die plein steun ’n ou man op ’n wit buis vol woorde,
op ’n opgerolde koerant; die wind is in die ou man se naakte
klere en in sy hopelose mond; die staf verpoeier wit:
die wind hou die grysaard gestandbeeld orent
...
Hy is nie meer vertroud met die ruimte nie
en verloor sy gids met die donkerstortende oë uit die gesig.
Op ’n straathoek hoor hy die stemme van vroue
paprikas en koolkoppe opveil. (En hoe lank is dit sedert hy die stem van ’n vrou geproe het?)
Hulle vervloek die verge wemelrig.

Die koerantopskrifte kan nog geassosieer word met vishoeke, pylpunte en ankers (visueel en op die vlak van assosiatiewe betekenis); maar ‘hanglusse’ en ‘dooie nat eekhorings ...’ is betekenis verby, het betekenaars van betekenaars geword: ’n dooie nat eekhoring be-teken niks, is ’n nuttelose ding - en ook dan ’n koerant. Later word ’n opgerolde koerant ‘’n wit buis vol woorde’ waarop ’n ou man kan steun, maar dan verpoeier die staf tot wit. Weer tot niks. Die eendersheid van die koerant met die andersheid van ’n wit buis vol woorde is vatbaar; maar betekenis raak kripties met metafore soos ‘naakte klere’, ‘donkerstortende oë uit die gesig’, ‘stem van ’n vrou geproe’. Soos die ‘conceits’ van die ou poësie.

Die betekenis wat die digter soek in taal, deur metafoor, word gereflekteer deur die betekenis wat die leser dan ook soek in die digter se oplossings. Dit word mede-skeppend: die digter betrek die leser. Dis nie net estetiese genot nie, maar betekenis-skeppend. Dit is die waarde van Breyten se poësie: die besinning oor betekenis, oor woorde. Byvoorbeeld wat beteken die volgende, en hoe beteken die dubbelpunt hier? (‘ars poetica’ uit *Huis van die dowe*):

woorde is beuls van stilte, van ruimte:
want die sywurm spin in waarheid
sy sekreetste bene
duim vir duim uit.

Daar is genoeg van die estetiese in Breyten se werk; en genoeg wat ‘aanhalingswaardig’ is. Mens moet net vreesloos lees. Soos ook die romantiese daarin; in hierdie liefdesgedig, (soos van vlerke) uit *Lotus*, wat ook weer op metafore en vergelykings gebou is:

Allerliefste, ek stuur vir jou ’n rooiborsduif
want niemand sal ’n boodskap wat rooi is skiet nie.
Ek gooi my rooiborsduif hoog in die lug
en ek weet al die jagters sal dink dis die son.
Kyk, my duif kom op en my duif gaan onder
en waar hy vlieg daar skitter oseane
en bome word groen
en hy kleur my boodskap so rooi oor jou vel

Want my liefde reis met jou mee,
my liefde moet soos ’n engel by jou bly,
soos vlerke, wit soos ’n engel. Jy moet van my liefde bly weet
soos van vlerke waarmee jy nie kan vlieg nie.

Slepende eensaamheid

J.M. Coetzee en die verlies aan gemeenskap, 'n lesing van Coetzee se Langzame Man

Deur Johann Rossouw[**]

Samuel Beckett, die Ierse skrywer en dramaturg oor wie J.M. Coetzee sy doktorsgraad geskryf het, het na sy verowering van die Nobelprys vir Letterkunde gekla dat die gevolglike openbare aandag wat hy geniet het vir hom erg steurend was. Te oordeel aan *Langzame Man* het 2003 se Nobelprys vir Letterkunde nie 'n beduidende impak op Coetzee se uitset nie: dit is nogmaals 'n boeiende, ritmiese kunswerk, wat reeds aan hom die soveelste nominasie vir die mees gesogte Britse literêre toekenning, die MAN Booker, besorg het.

Literêre verdienste hang egter nie van pryse af nie, en 'n groot romansier soos Coetzee verdien daarom om aan sy eie hoë standaarde eerder as dié van mediagevierdheid gemeet te word. *Langzame Man* sit Coetzee se besinning oor etlike temas wat dwarsdeur sy werk loop, voort. Drie van hierdie temas wat hier ek hier aan die orde wil stel, is die tyd, die posisie van die romansier teenoor die werklikheid en gemeenskap. Daarbenewens is daar nog 'n vierde tema wat sterk in dié roman figureer, maar nie noodwendig elders in sy werk nie, naamlik die prostese. Die kwessie van gemeenskap is myns insiens die een waar die beperkings van Coetzee se werk lê, en daarom sal ek dit laaste hanteer. Maar eers 'n bondige, onvolledige samevatting van die verhaal van *Langzame Man*, as 'n mens dit 'n verhaal kan noem (wat nie noodwendig 'n probleem is nie, inteendeel.)

Langzame Man handel kortliks oor 'n man in sy sestigs, Paul Rayment, wat reg in die eerste sinne van die roman in die verkeer omgery word op sy fiets, wat daartoe lei dat sy een been bo sy knie afgesit word. Hierna gaan hy as enkellopende, geskeide man deur 'n moeisame herstelproses, waarin sy Kroasiese tuisverpleegster, Marijana, 'n sentrale rol speel. Hy ontwikkel 'n idealiserende fiksasie op Marijana, wat lei tot groter betrokkenheid by haar gesin: haar man Miroslav, haar tienerseun Drago, sy jonger tienersuster Blanka, en hul vyfjarige sussie Ljuba. Sowat 'n derde deur die roman maak Coetzee se literêre alterego, Elizabeth Costello, bejaarde Australiese romansier, haar opwagting, waarop boeiende interaksie tussen Rayment en haar volg.

Wat die tema van die tyd betref: in 'n Elizabeth Costello-verhaal wat op 15 Januarie 2004 verskyn het in *The New York Review of Books* (jaargang 51, no.1), merk die lewensmoeë Costello teenoor haar seun, John, op: "I have never cared what people say because I have always believed in the word of the future. History will vindicate me—that is what I have told myself. But I am losing faith in history, as history has become today—losing faith in its power to come up with the truth." In dieselfde trant verklaar Rayment op p.195 in gesprek met Drago, wat eersgenoemde via sy fiksasie op sy moeder as 'n soort aangenome seun voorstel: "Ik ben ingehaald door de tijd, door de geschiedenis."

Om mobiel te wees, is om die onverbiddelike houvas van die tyd via die dood as uiterste vorm van menslike immobiliteit, tydelik te ontwyk, om die bewustheid van sterflikheid te verdoof. Maar Rayment se verlies aan mobiliteit konfronteer hom met die tyd: die hede, maar ook die verlede en die toekoms. Hy word deurgaans deur 'n soort sentimentele ressentiment geteister, 'n ressentiment wat voortspruit uit sy onvermoë om *deel te neem* aan 'n duursame liefdesverhouding, *die vorm van privaat gemeenskap wat hy romantiseer by gebrek aan ontologiese of identiteitsgemeenskap*, waarna ek hieronder sal terugkeer. Sy sentimentele mislukking word soos volg saamgevat: "Hij is voorlopig nog geen geest, maar een soort man, het soort dat er niet in slaagt datgene te volbrengen waartoe hij op de wereld is gezet: om zijn andere helft te zoeken, haar trouw te blijven en haar te zegenen met zijn zaad…" (pp.40-41). En dit laat hom met 'n soort sentimentele ressentiment: "… de geest van een man die *vol spijt* terugkijkt op *niet goed bestede tijd*." (my klem, p.41).

Die tyd is dus vir Rayment betekenisvol indermate hy die liefde kon leef, 'n ingesteldheid wat hom plaas in die tradisie van Augustinus, die Kerkvader, teoloog en filosoof wat die liefde absoluut sentraal geag het, en oor wie Rayment ook mymer. Die kwessie van "fisieke liefde", oftewel seks, kom onder meer in hoofstuk 9 aan die orde in 'n gesprek tussen Rayment en 'n vriendin, Margaret, wat wil weet of sy amputasie nou die einde van sy sekslewe beteken. Wanneer sy hom sy "melodrama" verwyt - "Niemand gaat dood aan een geamputeerd been" (p.68) - plaas hy weer eens tyd en liefde in verband, hierdie maal met

---

[*] *Uit Engels in Nederlands vertaal deur Peter Bergsma en uitgegee deur Uitgeverij Cossee, Amsterdam; oorspronklike Engelse titel* Slow Man

[**] *Redakteur*

Die Vrye Afrikaan bedank graag Coetzee se Nederlandse uitgewer, Eva Cossee, wat ons in goeie trou voorsien het van die elektroniese proewe van *Langzame Man* vir hierdie resensie asook ter voorbereiding van die onderhoud hiernaas met Coetzee [kyk hiernaas]. Ons bedank Coetzee ook graag vir die seldsame onderhoud wat hy aan ons toegestaan het.

verwysing na die toekoms: “Nee, maar mensen gaan wel dood aan onverschilligheid tegenover de toekomst.” (p.68) Hiermee raak hy ook aan die sentimentele ressentiment wat hom teister, en wat hom maklik in sy toestand van immobiliteit en groter sterflikheidsbewustheid tot die dood toe siek kon maak. Wat hom aan die lewe hou, is Marijana se sorg, wat hy tot emosionele fiksasie omverbeel. Levinas het nie verniet geskryf nie dat die betekenisvolle ander ook aan my die toekoms bring…

Maar dit is veral Rayment se haaksheid op die hede, op die tyd van die fiktiewe *ons* van die globale mark van kunsmatige ervarings, wat treffend en selfs begeesterend is. Hierdie tyd, waarin mobiliteit en visualiteit nou kombineer in die Tirannie van Onmiddellikheid, vernietig gemeenskappe se sin vir tyd, vir die orde van die tyd. Dit ontwrig selfs en miskien veral die gesin. Oor Rayment se hertroude voormalige vrou lees ons byvoorbeeld op p.52: “Ze hebben zamen ook nog een kind gekregen en zijn zo’n ingewikkelde moderne familie geworden waarin iedereen elkaar bij de voornaam noemt.” Onder die Tirannie van Onmiddellikheid word generasies nie meer van mekaar onderskei nie en vloei alles ineen in ’n soort valse, gemoedelike kwasi-gemeenskaplikheid, die onuitstaanbare familiariteit van ontwrigte gesinne waar ’n kind nie meer “Pa” sê nie, en kinders en ouers nie meer weet wie is wat nie. Ongelukkig is dit juis ons verlange na gemeenskap, na kinders, wat ons onder die Tirannie van Onmiddellikheid waarin “die jeug” bo alles gestel word, plaas, en wat van ons slawe daarvan maak: “Door onze kinderen worden we de dienaren van de tijd.” (p.199)

Hierdie woorde van Elizabeth Costello, wat anders as Rayment ouerskap beleef het, kan weliswaar op minstens twee wyses gelees word. Eerstens kan dit gelees word as die hoop wat kinders, dit wil sê ’n baie onmiddellike vorm van gemeenskap, vir ons bied deurdat hulle ons aan die tyd self bind. Maar is daar so iets soos die tyd self as die tyd wat altyd reeds deur die tegniek, deur ons prosteses, bemiddel word? Natuurlik nie: kinders alleen, ’n durende liefdesverhouding met of sonder kinders, is nie genoeg om ’n ander soort tyd moontlik te maak nie. Dit is presies Rayment se toestand, as buitestaande buite ontologiese en identiteitsgemeenskap, en dit is waarom hy die tyd, oftewel die Tirannie van Onmiddellikheid so beklemmend beleef, so ontuis in die wêreld voel. Miskien ’n dapper teenstander van die Tirannie van Onmiddellikheid, maar ’n bitter eensame een.

Wat ongetwyfeld ook tot sy ontuisheid in ons tyd bydra, is dat hy weens sy estetiese verhouding met die verlede, soos beliggaam deur sy fotografie en liefde vir ou kiekies, halsstarrig uit gelid met die hede is. Iewers in die verlede was gemeenskap, ’n gemeenskap wat hy hom vaagweg verbeel, ’n soort geheel voor die Val, waaroor hy nou bloot melancholies kan mymer. Per stuk van rekening is sy mymering oor sy ander helfte ’n stuk goeie ou Platonisme: Plato, met sy hoogs problematiese opvatting van gemeenskap, het aan ons die mite van liefde as die hereniging met ons ander helfte gegee.

Dit bring my by die posisie van die romansier teenoor die werklikheid, asook sy karakters. Hierdie tema word hier aan die orde gestel deur die onverwagse verskyning van Elizabeth Costello. Reeds in die eerste Elizabeth Costello-verhaal, *What is realism?*, is dié kwessie deur Coetzee getakel. In daardie verhaal, wat vertel hoe Elizabeth Costello by ’n prestigeaand haar gehoor toespreek oor “What is realism?”, vertoon Coetzee ’n wonderlike sin vir die beperkings van die mate waartoe ons die werklikheid kan weergee. Waar Kundera dit wil hê dat die roman die gordyn voor die werklikheid moet wegskeur, is Coetzee erg skepties oor die mate waartoe die roman dit kan doen. Die verste wat hy klaarblyklik sal gaan, is wat hy in die onderhoud hiernaas verklaar: “…daar is ’n veelvoud van romans - uitgebreide prosafiksies - wat elkeen sy eie verhouding tot die werklikheid opneem.”

Keer op keer probeer Costello dit aan Rayment duidelik maak dat ofskoon sy nie gevra het om in sy lewe te wees nie, hy ongevraagd na haar gekom het (die bekend tema van die skrywer wat dit skryf wat vir hom gegee word - selfs al is dit ongevraagd en onwelkom!). Sy maak dit duidelik dat sy eers van hom ontslae sal wees as hy gekies het na watter kant toe hy gaan handel (sodat sy, per implikasie, dit dan kan gaan weergee), en versinnebeeld sodoende die modernistiese opvatting van die roman as ’n plek van aksie eerder as van besinning, aktiewe deelname aan die wêreld eerder as deelname deur waarneming (soos dwarsdeur Karel Schoeman se fiksie, ’n romansier met wie Coetzee natuurlik belangrike ooreenkomste het). Costello probeer selfs om Rayment tot aksie te beweeg, nie net deur hom inligting oor ander karakters in die roman te gee nie (gebrekkige inligting, want die skrywer hét nie volledige toegang tot die werklikheid nie), maar selfs deur ’n ander Marianna aan hom voor te stel: die ongemaklike seks wat hier tussen ’n blinde en ’n kreupele geskied, is ’n wonderlike en tragiese metafoor van wat met seks gebeur in ’n era waarin mobiliteit en visualiteit oorheers.

Maar al Costello se pogings faal. Rayment handel nie, of hy handel nie soos sy dink - met haar gebrekkige kennis, wat sy self nie besef nie - vir hom goed sal wees nie. En in die slotgesprek tussen hulle is sy as skrywer so gerelativeer teenoor haar karakter, dat daar van ’n meerdere posisie van skrywer teenoor karakter niks oor is nie. Hiermee vee Coetzee die oorskatting van die skrywer, ook as gids tot die werklikheid, van die tafel af - wat allermins van hom ’n blote nominalis maak: skrywer en karakter bly in ’n onontkombare betreklikheid tot mekaar, en dit is juis hierin wat nog ’n sin vir die werklikheid behoue bly, al kan ons dit slegs ten dele ken, soos Paul se Bybelse naamgenoot Paulus, neo-Platonis, geskryf het. Die geniale toneel op p.148, wanneer dit blyk dat nóg Costello, nóg ander karakters Rayment kan help om te weet wat werklik tussen Marijana en Miroslav passeer, is die implikasies van Paulus en Plato vir kennis van die werklikheid op sy beste uitgebeeld.

Dan is daar die tema van die prostese. Rayment weier deurentyd hardnekkig om ’n kunsbeen te dra, en volhard met sy krukke. Hierin is sy klassieke romantiese - Rayment ís, soos talle van Coetzee hoofkarakters, ’n romantikus - vooroordeel ten gunste van “die natuurlike” dan ook aan die bod, en vertoon

hy geen insig nie in die feit dat, soos Bernard Stiegler aantoon, daar geen wêreld sonder die prostese is nie (en ook geen gemeenskap nie…). Nog erger, Rayment sien klaarblyklik nie in nie dat sy krukke self prosteses is, bes moontlik omdat hy die term prostese op konvensionele wyse met die kunsledemaat verbind, dit wil sê met dit wat die gebreklike sy gebrek te bowe laat kom. Hy besef nie dat ons as sodanig gebrekkig gebore word nie, en dat die heelheid waarna hy in die geliefde, ontwykende ander soek, inderdaad geensins buite die prostese om moontlik is nie.

Minstens laat Rayment ruimte vir daardie prosteses wat hom toelaat om sy estetiese, melancholiese verhouding met 'n romantiese verlede te handhaaf, veral die kamera en sy kiekies. Ofskoon sy kiekies hom help om die verlede te rekonstrueer, is die grootste ironie dat die blinde Marianna waarmee hy gemeenskap het na bewering eens deur hom afgeneem is - maar hy onthou dit nie: selfs die prostese kan nie die vergeetagtigheid van die gang van die tyd oorkom nie.

Eweneens is daar 'n wonderlike erkenning van hoe die verlede deur die tegniek in stand gehou word: Miroslav het eens 'n meganiese eend wat honderde jare oud is, herstel en aan die beweeg gekry (wat hom twee weke se vervlietende roem op Kroasiese televisie besorg het), terwyl Marijana oorspronklik kunsrestourasie bestudeer het. Dan is daar natuurlik nog Elizabeth Costello wat die gang van die tyd met skryf probeer weerstaan… Met ander woorde: die belangrikste volwassenes in die boek probeer almal met verskillende tegnieke die verlede instandhou. En sonder om die verruklike einde van die roman weg te gee, figureer daar ook 'n prostese wat in 'n sekere sin Rayment se verhouding met 'n "heel wêreld" kan herstel deur sy immobiliteit te oorkom…

Hiermee is ons nou by die tema van gemeenskap. Hierbo het ek van Rayment geskryf: "Hy word deurgaans deur 'n soort sentimentele ressentiment geteister, 'n ressentiment wat voortspruit uit sy onvermoë om *deel te neem* aan 'n duursame liefdesverhouding, *die vorm van privaat gemeenskap wat hy romantiseer by gebrek aan ontologiese of identiteitsgemeenskap*…" Ek probeer verduidelik: *Langzame Man* speel af in Australië, 'n land van immigrante, met die vernaamste karakters immigrante in hul eie leeftyd: Rayment, wie se ouers uit Frankryk in sy tienerjare na Australië geëmigreer het; en Marijanna, wie se gesin enkele jare gelede om den brode uit Kroasië na Australië gekom het.

Dit is hier waar die naam Marianna/Marijana betekenisvol is: Marianne is natuurlik die simbool van die Franse republiek, van die moderne Franse *identiteitsgemeenskap*. Die verloopte Fransman, Rayment, se onvermoë tot (privaat) gemeenskap met nóg die een, nóg die ander is ook die onmoontlikheid van die identiteitsgemeenskap vir hom, Benedict Anderson se *imagined community*. Is dit hoekom Rayment so verlief is op sy versameling kiekies van die vroeë Australiese immigrante waaruit die hedendaagse Australiese identiteitsgemeenskap gebore is? En hoe kan hy dan kwaad wees vir Drago, as hy ontdek dat die jongeling sy vermiste kiekie van 'n groep vroeë immigrante geleen het om Drago se oupa se gesig kunsmatig op die kiekie in te voeg? Dit is Drago, die jong immigrant, se verlange om te behoort tot 'n ons, wat Rayment heimlik deel.

Maar dit is presies hier waar die beperkinge van Coetzee se grootse korpus met betrekking tot gemeenskap lê: dit is 'n kragtige opgaaf van die individu sonder ontologiese en identiteitsgemeenskap, byvoorbeeld die verloopte Fransman wat liefdeloos oor Augustinus en sy ander helfte mymer, wat deur sy *begeertes* in betrokkenheid gedompel word, maar wat nie deur daardie iets meers wat gemeenskap moontlik maak begeester word tot betrokkenheid nie. Dit is dieselfde probleem van die magistraat van *Waiting for the Barbarians* of David Lurie van *Disgrace*: onwillige begerende betrokkenes vir wie gemeenskap nog altyd verlore was, en wat daarom in die eerste plek nie aan die wêreld kan deelneem nie (en ook nie verhoudings met ander instand kan hou nie). Hulle skepper, Coetzee, antwoord dan ook in die onderhoud hiernaas met betrekking tot Danie Goosen se opvatting van moderniteit as die verlies aan deelname: "Ek het nie die vaagste benul wat Danie Goosen bedoel nie."

Bernard Stiegler, die filosoof van die tegniek, wat sy naam in die 1990's juis gevestig het met 'n reeks van tot dusver drie dele getiteld *Tegniek en Tyd*, het in sy mees onlangse tweedelige werk *De la misère symbolique* (Oor simboliese ellende) (Parys: Galilée, 2004, 2005) uitvoerig uitgewy oor hoe juis die gebrek aan deelname van die individu aan die skepping van sy wêreld hom in "simboliese ellende" dompel. Hierdie toestand spruit voort uit die feit dat in die industriële demokrasieë (wat Australië byna is, en Suid-Afrika voorgee om te wees) die meeste mense uitgesluit word uit deelname aan die tegniese bestel waarmee hierdie era ingeklee word, waarmee dit 'n aantoonbare era word. In 2003 se *Aimer, s'aimer, nous aimer* (Om lief te hê, om sigself lief te hê, om mekaar lief te hê) (Parys: Galilée) verduidelik hy dan ook dat die onvermoë tot liefde spruit uit die vernietiging van gemeenskap wat volg uit die uitsluiting van die meerderheid mense van die tegniese bestel waarmee hulle simboliese ordes geskep word.

Paul Rayment is 'n karakter wat by uitstek hierdie toestand beliggaam, wat nog deur sy begeertes lewend (en liewend) gehou word, maar by wie ook dít uiteindelik moet faal, soos vir almal wat nie die uitdaging aanvaar om gemeenskap opnuut in ons era, in hierdie tegniese milieu van mobiliteit en visualiteit te bedink nie. Rayment se slepende eensaamheid is 'n waarskuwing en 'n wekroep vir dié van ons wat nog 'ons' kan en wil sê, soos in: ons is nie almal so nie. Oftewel, ons hoef nie almal so te wees nie. En dat 'ons' nie tot die nasionalisme beperk is nie.

Coetzee se korpus is onder meer verstaanbaar as reaksie teen die nasionalisme (en sy miskenning van die individu - juis omdat dit gemeenskap misbruik!). Maar hoe lyk gemeenskap anderkant nasionalisme, dit wat dit inderdaad moontlik maak om hom te beskryf as die eerste Afrikaner wat die Nobelprys vir Letterkunde gewen het, al skryf hy in Engels, of al was hy nooit 'n Afrikanernasionalis nie? Dít is die vraag wat sy werk nie beantwoord nie.

“Daar is nie so iets soos ‘die roman’ nie”

In gesprek met J.M. Coetzee

Die Vrye Afrikaan: In sy nuutste boek, *Le Rideau* (Die Gordyn) (Parys: Gallimard, 2005), voer Milan Kundera aan dat die roman vir ons die gordyn voor die werklikheid wegskeur. Daarenteen voer J.G. Ballard weer aan dat ons vandag vanweë die kommunikasierewolusie in ’n fiktiewe werklikheid leef sodat dit nie so eenvoudig is om die werklikheid via die roman bloot te lê nie. Wat dink jyself van die verhouding tussen roman en werklikheid?

J.M. Coetzee: Ek het nie die boek van Kundera wat jy noem gelees nie. Daar is nie so iets soos “die roman” nie. Daar is eerder ’n veelvoud van romans - uitgebreide prosafiksies - wat elkeen sy eie verhouding tot die werklikheid opneem.

DVA: Verskeie eietydse romansiers en filosowe verwys na ons era as iets wat mens kan beskryf met die term die Tirannie van Onmiddellikheid. Onmiddellikheid in die sin dat die instellings waarmee ons werklikheid bemiddel word onder groot druk verkeer, maar ook in die sin dat die spoed waarmee dinge gedoen kan word, bepalend is. Paul Virilio het reeds in 1977 se *Vitesse et Politique* gewys op die gevaar van tegnologie wat so vinnig word, dat ons nie meer tyd het om oordeelkundig te reageer nie. Hoe verset ons ons teen die Tirannie van Onmiddellikheid? Kortom, hoe kan die tyd self teen die miskenning van die tyd beskerm word?

JMC: Ek herken nie die Tirannie van Onmiddellikheid waarna julle verwys nie. Ek voel nie in my eie lewe die druk om onmiddellik te handel nie.

DVA: Die Tirannie van Onmiddellikheid word ongetwyfeld versterk deur die ongekende mobiliteit wat vandag vir ’n klein minderheid (toeriste, sakelui, akademici, politici) moontlik is, terwyl massas mense teen hulle sin aan mobiliteit onderwerp word (vlugtelinge, immigrante). Hoe vinniger ons beweeg - so dink baie mense - hoe minder is ons aan die tyd uitgelewer. Ironies genoeg was vergrote mobiliteit in die goue era van reis ’n belangrike faktor om die beperkinge te onthul van Europese universalisme soos beoefen deur Immanuel Kant, wat nooit die distrik van Königsberg verlaat het nie. Met ander woorde, die verabsolutering van mobiliteit of immobiliteit is oënskynlik geneig om valse universalismes in die hand te werk. Stem jy hiermee saam, en dink jy daar is ’n norm wat ons kan begelei om verantwoordelik met mobiliteit om te gaan?

JMC: -

DVA: Nietzsche het by meer as geleentheid die kind as ideaal voorgehou. Nou, sowat 130 jaar later, word kinders en jeug verabsoluteer, waarskynlik as deel van die verlies aan ’n begrip van die tyd. Ironies genoeg lyk dit asof volwassenheid soos beliggaam in die ingeligte burger saam met die nasiestaat op die agtergrond skuif, terwyl die hoofstroompolitiek al hoe emosioneler en kinderagtiger word. Miskien het die staat vaders in so ’n mate ontman dat sy verbrokkeling hierdie era se gebrek aan volwassenheid openbaar. Dink jy nuwe vorme van volwassenheid is moontlik, of moet dit eerder saam met die nasiestaat as ideaal ter wille van iets heeltemal anders laat vaar word?

JMC: Word jeug verabsoluteer of word fisieke skoonheid verabsoluteer? Indien laasgenoemde, dan doen ons dit al vir ’n lang tyd, en ek is nie seker dat dit ’n slegte ding is nie. Wat betref die bedryf van politiek - demokratiese politiek - dít was nog altyd ’n emotiewe en “kinderagtige” saak. Mense stem met hulle harte, nie met hulle koppe nie.

DVA: Samuel Beckett het oor *Waiting for Godot* geskryf: “I know no more about this play than anyone who reads it attentively. I don’t know what spirit I wrote it in. I know no more about the characters than what they say, what they do and what happens to them… everything I have been able to learn, I have shown. It’s not a great deal. But it’s enough for me, quite enough.” Wat is jou kommentaar hierop, ook as romansier teenoor jou werk?

JMC: Beckett was geïrriteerd met mense wat vertolkings van sy drama maak en hom vra om hulle te bevestig of af te wys. Soos Beckett sê, hoef jy nie te weet wat die “betekenis” is van wat jy doen om dit te doen nie. In sommige omstandighede mag om te veel te weet van wat jy doen, jou kortwiek.

DVA: Ná die voordrag van jou eerste Elizabeth Costello-verhaal, *What is realism?*, in 1997, het jy gesê jy het jou geloof in die krag van die rasionele argument verloor, en dat jy verkies om jou argumente by wyse van verhale oor te dra. Dink jy steeds dat verhale meer krag as argumente het, veral gegewe die mate waartoe elke Jan Rap en sy maat vandag een of ander “ervaring” of “leefstyl”, oftewel kwasi-verhale, aan ons wil verkoop? Hoe sien jy die verhouding tussen vertelling (die roman) en besinning (filosofie)?

JMC: Ek twyfel of ek gesê het dat ek verkies om ’n argument by wyse van verhale voort te sit. Verhale is nie argumente nie. Maar ek dink wel dat verhale ’n oortuigendheid van hul eie besit.

DVA: Met verwysing na jou besinnende werk oor Benjamin se opvatting van taal en die kwessie van Engels in Suid-Afrika: Is Engels ’n toepaslike medium om, soos Breyten Breytenbach dit stel, die “konstruk wat ons Suid-Afrika noem”, te artikuleer? Wat van ’n vorm van veeltaligheid?

JMC: Ek is nie seker nie wat Walter Benjamin met Engels in Suid-Afrika te make het. Ek het voeling met die taal van die strate in Suid-Afrika verloor, dus dink ek nie ek kan kommentaar lewer nie.

DVA: Volgens Danie Goosen kan die moderniteit verstaan word as die opskorting van deelname aan die wêreld. Jy moes self in die 1980’s deurloop onder ’n kortsigtige aanklag dat jy as Suid-Afrikaanse skrywer nie genoeg deelneem nie. Wat is volgens jou die basis van deelname aan die wêreld?

JMC: Ek het nie die vaagste benul wat Danie Goosen bedoel nie. Ek is ook dronkgeslaan oor waarom hierdie besondere vrae gerig word aan ’n romansier wat sopas ’n verhaal gepubliseer het oor ’n man wat sy been in ’n verkeersongeluk verloor.

Vandeesmaand se hoofartikel in

LE MONDE *diplomatique*

Weerspannigheid

Deur Alain Gresh[*]

Tydens 'n konferensie van Sjinese, Russiese en Indiese Ministers van Buitelandse Sake wat op 2 Junie 2005 in Wladiwostok gehou is, het Beijing en Moskou 'n oplossing vir hulle grensgeskil onderteken, en Indië het sy beleggings in Russiese petroleum bekragtig - 1 miljard dollar vir die sogenaamde Sakhalin I-projek. Die drie lande pleit vir die verwerping van "dubbele standaarde" in internasionale betrekkinge, 'n stelling wat op die Bush-administrasie gerig is. In Augustus 2005 het die Sjinese firma, CNOOC Ltd. afgesien van sy aanbod om die Amerikaanse petroleummaatskappy, Unocal, op te koop toe hy voor die laertrekkery wat dit in die Amerikaanse Kongres uitgelok het, te staan kom; die vrye sirkulasie van kapitaal het teruggestaan vir "veiligheidsimperatiewe". In dieselfde maand verwerp Iran die voorstelle van drie Europese lande (Frankryk, Duitsland, die Verenigde Koninkryk), wat deur die Verenigde State ondersteun is, en wat die finale afstanddoening van sy uraanverrykingstegnologie impliseer, terwyl selfs die Nieproliferasieverdrag (NPT) sy reg op hierdie tegnologie erken. In Teheran, waar die herinnering aan buitelandse ingryping - dié van Rusland in die 19de eeu en dié van die CIA in 1953 - steeds lewendig is, word die vlag van soewereiniteit hoog gehys.

Drie gebeurtenisse tussen verskeie ander: die vermenigvuldiging van Sjinese leiers se reise na Afrika en Suid-Amerika; spanning in handelsbetrekkinge tussen die Verenigde State, Europa en Sjina rondom die tekstielbedryf, vliegtuie en landbou; Suid-Korea se erkenning van Pyongyang se reg om oor 'n burgerlike kernnywerheid te beskik, in teenstelling met die standpunte wat Washington hieroor inneem, ens. Saamgevoeg, skets hierdie verspreide feite die buitelyne van 'n wêreldwye geopolitiek wat heelwat meer gekompliseerd is as wat 'n mens soms besef, en wat nie tot die onstuimige vlaag van liberale globalisering gereduseer kan word nie. Oraloor bly nasionalismes voortbestaan, gemeenskapskulture, ambisies wat in hulle geskiedenis gewortel is: diegene wat weier om aan die globale orde toe te gee, word al hoe meer.

'n Mens sien nie die opkoms van enige "supra-imperialisme" wat 'n einde sou bring aan wedywering en kompetisie nie. Teenoor 'n VSA wat nie skroom om, soos in die Unocal-geval, sy eie belange te beskerm nie, word 'n ekonomiese en politieke patriotisme gevestig, 'n vasberadenheid om sy onafhanklikheid te beskerm, van Beijing tot in Sao Paulo, van Seoel tot in Nieu-Delhi. Reeds in September 2003 in Cancun, het twintig lande van die Suide, waaronder Indië, Brasilië en Suid-Afrika, aanleiding gegee tot die mislukking van die Wêreldhandels-organisasie (WHO) se konferensie, aangesien daar nie aan hulle aansprake voldoen is nie. In Frankryk is die massiewe teenkanting teen die moontlike oorname van Danone deur PepsiCo die uitvloeisel van dieselfde logika.

Die "*End of History*", het Francis Fukuyama verduidelik, het die triomf aangekondig nie net van globalisering nie, maar ook van die liberale model wat deur die Verenigde State vergestalt word. Ten spyte daarvan is dit reeds meer as 'n dekade lank nie in staat om "hart en gees" te verower nie. In 1789 het die idees van die Franse Rewolusie na Europa en verder oorgespoel; die Sowjet-rewolusie het vir 'n lang tydperk sowel 'n ideologiese as militêre uitdaging aan die Weste uitgemaak. Maar die Verenigde State se militêre hoogtepunt val saam met die laagtepunt van hulle wêreldwye gewildheid. Washington se beeld in die buiteland was nog nooit vantevore so negatief nie. "Selfs Sjina vaar beter", het die *International Herald Tribune* op 24 Junie 2005 berig.

Dit is waar dat geen ander groot land binne die horison van die volgende dekade met die Verenigde State kan meeding soos wat die Sowjet-Unie dit gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu gedoen het nie. Ten spyte van sy status as ongeëwenaarde militêre moondheid bly die VSA vasdraai in Irak, waar 148 000 Amerikaanse soldate op Irakese grondgebied vasgepen is om die weerstand van enkele duisende vegters te trotseer. En die skandale van Guantanamo, van Abou Ghraib, die mishandelings, die inperking van fundamentele vryhede benadeel die Verenigde State se aanspraak, en soms ook dié van Europa (hierdie duo wat die Weste genoem word) om alleen universele waardes te definieer - persoonlike regte, demokrasie, vryhede, ens. - om die Goeie en die Slegte te proklameer, om te bepaal watter regime is aanvaarbaar en watter regime is nie, watter een word aan sanksies onderwerp en watter een nie.

Hulle poging om 'n afgestompte visie van die wêreld, van regte en van waardes af te dwing, veral by wyse van die media, word alom verwerp. Die sukses van satellietkanale in die Arabiese wêreld, veral dié van Al-Jazirah, en die totstandkoming van Telesur in Suid-Amerika getuig van hierdie ononderworpendheid

[*] *Adjunkredakteur,* Le Monde diplomatique

[**] *Uit Frans vertaal deur Christel Cattin <christelcattin@hotmail.com>*

wat na alle sfere uitbrei, polities, ekonomies en kultureel. In weerwil daarvan dat hierdie weiering in sommige gevalle misdadige vorme van religieuse of nasionale ekstremisme aanneem en die idee van die "clash of civilisations" voed.

Aan die einde van die agtiende eeu het Europa sy heerskappy oor ander moondhede afgedwing. Kontemporêre geskiedskrywing wys dat hierdie voorrang die gevolg is van 'n vreemde sameloop van omstandighede, naamlik die voordeel wat uit die besit van Noord-Amerika en die slawehandel-ekonomie verkry is (1). Dit het uitgeloop op 'n militêre oorwig wat die Ou Vasteland in staat gestel het om die res van die wêreld aan die koloniale juk te onderwerp. Europa het gepoog om hierdie dominansie te regverdig deur die sogenaamde duisend-jaar-oue voortreflikheid van sy waardes en denke, veral die Griekse filosofie (2). Dit het neergesien op alle ander kulture en het hulle as "barbaars" of "ondergeskik" beskou. Deesdae lyk dit of die Verenigde State, en soms Europa, hierdie vergange vooroordele weer opneem. Hulle behoort nietemin te onthou dat sogenaamd meer "gevorderde", beter "ontwikkelde", koloniale ryke uiteindelik verdwyn het ...

_____

(1). Lees veral Christopher Alan Bayly, *The Birth of the Modern World, 1780-1914*, Blackwell, Oxford, 2004, en Kenneth Pomeranz, *The Great Divergence. China, Europe, and the Making of the Modern World Economy,* Princeton University Press, 2000.

(2). Rakende die buitensporige trant van hierdie visie, lees Marcel Detienne, *Les Grecs et nous*, Perrin, 2005.

LE MONDE diplomatique

Die Verenigde Nasies en die Suide

Op soek na 'n nuwe politiek

Deur Hugo Ruiz-Diaz*

In September 2003 veroorsaak twintig Suidelike lande, gelei deur Brasilië, Indië en Suid-Afrika, dat die Wêreldhandelsorganisasie se kongres in Cancun, Meksiko misluk. As 'n groep onder die naam G20 (1), het hulle vergeefs probeer om enige ooreenkoms te bind aan die afskaffing van subsidies wat die Europese Unie en die VSA aan hulle boere toestaan. Met 1,5 miljard inwoners en 12,5% van die wêreld se bruto binnelandse produk (BBP) het Brasilië, Indië en Suid-Afrika gehoop om 'n politieke en strategiese rol te kon speel wat pas by hul demografiese en ekonomiese krag (2).

Die Brasiliaanse president, Luis Inacio Lula da Silva, het die versterking van bande tussen Suid en Suid een van die spille van sy buitelandse beleid gemaak: sedert hy in 2002 verkies is, het hy vier reise na Afrika onderneem en die eerste spitsberaad tussen Suid-Amerika en Arabiese lande in Brasilia op 10 en 11 Mei 2005 gereël. Sjina belê op sy beurt ook in hegter Suid-Suid verhoudinge: dié land gaan al meer diplomatieke betrekkinge met Suid-Amerikaanse hoofstede (3) asook handels- en samewerkingsooreenkomste met Afrikalande (4) aan. Daarbenewens het Sjina ekonomiese en tegnologiese samewerkingsverdrae met 16 Latyns-Amerikaanse lande gesluit. Beijing het ook 'n saamgestelde wetenskaplike en tegnologiese komitee met Brasilië, Meksiko, Chili, Argentinië en Kuba op die been gebring. 'n Satelliet vir die bestudering van natuurlike hulpbronne is deur Sjina en Brasilië vervaardig en in 1999 deur Beijing gelanseer, en daar word aan 'n tweede een gewerk.

Hoewel hierdie inisiatiewe wys hoe ver Sjina van sy Derdewêreldideologie in die 1960's en 1970's beweeg het en dat hy nie openlik die liberale argitektuur van die wêreldekonomie ondermyn nie, maak hulle deel uit van 'n nuwe fase in die langsame geskiedenis van Suidelike lande se toenemende selfhandhawing op die internasionale verhoog sedert 1945.

Die Verenigde Nasies (VN) het 'n beslissende rol in hierdie strategie vir internasionale erkenning gespeel. Om die waarheid te sê, het Derdewêreldlande sedert hul onafhanklikwording in die jare 1950-1960 met 'n mate van sukses die organisasie as platform gebruik vir die stel van eise, veral wat betref politieke onafhanklikheid en ontwikkeling.

Die VN-handves, wat uit die Tweede Wêreldoorlog gespruit het, was nietemin deurspek met teenstrydighede: enersyds het dit 'n stelsel van gemeenskaplike veiligheid en internasionale samewerking daargestel; andersyds maak dit voorsiening vir 'n voogdy-heerskappy vir sekere volke in die Suide. Hierdie wetlike baadjie het in feite regmatigheid verleen aan die oorheersing van gekoloniseerde volke (5). Ofskoon die internasionale reg in 1945 moes aanpas by die noodsaak om die ontluikende Oos-Wes-konflik te neutraliseer, bly dit die klassieke uitdrukking van die interstaatlike magsverhoudinge waarbinne die Derde Wêreld nog nie 'n regmatige plek gehad het nie. Terselfdertyd, deur op die ernstige kwessie van die verbod op oorlog as toevlug te fokus, laat die VN-handves die vraagstuk van ekonomiese oorheersing - wat aan die kern van Noord-Suid-geopolitiek sou lê - onaangeraak.

Die onafhanklikwordings in die jare 1950-1960 het die VN se aangesig omvorm en sy hele werking gewysig. Hierdie reusagtige beweging is op tou gesit deur die Afro-Asiatiese konferensie in Bandoeng in April 1955, wat deur 29 state en 30 nasionale bevrydingsbewegings bygewoon is (6). Die eise van die Suidelike lande se regeringshoofde was gemik op die beëindiging van kolonialisme en rasseskeiding. Só het die Beweging van Onverbonde Lande (BOL) in 1961 in 'n verskerpte Koueoorlogklimaat die lig gesien. Deur te weier om kant te kies tussen die twee blokke, vestig die Derdewêreldlande hulle as moontlike derde mag.

Dit lyk egter of daar 'n nuwe wind deur die internasionale arena waai. In minder as 10 jaar, van 1955 tot 1964, verkry 33 lande onafhanklikheid, die meeste daarvan in Afrika (7). Die bevryding van Algerië, bekom teen die duur prys van 'n besonder gewelddadige koloniale onderdrukking, word 'n simbool: Henri Lopes, voormalige premier van die Kongo, reken dat dié Noord-Afrikaland "die kruis vir die hele Afrika gedra het" en dat sy stryd vreedsame dekolonisering in die res van die Franse ryk moontlik gemaak het. In die Portugese sone het die vryheidstryd in die eerste helfte van die 1970's geseëvier (Guinee-

* *Lid van die Amerikaanse Vereniging vir Juriste*
** *Uit Frans vertaal deur Sonya van Schalkwyk-Barrois <sonyavs@yahoo.com>*

Bissau, Mosambiek, Angola, Kaap Verde en Sao Tome).

'n Grootse hoop ontstaan aldus, wat Derdewêreldlande vervolgens poog om binne die VN te verwesenlik. Hulle gebruik hul meerderheidstem in dié organisasie se Algemene Vergadering om koloniale oorheersing onwettig te maak. Op 14 Desember 1960 erken Resolusie 1541 die legitimiteit van nasionale vryheidstryde. Waar die wet van die sterkste lank een van die kenmerke van die internasionale reg was (8), word die bevegting van gewelddadige onderdrukking vir die eerste keer in die geskiedenis van interstaatlike verhoudings deur die reg erken. Dít is die begin van die hersiening van teenstrydighede in die internasionale gemeenskap.

In die 1970's gebruik Suidelike lande die VN as 'n "anti-imperialistiese" forum wat bydra tot die erkenning van nasionale vryheidsbewegings, soos die Palestynse Bevrydingsorganisasie (PBO) op 13 November 1974 ná Yasser Arafat se historiese toespraak voor die Algemene Vergadering, of SWAPO, die vryheidsbeweging in Namibië (wat deur Suid-Afrika beset is), en laat lede van dié organisasies as waarnemers toe ... (9)

In die jare ná Bandoeng gaan die amptelike stigting van die BOL in September 1961 in Belgrado egter ook met teenstrydighede gepaard. Dié beweging ontstaan in werklikheid na 'n nieamptelike Afro-Asiatiese konferensie in Kaïro op 26 Desember 1957. Die Sowjet-Unie, wat in 1956 die Egipte van Gamal Abdel Nasser in die Suez-aangeleentheid gesteun het (10), en wat homself die "vanselfsprekende bondgenoot van die Derde Wêreld" noem, neem deel aan dié totstandkoming, wat die geloofwaardigheid van die groepering se onafhanklikheid in die gedrang bring. Japan is ook teenwoordig: onderdanig aan die VSA, en 'n eertydse koloniale moondheid.

Hierdie skadusones loop reg deur die moeilike geskiedenis van die Suide se vestiging van hul posisie op die internasionale speelterrein. Nogtans, met die bytrek van nuwe lande groei die BOL van 25 tot meer as 100 lede. Die een spitsberaad na die ander vorm 'n ware konferensiebasis vir ontwikkelende lande (Kaïro in 1964, Algiers in 1973, Havana in 1979, Belgrado in 1989...).

Hierdie "mag van die swakkes" (11), met die VN as sy spreekverhoog, dra beslissend by tot die ontwikkeling van die internasionale reg tussen 1960 en 1975 om beter voorsiening vir Noord-Suid-betrekkinge te maak. Reeds in 1957 gebruik 'n Algemene Vergadering-resolusie vir die eerste keer die term "onder-ontwikkeling". Maar dit is veral die totstandkoming van die VN se Konferensie oor Handel en Ontwikkeling (UNCTAD) in 1964 wat die eerste oorwinning vir die Derde Wêreld inlui. "Dekolonisering het die internasionale landskap omvorm," verduidelik Rubens Ricupero, voormalige sekretaris-generaal van UNCTAD, "en dit hou nie alleen die belofte van politieke onafhanklikheid in nie, maar ook van ontwikkeling en maatskaplike geregtigheid vir miljoene individue uit volke wat voorheen vergete gebly het". (12)

Onafhanklikheid bly in werklikheid 'n fiksie as internasionale markreëls bevolkings hul rykdomme ontneem tot die voordeel van buitelandse beleggers. UNCTAD steun Suidelike lande se strategieë vir nywerheidsoutonomie, onder die beheer van openbare owerhede, asook die beleid om invoere uit ontwikkelde lande te vervang met plaaslik vervaardigde produkte. Die konferensie gee aanleiding tot die stigting van die "Groep van 77": hierdie groepering van Derdewêreldlande word 'n middel om hul eise binne die VN te struktureer, en sluit vandag 132 state in.

Bewus van die ekonomiese strik waarin hulle vasgevang is, verkry die hoofde van die BOL tydens hul samekoms in Algiers in 1973 die konvokasie van 'n buitengewone sitting van die VN se Algemene Vergadering in Mei 1974. Gewy aan ontwikkelingsvraagstukke, lewer dit ook kritiek op die wesenlike aard van internasionale verhoudinge. Die Algemene Vergadering erken onder meer dat "dit onmoontlik blyk om 'n harmonieuse en gebalanseerde ontwikkeling van die internasionale gemeenskap teweeg te bring binne die huidige internasionale ekonomiese orde ... [Hierdie orde] is regstreeks in stryd met die ontwikkeling van hedendaagse politieke en ekonomiese betrekkinge" (Resolusie 3201). Aangespoor deur die Suidelike lande maak die vergadering voorsiening vir die daarstel van 'n Nuwe Internasionale Ekonomiese Orde (NIEO) (13).

Derdewêreldlande spreek hulle uit teen domineringsverhoudings wat 'n internasionale gemeenskap en 'n "permissiewe, liberale en onverskillige" (14) reg skep wat ellende legitimeer. 'n Regsreël is blote "fiksie" as dit nie vir ongelykhede in interstaatlike verhoudinge voorsiening maak nie (15). Dit is dus die hele kapitalistiese stelsel en wêreldorde wat in twyfel getrek word. Vir Mohammed Bedjaoui, Algerië se destydse permanente verteenwoordiger by die VN se Onderwys-, Wetenskap- en Kultuurorganisasie (UNESCO), is die saak duidelik: "Almal weet dat die huidige orde 'n groot absurditeit is, en tog word dit met meer kwaadaardigheid as ooit tevore in stand gehou... Die rede is dat daar, naas die antikoloniale en anti-imperialistiese denkwyse, 'n ander denkwyse aan die ontwikkel is wat ook streef na 'n ander soort samehang, uitgedruk in terme van profyt, winsgewendheid, rou realisme en mag" (16).

Die eis vir 'n NIEO word einde 1974 afgesluit met 'n verklaring van die "ekonomiese regte en pligte van state in hul gemeenskaplike betrekkinge". Daarin word uitgestippel: die reg op nasionalisering (wat veral uiting sal vind in die nasionalisering van olierykdomme), transnasionale maatskappye se ondergeskiktheid aan die wette van die gasheerstaat, die regulering van buitelandse beleggings, die reg op beheer oor kapitaal en geldvloei, die reg om buitelandse besittings te onteien, die reg oor natuurlike hulpbronne, die reg op ontwikkeling (17)... Hierdie ekonomiese eise is ook 'n manier vir Derdewêreldlande om aan hul getalsterkte gestalte te gee. Dit lei tot 'n kolossale program van aksie wat ook op voedsel, handel, tegnologie-oordrag en geldeenhede betrekking het.

Hierdie verklarings is egter slegs van politieke waarde en sonder enige afdwingbare regsgesag. Die oorwinning van die liberale model, by name globalisering, onderbreek by die draai van die 1980's hierdie pogings om die internasionale regstelsel te

hervorm. Daarbenewens sal die verdwyning van die Oos-Wes-vyandelikheid die Derde Wêreld sy twee teenwigte ontneem en hom sodoende polities en ekonomies isoleer. Die Derde Wêreld se eise vind wel gestalte in die begrip van internasionale openbare besit, wat deur die Montego Baai-konvensie in 1982 met betrekking tot seereg erken is. Hierdie gedagte is egter nog nie sedertdien opgevolg nie.

Hoewel die Suidelike lande se beweging 'n merkwaardige historiese bydrae tot die anti-kolonialistiese en anti-imperialistiese stryd gelewer het, het die hersiening van die internasionale ekonomies-politiese orde misluk. Met globalisering wat ekonomiese en maatskaplike samewerking lamlê, beweeg ons "van 'n reg van bevryding, solidariteit en hoop na 'n reg van beskerming, meegevoel en onderdrukking met die internasionale humanitêre reg"(18).

Die Noord-Suid-konflik bly egter ongeskonde in die nuwe ekonomiese en handelsorde wat ontwikkelde lande sedert die 1980's afdwing. Nuwe groeperings sien die lig: die G90 wat die uitwis van enige vorm van subsidies vir die uitvoer van landbouprodukte eis, en veral die G20, gestig met die oog op die 5de Ministeriële Konferensie van die Wêreldhandelsorganisasie in Cancun in September 2003. Die G20 - wat nie met sy homoniem wat deur die G8 geskep is (19), verwar moet word nie - bestaan uit ontwikkelende lande en beoog om 'n teenwig vir ongelyke magsverhoudinge in sakeonderhandelings daar te stel.

Reeds tydens die Doha-konferensie in 2001 stuur die Suidelike lande hul groepering van stapel met die stel van sekere eise rakende die staking van landbousubsidies in nywerheidslande, die verhouding tussen buitelandse skuld, ontwikkeling en internasionale handel en die bevraagtekening - al is dit dan net gedeeltelik - van internasionale ooreenkomste vir die beskerming van intellektuele eiendomsreg (TRIPS) rakende openbare gesondheid en toegang tot generiese geneesmiddels.

Sedert sy totstandkoming het die G20 groot belangstelling ontlok en nuwe verwagtings geskep, veral nadat sy kollektiewe optrede die Cancun-konferensie in die wiele gery het. Sedertdien kry die G20 algaande struktuur tydens die ministeriële vergaderings in Brasilia, in Desember 2003, en Sao Paolo, op 12 Junie 2004, by geleentheid van die 11de UNCTAD-konferensie. Hy vestig hom as 'n legitieme en onontbeerlike deelnemer in sakeonderhandelings oor landbou binne die WHO.

G20-lidlande verteenwoordig bykans 70% van die wêreldbevolking en 26% van alle landbou-uitvoere wêreldwyd. Desondanks, afsonderlik gesien, vertoon hulle baie kwesbaar teenoor die Noord-Amerikaanse mag: Latyns-Amerikaanse lande wik en weeg tussen weerstand teen Washington se aanmatiging en vrees vir moontlike vergelding. So het Chili byvoorbeeld 'n vryhandelsverdrag met die VSA gesluit; Bolivia, Colombia, Ecuador, Peru en die lande van Sentraal-Amerika is besig om met die VSA te onderhandel.

Hoe gemaak met die teenstrydige belange tussen die swaargewigte in die G20, soos Indië en Brasilië, en die ander lande? Brasilië is byvoorbeeld 'n vurige voorstander van die oopstel van landboumarkte, selfs al beskerm hy die VSA se ingryping in die landbou. Die armste lande wil op hulle beurt hul produksie teen internasionale mededinging beskerm. Venezuela, onder sy president Hugo Chavez, onderskei hom deur die Bolivariese Alternatief vir Latyns-Amerika en die Karibiese gebied (ALBA) voor te stel, en daardeur weg te breek van die denkpatroon van vryhandel en mededinging. Gebaseer op politieke, maatskaplike, kulturele en wetenskaplike samewerking en solidariteit, is die oogmerk om te vergoed vir strukturele ongelykhede wat ontwikkelende lande met betrekking tot nywerheidslande kniehalter.

In dieselfde gees onderteken mnr. Chavez en 14 (uit die 16) Karibiese staats- en regeringshoofde op 30 Junie 2005 in Puerto la Cruz (Venezuela) 'n ooreenkoms vir die stigting van Petrocaribe, 'n streeksoliemaatskappy wat Caracas in staat stel om dié arm lande van olie te voorsien teen voorkeurtarriewe en met tegemoetkomende betaalvoorwaardes.

Anders as die groeperings van die jare 1960/1970, bevraagteken die G20 nie uitdruklik die internasionale gemeenskap se ekonomiese opset nie, en spreek hy hom nie uit ten gunste van 'n alternatiewe maatskaplike model nie. Hoewel dit mag lyk of Suidelike lande hulle teenoor die aanmatigings van nywerheidslande handhaaf, is dit nog te vroeg om 'n hersamestelling van magsverhoudings en 'n herorganisasie van die internasionale gemeenskap in die vooruitsig te stel. Die G20 vergestalt egter die hernuwing van Suid-Suid-bande waaraan die VN se Algemene Vergadering in 2004 erkenning verleen het met die instel van 'n jaarlikse dag vir samewerking tussen Suid en Suid. (19)

_____

(1) Die G-20 bestaan uit Suid-Afrika, Egipte, Nigerië, Tanzanië, Zimbabwe, Sjina, die Filippyne, Indië, Indonesië, Pakistan, Thailand, Argentinië, Bolivia, Brasilië, Chili, Kuba, Meksiko, Uruguay, Paraguay en Venezuela.

(2) Lees Marie-Pierre Paquin-Boutin, "La nouvelle stratégie commerciale des puissances du Sud", Réseau d'information et de solidarité avec l'Amérique latine, 18 Maart 2005, www.risal.collectifs.

(3) President Hu Jintao het Brasilië, Chili, Argentinië en Kuba in November 2004 besoek. Die staatshoofde van Meksiko, Venezuela, Ecuador, Brasilië, Chili en Kuba het Sjina op hul beurt besoek.

(4) Lees Jean-Christophe Servant, "Die Sjinese aanslag op die Afrika-mark: Teenstrydighede van Suid-Suid handel", *Die Vrye Afrikaan-Intussen* saam met *Le Monde diplomatique,* 18 Mei 2005, http://www.vryeafrikaan.co.za/lees.php?id=223.

(5) In die lewe geroep deur hoofstuk XII (Art. 75 tot 85) van die VN-handves, raak dié stelsel gebiede wat na die Eerste Wêreldoorlog onder mandaat van die Volkebond geplaas is asook gebiede wat deur die lande verantwoordelik vir hul regering (koloniale magte) onder dié stelsel geplaas is. In Afrika in 1955 het slegs Libië onafhanklikheid verkry, terwyl die Goudkus (later Ghana) slegs selfbeskikkingstatus geniet het. Die koloniale mag het ooreenkomste met die Voogdyraad aangegaan.

(6) Lees Jean Lacouture, " Bandung ou la fin de l'ère coloniale ", *Le Monde diplomatique,* April 2005.

(7) Tunisië, Ghana, Maleisiese Federasie, Nigerië, Uganda, Kenia, Tanzanië, Marokko, Guinee, Senegal, Ivoorkus,

Tsjad, Mali, Sentraal-Afrika Republiek, Madagaskar, Algerië, Kongo, Kongo-Zaïre, Rwanda, Burundi, Benin, Burkina Faso, Kameroen, Gaboen, Malawi, Mauritanië, Niger, Sierra Leone, Somalië, Soedan, Togo, Zambië.

(8) Charles Chaumont., *Cours général de droit international public*, Lesings van die Akademie vir Internasionale Reg in Den Haag, 1970, II, p. 345.

(9) Kyk Resolusie 2621 (XXV) van 12 Oktober 1970 en Resolusie 2625 (XXV) van 24 Oktober 1970.

(10) In 1956 besluit Gamal Abdel Nasser, president van Egipte, om die Suezkanaalmaatskappy te nasionaliseer. Die Verenigde Koninkryk, Frankryk en Israel val Egipte aan, maar moet op bevel van die VSA en die USSR die aftog blaas.

(11) Robert Charvin, " Le discours sur le droit international ", *Introduction critique au droit international,* Lyon: Presses universitaires de Lyon, 1984, p. 40.

(12) Aangehaal deur André Linard, "La Cnuced : de la contestation à l'intégration", in *ONU, droit pour tous ou loi du plus fort ?*, Genève: Cetim, 2005, p. 209.

(13) *Declaration on the Establishment of the New International Economic Order (NIEO)*, Resolusie 3201 (VI) S, 1974.

(14) Mohammed Bedjaoui, *Vers un Nouvel Ordre économique international*, Parys: UNESCO, 1978, p. 62.

(15) Jean Salmon, "Le procédé de la fiction en droit international", *Revue belge de droit international*, Brussels, 1974, volume I, p. 35 en ss.

(16) Bedjaoui, p. 93.

(17) Kyk Resolusie 3218 (XXIX), *Charter of Economic Rights and Duties of States*, 12 Desember 1974.

(18) Serge Sur, " Les phénomènes de mode en droit international ", SFDI, Colloque de Paris, *Le Droit international et le temps*, Parys: Pedone, 2001, p. 51.

(19) Dié groep, gestig in 1999, bestaan uit G8-lidlande (die VSA, Japan, Duitsland, Frankryk, die Verenigde Koninkryk, Kanada, Italië en Rusland), sekere groot opkomende lande (Indonesië, Korea, Sjina, Suid-Afrika, Brasilië, Argentinië, Mexiko, Turkye, asook Saoedi-Arabië en Australië) en verskeie internasionale finansiële instellings (IMF, Wêreldbank, Ontwikkelingskomitee, Internasionale monetêre en finansiële komitee).

(20) Resolusie 58/220 wat 19 Desember tot jaarlikse Suid-Suid-Samewerkingsdag verklaar.

LE MONDE diplomatique

Waar is Tsjad se oliegeld heen?

Deur Anne-Claire Poirson*

Olie is vandag Tsjad se grootste bron van uitvoerinkomste, meer as katoen en Arabiese gom. In 2004, die jaar wat hy olie begin uitvoer, win die land 67,5 miljard CFA frank (103 miljoen euro) in (1). Ofskoon sy produksie (200 000 vate per dag) nog gering is vergeleke met dié van die naburige Nigerië (2 miljoen vate), behoort die beoogde ontginning oor die volgende 25 jaar net oor die 2 miljard vate te beloop; 80 miljoen vate word vir 2005 verwag.

Produksie geskied hoofsaaklik in die Doba-streek in die suide van die land: Komé-, Bolobo- en Miandoumvelde, met 'n verwagte 250 boorgate, en rondom Doba, 25 boorgate met waterinspuiting (2). Die Koméveld se produksie het einde Februarie 2004 afgeskop, en sinkoperasies het etlike maande geduur (175 boorgate is in totaal gesink). Dié in die Boloboveld is sedert Augustus 2004 operasioneel. Die konsortium in beheer, wat uit die twee Amerikaanse oliemaatskappye, ExxonMobil en Chevron/Texacco, en die Maleisiese Petronas bestaan, het meer as 63 miljoen vate in 2004 verkoop, hoofsaaklik in Asië en die VSA. Ander oliemaatskappye het belangstelling getoon in moontlike ontginning. (3)

Vergeleke met ander Afrikalande wat olie ontgin of ontdek (4), lê Tsjad se uitsonderlikheid in die manier wat die gegeneerde inkomste bestuur word. Die Wêreldbank, wat die projek deels gefinansier het - totale koste: 3,5 miljard dollar - het op 'n voor-aanwending van die inkomste tot voordeel van sogenaamde "voorkeursektore" aangedring. Gewaarborg deur 'n kontrak tussen die konsortium en die staat, sluit dit opvoeding, gesondheid, landelike ontwikkeling en infrastruktuur in. In weerwil van die geweldige behoeftes is min ontwikkelingsprojekte egter tot dusver goedgekeur, en wel as gevolg van die administratiewe slakkepas. Dit laat 'n mens vermoed dat die groot meerderheid van die bevolking nie daaruit voordeel trek nie, of ten minste nie oor die kort termyn nie. Daarbenewens is die beheerstelsel nie van toepassing op sogenaamde indirekte inkomste (uit maatskappy- en kapitaalbelasting) nie, hoewel dit klaarblyklik byna 45% van die totale inkomste verteenwoordig en direk in Tsjad se openbare skatkis gestort word. In ag genome die militêre en kliekerige aard van die regime aan bewind in N'Djamena, kan 'n mens jou dit afvra of die bevolking werklik uit hierdie fondse voordeel trek.

Sedert hy die diktator Hissène Habré in Desember 1990 uit die stoel gelig het (5), onderneem generaal Idriss Déby demokratiese hervormings sonder om die kwessie van kliekerigheid op te los. Die Grondwet, wat in 'n referendum in 1996 aanvaar is, stel algemene stemreg in en laat vir die eerste keer 'n veelpartystelsel toe. Maar sedert die wetgewende verkiesing in 2002, verteenwoordig die *Mouvement patriotique du Salut* (MPS) - die president se party - 'n oorweldigende meerderheid in die Parlement, met die sewe-en-twintig opposisiepartye as "demokratiese waarborg". Laasgenoemdes, wat dikwels deur etnisiteit en regionalisme gekenmerk word, kort 'n gemeenskaplike strategie en 'n charismatiese leier wat die burgers teen 'n presidensiële magsmasjien kan mobiliseer.

Mnr. Déby word in 2001 herkies, en op 6 Junie 2005 wysig hy met 'n referendum die Grondwet met die oog op 'n een-derde mandaat. Daarbenewens word die media - radio en televisie - streng beheer; slegs die pers geniet 'n mate van spraakvryheid, hoewel die inhegtenisneming van joernaliste 'n algemene verskynsel bly, soos blyk uit die onopgeskorte tronkvonnisse wat twee van hulle op 18 Julie 2005 opgelê is. Die president se etniese groep (Zaghawa) monopoliseer die belangrikste poste aan die stuur van die oormatig groot nasionale weermag (6), 'n oorblyfsel uit die burgeroorlog wat die land regdeur die 1980's in twee geskeur het.

Die betreklike "politieke stabiliteit" word van buite versteur deur die konflik wat sedert 2003 in die naburige Darfour heers (7). Die bemiddeling wat president Déby onderneem het om 'n uitkoms vir die krisis te probeer vind, word sterk teengestaan binne sy eie etniese groep, wat die hoofslagoffer van die konflik is. Daarbenewens laat protesbewegings binne die land hul stem hoor - stakings deur staatsamptenare wat vir maande al nie meer betaal word nie, betogings teen die registrasie van militêre diensplichtiges; die presidentskliek is verdeeld, en die poging tot 'n staatsgreep in Mei 2004 is tekenend van die gespanne klimaat.

Olie het in 2004 'n diepgaande omwenteling in die plaaslike ekonomiese struktuur veroorsaak. Die primêre sektor het met 35% gegroei ten spyte van die swak resultate van die voedselproduserende landbou in 2004-2005. Daarenteen het die byvoordele van die oliebedrywighede, veral in die boubedryf, openbare werke en dienste, getaan met die voltooiing van

---

* *Ekonoom*

** *Uit Frans vertaal deur Sonya van Schalkwyk-Barrois <sonyavs@yahoo.com>*

bouwerk aan die oliepyplyn tussen Doba (Tsjad) en Kribi (Kameroen) en die grootskaalse uittog van buitelandse subkontrakteurs.

Kan hierdie omverwerping van tradisionele ekonomiese kanale geabsorbeer word deur ’n land waar maatskaplike ongelykhede ooglopend is (60% van Tsjad se inwoners leef onder die armoedegrens) en waar streeks- en kliekkonflikte hoogty vier? Heelwat kritiek is al deur plaaslike en internasionale verenigings uitgespreek op die olieprojek se maatskaplike en omgewingsgevolge (8). Die skep van olie-infrastruktuure in ’n oorwegend landboustreek lei tot ontbossing en die verskuiwing van plaaslike bevolkings, wat hierdeur hul voedselproduserende boerderye moet agterlaat. Geruime tyd daarna het nieregeringsorganisasies (NRO) ’n herwaardasie van vergoeding vir die veroorsaakte skade bekom.

Daarbenewens, volgens ’n verslag van die Franse ontwikkelingsagentskap AFD (*Agence française de développement*), bly die stimulerende effek op die arbeidsmark beperk en lyk dit of die projek tot groter voordeel was van die beter gekwalifiseerde Kameroenese en Asiatiese werkers as vir Tsjadiërs self. En, volgens die Amerikaanse organisasie *Catholic Relief Services* (CRS), “is Tsjad, ten spyte van die Wêreldbank en ander skenkers se aandag en steun, steeds nie in staat om die ingewikkeldhede van ’n ekonomie wat toenemend deur olie oorheers word, te hanteer nie”. Die organisasie gee die skuld aan die politieke onstabiliteit wat ondeursigtige bestuur in die hand werk en die feit dat oliekontrakte tussen die ontginnende konsortium en die N’Djamena-regering geheim bly.

’n Liggaam wat beheer en toesig oor oliewinste uitoefen, en wat uit lede van die regering en verteenwoordigers van die burgerlike gemeenskap bestaan, is oplaas op die been gebring om die gesamentlike geldvloei te beheer en begunstigde projekte goed te keur. Maar dié bykomende beslommernis het die stort van winste in die staat se skatkis tot Julie toe vertraag. Daarby is die wetsmaatreëls vir die bestuur van spesiale rekenings (rekenings van die produserende streek en die Fonds vir toekomstige geslagte) asook die kies van die twee handelsbanke wat die fondse sou oordra, vertraag.

In November 2004 is slegs 44 miljard CFA frank uit die City Bank se aflandige trustrekening (9) na Tsjad toe oorgeplaas. Hierdie vertragings kom op ’n tydstip dat die staat met ernstige skatkisprobleme te kampe het nadat die Internasionale Monetêre Fonds (IMF), die Wêreldbank en die Europese Unie hul begrotingshulp opgeskort het weens herhaalde versuime om buitelandse skuld te delg. Die vertraagde inkomste vererger hierdie spanninge en skuif openbare beleggings op die lange baan.

In weerwil van die wêreldwye styging in oliepryse in 2004 (tot 50 dollar per vat in Julie 2004), kom die prys per vat in Tsjad nie by ’n gemiddelde 27 dollar verby nie, wat die totale olie-inkomste - wat tussen die staat en die konsortium op 12,5% van die uitvoerinkomste vasgestel is - afbring tot 67,5 miljard CFA frank vir 2004 (103 miljoen euro). Dié geweldige prysverskil veroorsaak ’n hewige polemiek in N’Djamena. Oliemaatskappye blameer die betreklik swak gehalte van die ru-olie, wat die vervoerkoste sou opstoot (viskose olie vloei stadiger deur ’n pyplyn) en ’n ernstige onderwaardasie (6 tot 9,8 dollar per vat tussen die eerste en die tweede helfte van 2004) tot gevolg sou hê. Ten einde die prysvasstellingstoestande op te klaar, kondig die regering ’n oudit af.

Die behoeftes is groot: Tsjad is een van die lande in Midde-Afrika met die gebrekkigste infrastruktuur - skaars 12% van die hoofstad se elektrisiteitsbehoeftes word gedek, en kragonderbrekings is algemeen; watertoevoer word gereeld onderbreek; bitter min paaie is geteer en altesaam 15 kilometer paaie moet nog in die hoofstad oopgemaak word; administratiewe geboue is om die minste te sê bouvallig, en so meer. Op die gebied van gesondheid en onderwys moet personeel met ’n skreiende tekort aan opleiding en toerusting klaarkom. Op landbougebied lyk sekere tradisionele sektore wat uit die koloniale era oorgebly het en nog op die outydse manier bedryf word, wankelrig (veral Arabiese gom en katoen); ander kort beheer, soos veeteelt waarvan 80% uit informele grenshandel met Nigerië bestaan, wat ’n inkomsteverlies van ongeveer 1 miljard CFA frank vir die Staat beteken. Laastens behoort die verwerking van grondstowwe soos grondboontjies, mango’s en vee aangemoedig te word.

Slegs ’n gedeelte van die olievoorskotte kon behoorlik aangewend word: 27,7 miljard CFA frank (42,3 miljoen euro) uit die beoogde 36,8 miljard (56,2 miljoen euro), weens ministeriële instansies se onvermoë om ’n langtermynbeleid vir die onderskeie sektore uit te werk. Anders as in ander Afrikalande wissel Tsjad se ministeriële personeel taamlik gereeld: ’n minister bly gemiddeld nie langer as ses maande in sy amp nie. Gevolglik bly hul inset gering en word daar maar min projekte by die Beheerraad voorgelê en goedgekeur.

In totaal is 36 markte in 2004 in voorkeursektore toegestaan en van stapel gestuur, waarvan agt in geheel betaal is. Openbare werke kry die leeueaandeel met meer as 23 miljard CFA frank (35,1 miljoen euro) toegestaan vir paaie, terwyl die ministeries van gesondheid, veeteelt en landbou, minder ervare in tenderprosedures, slegs ’n geringe deeltjie van die voorskotte kon bekom.

Totale voorskotte van 5 miljard is uit 2004 oorgedra na die 2005 begroting, in toevoeging tot die 125 miljard CFA frank van verwagte oliebelasting - bereken volgens die 80 miljoen uitgevoerde vate. Maar die skuld lê nie net by Tsjad nie: as koördineerder van die projek het die Wêreldbank klaaglik versuim in die opleiding van plaaslike administratiewe personeel, en het hy hom geheel en al uit die besluitnemingsproses onttrek. Oor die algemeen het borge deur die jare heen openbare owerhede oral in Afrika verwaarloos en geminag.

Die stelsel waarvolgens oliewinste vir voorkeursektore aangewend word, sou ’n doeltreffende middel in die stryd teen armoede kon wees deurdat dit openbare beleggings kanaliseer. Maar dit gee ook die Wêreldbank indirekte beheer oor die oliebestuur met sy deelname aan die daarstelling van die betrokke

instansies (die beheerraad en twee handelsbanke). Daarbenewens is vraagstukke soos die betrokke state se vermoë om sulke bedrae te absorbeer, en hul tegniese en menslike vermoëns om 'n toepaslike openbare beleid uit te werk, nog geensins opgelos nie.

———————

(1) Ekonomiese gegewens in hierdie artikel is afkomstig van die Bank van Midde-Afrikastate (BEAC).
(2) Die ontginde olie word geskei van die water wat dit bevat. Dié water word behandel - die sand en vaste deeltjies word daaruit gehaal - en dan deels (10%) in die boorgat terug gespuit om die olie se viskositeit te verminder en dit meer vloeibaar te maak.
(3) In die lente van 2004 is 'n tweede H-permit (vir die soek, nasporing en ontginning van koolwaterstowwe) toegestaan aan 'n konsortium bestaande uit die maatskappye Encana (Kanada), Cliveden (Groot Brittanje) en China National Petroleum Corporation (Sjina). Total-Elf, wat in 1999 onttrek het, stel belang in die grensgebied met Libië, in die noordooste van Tsjad.
(4) Lees Jean-Christophe Servant, "Offensive sur l'or noir africain", *Le Monde diplomatique*, Januarie 2003.
(5) Hissène Habré word ook aangekla in 'n Belgiese regsondersoek na die skending van menseregte. http://www.hrw.org/justice/habre/
(6) 30 000 tot 50 000 man sterk vir agt miljoen inwoners.
(7) Lees Jean-Louis Peninou, "Désolation au Darfour", *Le Monde diplomatique*, Mei 2004 en Gérard Prunier, "Ooreenkomste met die Suide, oorlog in Darfoer: Brose, gedeeltelike vrede in Soedan", *Die Vrye Afrikaan-Intussen saam met Le Monde diplomatique*, 11 Februarie 2005, http://www.vryeafrikaan.co.za/lees.php?id=132.
(8) Survie, Agir ici, Greenpeace, Environmental Defense Fund, Les Amis de la Terre, Cefod, Ecovox (Kameroen).
(9) 'n Rekening by 'n internasionale finansiële instansie wat vir 'n staat buite sy landsgrense oopgemaak word.

LE MONDE *diplomatique*

Don Quijote in Tangier

'N ONGEPUBLISEERDE KORTVERHAAL DEUR TAHAR BEN JELLOUN* HIERMEE VIER *DIE VRYE AFRIKAAN* OOK DIE VIERHONDERDJARIGE HERDENKING VAN DIE VERSKYNING VAN DIE EERSTE DEEL VAN MIGUEL DE CERVANTES SE *DON QUIJOTE*.

Daar was eenmaal 'n historikus in die fleur van sy loopbaan. Sy naam was Benengeli, Ben vir sy vriende en vir die doeleindes van hierdie verhaal. Een oggend wat die tyd kop verloor het, is Ben te voet na Kaap Spartel. Hy het na die see gekyk en opgemerk dat die wind dinge se kleur verander. Die berg het oud geword. Hy het soos 'n gelate dromedaris gelyk. Die huise het inmekaar geval. Slegs die tyd was onverskillig teenoor die wind en die mense se stemming. Die hemel het ook vreemd gelyk, selfs al is die wolke rondgegooi deur die woeste windvlae uit die ooste. Wat sal Tangier wees sonder die oostewind wat die strate en die oë was, wat die lug skoonmaak van muskiete en ander vlieë van die Suide wat skeelhoofpyn gee en die orde van dinge ontwrig?

Ben het regop gestaan oorkant die Spaanse kus, wat 'n mens duidelik kon sien op hierdie lou sonskyndag. Hy was op die noordelikste punt van Afrika, net daar waar die Middellandse See en die Atlantiese Oseaan mekaar ontmoet. Oorkant is Spanje. Die Spanjaarde begin wakker word. Hulle is almal buite om die Vindingryke *Hidalgo* Don Quijote van La Mancha te sien verby gaan. Meneer Miguel de Cervantes is terug. Sy reis het nagte en eeue geduur. Hy het in oneindige gebiede gestap, slae gelewer, kinders en vroue gered, verdwaal en weer sy pad gevind, verhale van ou ridderskap opgegrawe, en homself gevoed met woorde, baie woorde, tonne lettergrepe en duisende blaaie wat geskryf is deur onbekendes, anoniemes, duisende boeke gered van die brandstapel. Hy het net so skraal, net so slank en net so ruimhartig gebly as die dag wat hy homself die sending gegee het om geregtigheid in die verhoudings tussen mense te bring. Op daardie dag het 'n vlieg afkomstig uit Indië hom gesteek. Sommiges het gesê die vlieg was rooi, ander weer dat hy groen en bowenal giftig was. Hy het opgestaan, die klere aangetrek van 'n ridder uit 'n dorpie waarvan niemand meer die naam geken het nie en besluit om die hersteller van alle ongeregtigheid te word. Seker van homself, sy tred ferm, sy blik reguit en sonder 'n sent in sy sak het hy 'n paar van die euwels wat hy besluit het om te beveg, gelys. Wat 'n onderneming! Hy sou meer as een lewe moes hê om hierdie edele taak af te handel. Hy sou 'n ryk verbeelding, vrugbare ruimhartigheid en manjifieke geduld moes hê om dié projek deur te voer. God het hom 'n oneindige en ewige lewe gegun. Hierdie goddelike aandag was welverdiend ten einde te herstel wat God of soms die Duiwel mense laat aanvang het.

Hy het soveel boeke geëet dat hy slegte spysvertering gekry het. Hy het sy uitsprake deurspek met poësie en vertellings wat 'n geur van avontuur en waansin afgegee het. Mens moes agter hom aanhardloop om sy uitvloei te volg, die nuanses van sy uitinge te begryp. Uit die kartonbuiteblaaie van die boeke het hy vir hom 'n swaard gemaak. 'n Simboliese wapen. 'n Skynsel van 'n wapen.

Ben het gewag. Hy het geweet dat Meneer de Cervantes uiteindelik in hierdie laatsomer die grond van Tangier sou betree. Hoekom sou hy na hierdie stad met sy vervloë sjarme kom, met sy kweek van rommelmites en -legendes, 'n stad vir besluitlose toeriste? Want Tangier het 'n tydperk geken toe elke nasie sy baken hier kom plant het, sommiges 'n boom, ander 'n konsulaat vir eenoogspioene en alkoholisskrywers. Want Tangier het 'n glorieryke tydperk beleef toe hy vertonings gelewer het in 'n teater wat tussen die Muur van Langsaamheid en die vismark gelê het, 'n grandiose teater met 'n verruklike vooraansig, 'n teater wat 'n bioskoop geword het waar peplums en rillers op 'n skerm gewys is wat al lank nie meer wit was nie, 'n duister saal waar minnaars in die donker omgang gehad het en uit die hoek van hul oog na Indiese musiekblyspele gekyk het... Die Teatro Cervantes!

Onder die druk van enkele Tangiere bedroefd oor die toestand van dié monument, het Ben ingestem om 'n brief aan mnr. Miguel de Cervantes te skryf en hom te vra om persoonlik na die vervallenheid van die teater te kom kyk, in die hoop dat sy besoek die owerhede sou aanspoor om dit te restoureer. Dié keer het dit nie gegaan om die herstel van 'n onreg teenoor 'n kind of 'n vrou nie, maar teenoor 'n plek, 'n monument, 'n gebou wat kunstig ontwerp is maar nou verwaarloos, vergete, versmaai was.

Ben het hom geskaam dat hy die Swerwende Ridder gesteur het om hom na 'n bouvallige teater te laat kom kyk... Boemelaars het hulle behoeftes hier gedoen. Die stank het tot by Pasteurboulevard getrek, verby die El Minzah-hotel, nóg 'n mitiese baken gewy aan middelmatigheid sedert die eienaars dit aan 'n Irakees verkoop het wat onder die diktatuur van 'n sekere Saddam Hoessein ryk geword het! Skande. Want rotte het die teater hul blyplek gemaak. Elke aand speel 'n dieretoneelstuk hom af waar mense as narre uitgebeeld word, vuil en onwaardig. Die rotte het 'n akkoord aangegaan met rondloperbrakke, waarskynlik

---

* *Skrywer (1944, Fes, Marokko). In Junie 2004 ontvang hy in Dublin die International Dublin Impac Literary Award, een van die wêreld se mees toonaangewende literêre toekennings.*

** *Uit die Frans vertaal deur Johann Rossouw en Sonya van Schalkwyk-Barrois <sonyavs@yahoo.com>*

deur hondsdolheid uitgemergel. Hulle voorsien hulle van kos, en in ruil hou laasgenoemdes indringers weg uit dié Mekka van kultuur. (Bakteries, natuurlik).

Maar mnr. De Cervantes hoef nie al dié besonderhede te weet nie. Hy sou na Tangier toe kom vergesel van sy vriend Sancho Panza, wat intussen werk in 'n sirkus van die Blou Sterre-geselskap gekry het. Daar was dit sy taak om "onregte" hok te slaan, onregte synde diere van 'n taamlik wydverspreide spesie wat op iets tussen 'n aap en 'n mens lyk. Sancho had heelwat hooi op sy vurk, want die onregte se getalle en bedrywigheid neem toe in die land.

Ben het die saak deeglik benader. Hy het die reis en veral die verwelkoming voorberei van hom wat soms Miguel de Cervantes heet, soms Don Quijote. Ben het jare bestee aan die vertaal van die twee volumes van Die Vindingryke Hidalgo Don Quijote van La Mancha. Hy het die 1605-uitgawe besit wat hy 'n besonder knap stuk werk gevind het. Maar Ben se probleem was dat hy 'n historikus is, nie 'n romansier nie, en nog minder 'n digter. Tog wy hy hom aan die teks met 'n jubeling wat sy gesin tot kommer stem. Wanneer hy hom in sy studeerkamer toemaak, omring van woordeboeke en ensiklopedieë ten einde 'n getroue vertaling van die teks te verseker, hoor 'n mens hom dikwels uitbars van die lag. Mouzah, sy vrou, haas haar dan na sy kantoor, klop aan die deur, vra of alles in die haak is, bied aan om vir hom 'n glas water of 'n koppie kamilletee te bring om hom te kalmeer. Hy antwoord haar nie maar sit 'n demper op sy laglus.

Ben het die bladsye gelees en oorgelees, getalm, elke sinsnede geproe. Hy het gehuil soos hy lag, wat die vertaalwerk vertraag het. Hy het hom aan dagdromery oorgegee en vergeet om te eet. Nogtans word hy nie honger nie en voel hy nie of hy etes oorslaan nie. Wanneer sy vrou bekommerd raak, sê hy vir haar: "Jy weet, ek is soos ons toekomstige gas, ek verkies om my met heerlike herinneringe te voed!"

Mouzah was oortuig dat sy deel is van hierdie heerlikhede wat Ben handevrywend verorber het. Maar, soos sommige historici geneig is, het Ben graag die historiese waarheid nek omgedraai en feite en herinneringe uitgedink wat sou kon wees. Hy het sy vrou geroep en aan haar hierdie sinne gelees wat deur Cervantes geskryf is: "'n Goeie vrou is soos 'n spieël van kristal, helder en blink, en die geringste asem kan haar laat verdof en vertroebel. 'n Mens moet met haar omgaan soos met 'n reliek: haar aanbid en haar nie aanraak nie. 'n Mens moet haar bewaar en bewonder soos 'n mens 'n mooi tuin vol rose en allerlei blomsoorte bewaar en bewonder..."

Mouzah het laggend vir hom gesê: "Ek sou graag 'n tuin wou wees, maar 'n tuin vol geure, bewandel deur jou begeerte en jou wens om my te besit, selfs al verloor die blomme al hulle blare!"

Nie alleen vertaal Ben Cervantes se werk uit Kastiliaans in Arabies nie, hy kry ook die tyd om 'n parallelle verhaal te skryf wat hy aan sy vriend wil gee, uit Arabies in Kastiliaans vertaal. So sal Cervantes later erken dat dit einste Sidi Ahmed Benengeli was wat hom die inspirasie vir sy boek se titel gegee het.

Die wind waai met buitengewoon sterk. Hortjies en deure klap. Die meeue raak dronk, die wolke val hulle te pletter in oneindige skuim. Vissers klou aan hul skuit vas, kuswagte fluit en polisiebeamptes gaan by die vuurtoring in om te rook.

Ben skryf. Cervantes wag tot dit stiller raak om aan boord te stap. Hy staan op die kaai van Tarifahawe. 'n Advertensiebord roem hom op die vinnige oortog: "Slegs dertig minute tussen Europa en Afrika".

Intussen gaan sien Ben se vrou die wali, super-goewerneur van die streek, om hom te oorreed om 'n onthaal ter ere van mnr. Cervantes te hou.

"Meneer wie?"

"Miguel de Cervantes, skrywer van Don Quijote van La Mancha."

"Skeer u die gek met my? Don Quijote bestaan nie, dis 'n versinsel, 'n metafoor om te sê iemand baklei teen windmeule."

"Dis nie Don Quijote wat kom nie, dis die ridder wat hom geskryf het."

"Hy gaan kom dwaal deur ons vuil strate wat oorloop van skelm smouse omdat die winkeleienaars nie hul belasting betaal nie, omdat die raadslede van die munisipaliteit net in hulle eie sake belangstel en vere voel vir die stad se higiëne en sy inwoners se welstand?"

"Nee, mnr. De Cervantes kom kyk na die toestand van die teater met sy naam. Die stad en sy probleme sal vir die duur van sy besoek uitgewis word. Hy sal hulle nie sien nie. By die hawe sal hy op die perd klim wat die Gilde van die Roosblaar vir hom voorberei het. Vandaar sal hy reguit na die ingang van die teater gaan. Daar kan u 'n toespraak hou. Ons sal vra dat u voor mnr. De Cervantes 'n bladsy uit Don Quijote in Arabies lees. Daarna verdwyn u stilletjies."

"Wat? Daar is 'n teater in Tangier en ek weet dit nie?"

"Daar *was 'n* teater, 'n pragtige plek wat deur die Spanjaarde gebou is toe hulle die noorde van Marokko beset het; dis om die waarheid te sê die enigste kulturele bouwerk wat hulle in hierdie stad nagelaat het; daar is wel die hospitaal en die politegniese instituut by die Beesmark, maar 'n mens kan dit nie vergelyk nie."

"In Arabies lees? Ek sal liewer in Frans lees. Ek hou nie van belaglikheid nie. En buiten dié beproewing, wat kan ek vir u doen?"

"Vir die groot skrywer Miguel de Cervantes 'n mooi onthaal reël in die goewerneurswoning op die Ou Berg."

"Skeer u nou die gek met my? Toe ek op hoërskool was, het ons 'n paar bladsye uit *Don Quijote* bestudeer. Ek onthou dit nog. Wil u my wysmaak dat dié meneer wat drie eeue gelede gelewe het, vandag vir ons kom besoek? Terwyl ons nou hier is, hoekom nie sommer vir Garcia Lorca, Picasso, Dali en 'n klomp ander oorledenes nooi nie?"

"Meneer Miguel de Cervantes arriveer sodra die oostewind gaan lê."

"Ek neem aan hy kom op 'n vlieënde tapyt."

"Reken, ons het daaraan gedink. Sy werk toon 'n sekere ooreenkoms met *Die Duisend-en-Een Nag*, maar die mense by die Weerburo het ons afgeraai. Té gewaagd vir 'n tenger man soos mnr. De Cervantes. Ons het toe besluit op 'n vinnige seevliegtuig, u weet,

die een wat in dertig minute die Straat van Gibraltar oorsteek."

"Hoe moet ek aantrek?"

"'n Wit djellaba, rooi fes, geel pantoffels."

"Ek laat weet die Minister van Kultuur!"

"Asseblief tog nie, mnr. De Cervantes verafsku verpligtings en holle praatjies."

Die *wali* klim in sy motor en vra sy bestuurder om hom by Pasteurboulevard af te laai, reg voor die Parys-kafee. Hy loop alleen in Anoualstraat af tot by die Teatro Cervantes. Hy laat hom lei deur die reuk van urine. Toe hy voor die fasade kom wat eens baie mooi moes gewees het, druk hy sy neus toe en leun vooroor om te sien wie in die ingang byeengekom het. Daar is iets van alles. 'n Dooie kat, twee gestorwe rotte, dosyne sakke vullis, 'n ou stoel van yster, 'n historiese karakter se kostuum van motgevrete materiaal...

Hy voel gewalg en bedruk. Die spul moet so gou moontlik opgeruim word. Die *wali* betaal Afrikane sonder permitte, kandidate vir die onwettige oorsteek van die Straat van Gibraltar, om die teater oornag skoon te maak. Uit sy motor hou hy self die operasie dop; hy lees *Don Quijote* terwyl hy 'n oog hou oor wat die Afrikane doen. Die volgende oggend is alles weer skoon.

Drie dae later gaan die wind lê. Die see is stil. Die bome tel hulle takke. Die voëls herbou hulle neste. Die lug is blou. Die see blink soos 'n spieël wat die lug sou kon opvang. Ben en Mouzah is gereed. Die *wali* ook, wat by die historikus se huis opdaag met 'n militêre verkyker in die hand. Hulle klim almal op na die terras om die horison te fynkam. Mnr. Miguel de Cervantes is op pad.

Hy arriveer nie alleen nie. Hy word vergesel van Sancho, die skone Zorha, laasgenoemde se vader, Hadj Mourad, klaarblyklik omgekrap omdat sy dogter tot die Christendom bekeer is, Lalla Marien (wat vandag Mariëm geskryf word), wat vir die tragedie verantwoordelik is, en tweelingbroers wat verstommend baie op haar lyk.

Sewe kanonskote kondig mnr. De Cervantes se aankoms aan. Die verkeer is tot stilstand gebring. 'n Blaasorkes lei die konvooi. Cervantes gaan te voet, wend sy oë op om na die vroue op die balkonne te kyk. Ben en Mouzah sal hom by die ingang van die teater verwelkom. Voor die oorblufte skare slaan die *wali* volume II van *Don Quijote* op bladsy 450 oop en dra voor:

"Welkom in ons stad aan hom van wie ek getuig dat hy die spieël, die lig, die ster, die gids van swerwende ridderskap is! Welkom aan die ridder Don Quijote van la Mancha; nie die valse, die fiktiewe, die apokriewe een wat onlangs in 'n leuenagtige verhaal aan ons voorgehou is nie, maar die enigste, die ware, die regmatige: hom wat Sidi Ahmed Benengeli, gesiene historikus hier teenwoordig, aan ons beskryf!"

Na 'n oomblik van stilte en verbystering lewer die groot skrywer 'n toespraak soos in die goeie ou tyd:

"Hy wat die regte boom kies, sal deur goeie skaduwee gedek word. Ek was gelukkig om die regte boom raak te loop, die een van dronkheid en verbeelding, die een wie se vrugte moed en dapperheid gee, die een wat ons gees voed met drome en skoonheid. Ek het die geskiedenis oorgelaat aan die wette van vergetelheid. Ek is net 'n boek, 'n groot werk wat deur die tyd versin is, wat deur die lewe geskryf is. Ek weet dat boeke ons vryheid is, al beweer sommiges dat hulle blote leuens is. Boeke stel ons in staat om 'n fort of 'n skitterende paleis oop te sluit, met mure van suiwer goud, kantele van diamante, deure van hiasinte... En dit is nie al nie. Hoewel ek heengegaan het, het die dood nie geseëvier nie. Vaarwel my vriende!"

En hy vertrek weer soos hy gekom het. Hy verdwyn in die see net toe die oostewind opkom om vir hom te waai soos hy verbygaan.

Die Vrye Afrikaan (www.vryeafrikaan.co.za) word uitgegee deur die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK). Dit verskyn elke derde Vrydag van die maand, met inbegrip van die Afrikaanse mini-uitgawe van *Le Monde diplomatique*. Intekening kos R30 per maand vir die papieruitgawe, en R20 per maand vir die elektroniese uitgawe. Rig korrespondensie aan *Die Vrye Afrikaan*, Posbus 675, DURBANVILLE, 7551 of aan redakteur@vryeafrikaan.co.za.

Redakteur: Johann Rossouw, skrywer en spesialis in die filosofie van die tegniek, navorsings- en kommunikasiebeampte van die FAK.

Redaksionele raad:
Hennie de Wet, besturende direkteur van die FAK en voorheen hoofonderwyskundige van die Gauteng Onderwysdepartement
Pieter Duvenage, besoekende professor in filosofie aan die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, Port Elizabeth en skrywer van onder meer *Habermas and Aesthetics*
Hermann Giliomee, buitengewone professor in geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch en skrywer van onder meer *Die Afrikaners*
Danie Goosen, mede-professor in godsdienswetenskap aan die Universiteit van Suid-Afrika, voorsitter van die FAK en skrywer van tientalle akademiese en koerantartikels
Roland Henwood, lektor in politieke wetenskap aan die Universiteit van Pretoria, ondervoorsitter van die FAK en mederedakteur van *Hydropolitics in the Developing World: A Southern African Perspective*
Kallie Kriel, verantwoordelik vir Solidariteit se Gemeenskapsalliansie en mederedakteur van *Struggle Rugby*
Koos Malan, mede-professor in regte aan die Universiteit van Pretoria en spesialis in regsfilosofie, staatsreg en minderheidsvraagstukke
Lawrence Schlemmer, direkteur van die Helen Suzman-stigting asook Markdata en mederedakteur van onder meer *Kruispad*
Marinus Schoeman, senior lektor in filosofie aan die Universiteit van Pretoria en skrywer van *Generositeit en Lewenskuns: Grondtrekke van 'n post-Nietzscheaanse etiek*

Redaksie:
Elirea Bornman, mede-professor in kommunikasiewetenskap aan die Universiteit van Suid-Afrika, spesialis in kwessies van etniese en maatskaplike identiteit
Carel (iv) Boshoff, gemeenskapsaktivis van Orania en skrywer van tientalle akademiese en koerantartikels
Francois Bredenkamp, navorsingsdirekteur van die Garankua-kampus van die Tshwane University of Technology, spesialis in Middeleeuse Bisantynse politiek en vertaler van Markus Aurelius se *Bepeinsinge*
Ampie Coetzee, emeritus-professor in Afrikaans aan die Universiteit van Wes-Kaapland en skrywer van onder meer 'n *Hele os vir 'n ou broodmes*
Heilna du Plooy, professor in Afrikaanse en Nederlandse Letterkunde op die Potchefstroomse kampus van die Noordwes-universiteit en skrywer van onder meer die digbundel *In die landskap ingelyf*
Amanda du Preez, senior-lektor in beeldende kunste aan die Universiteit van Pretoria en mederedakteur van *South African Visual Culture*
Deon Geldenhuys, professor in politieke studies aan die Universiteit van Johannesburg en skrywer van onder meer *Internasionale Isolasie: Suid-Afrika in vergelykende perspektief*
John Miles, skrywer van *Die Buiteveld* en etlike ander romans
Desmond Painter, lektor in sielkunde aan die Universiteit van Stellenbosch en spesialis in maatskaplike en kulturele sielkunde
Dioné Prinsloo, senior-lektor in geskiedenis aan die Universiteit van Suid-Afrika en spesialis in die geskiedenis van vroue in Suid-Afrika in die 20ste eeu, asook Afrikaanse kultuur

Taalversorger: Susan Roets <sroets@surething.co.za>
Uitlegredakteur: Hermien Brits <kbrits@mweb.co.za>
Grafiese kunstenaar: Elsabe van Niekerk <elsabe27@gmail.com>